# GEREFORMEERDE KERKREG:

# 'n HERMENEUTIESE PERSPEKTIEF


**deur**

**VERNON CLAUD DICKASON**


**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening**

**aan die vereistes vir die graad van**

**Magister in Ekklesiologie (Kerkreg)**

**in die Fakulteit Teologie**

**aan die Universiteit van Stellenbosch.**


Pectora roborant cultus recti


**Studieleier: Dr. M.A. Plaatjies-Van Huffel**

**Desember 2011**

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

_____

V.C. Dickason

Datum: 1 September 2011

Kopiereg © 2011 Universiteit van Stellenbosch.
Alle regte voorbehou.

**GEREFORMEERDE KERKREG: 'n HERMENEUTIESE PERSPEKTIEF**

**OPSOMMING**

Hierdie tesis ondersoek en bewys die eiesoortige hermeneutiese aard van die Gereformeerde kerkreg, in vergelyke met ander reg. Die ondersoek val soos volg uiteen:

**Hoofstuk 1**

Die metodologiese aanpak van die studie is van deurslaggewende belang by die ondersoek na 'n eiesoortige hermeneutiese karakter by die kerkreg. Daar word 'n duidelike keuse gemaak vir 'n navorsingsmetodologie wat die tese sal valideer. Die *eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg*, met insluiting van die temas- *bestaansreg van die* kerkreg, asook *die eiesoortigheid van die kerkreg*, is oortuigende argumente vir 'n teologies-kerkregtelike aanpak, met 'n sterk ekklesiologiese onderbou.

**Hoofstuk 2**

Hoofstuk 2 van die studie fokus in twee dele op (i) die *bestaansreg van die kerkreg*, asook (ii) *die eiesoortigheid van die kerkreg*, in 'n poging om die studie *in toto* te kwalifiseer, asook om bruikbare elemente te identifiseer- wat kan bydra tot die vraag na die eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg. Daar word uitgegaan van die opvatting dat indien kerk en reg saam kan bestaan, die fokus kan aanskuif na die volgende tema in lyn met die tese van die studie, nl. die eiesoortigheid, oftewel unieke karakter van die kerk se reg.

Vanuit 'n Gereformeerde perspektief blyk dit duidelik (in deel 1) dat kerk en reg wel bestaanbaar is en nie 'n *contradictio in terminis* nie. Kerkreg kan as behorend tot reg in eie sin beskou word, aangesien die reg die gestalte van die genade is (teenoor die opvatting dat reg en genade mekaar uitsluit). Kerk en reg se saambestaan, is kwalifikasie vir die vraag na die unieke karakter van die kerkreg.

In deel 2 is dit duidelik dat die kerkreg 'n eiesoortige reg (*ius sui generis*) is, wat in en vir die kerk as eiesoortige gemeenskap beoefen word. Die argument voorts is dat die kerk, die objek van die reg is, en dat die eie karakter van die kerkreg blyk uit die geloofsgemeenskap- wat die "maaksel van God" is, en haar laat regeer deur Christus- haar Heer en Koning.

**Hoofstuk 3**

Die kerkorde (soos die Bybel en alle regstekste) is onderhewig aan hermeneutiese reëls, wanneer dit kom by die uitleg daarvan. Beide die teologiese en regshermeneutiek is nie geïsoleerde dissiplines nie, maar maak ’n inherente deel uit van ’n algemene hermeneutiek vir die geesteswetenskappe. Kerkregtelike tekste is dus onderhewig aan dieselfde hermeneutiese prosesse as ander regstekste. Die hermeneutiek van die kerkreg toon ’n eie karakter vir sover dit rekenskap hou met die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Regstekste moet gelees word teen die agtergrond van die gemeenskap wat dit as sulks gesanksioneer het. Die kerk se reg verskil dus van die reg in ander gemeenskappe. Die eie aard van die Christelike gemeente hou dus formele konsekwensies in vir die hermeneutiek van die kerkreg.

Verder veronderstel ’n hermeneutiese lees en gebruik van die kerkorde verskeie hulpmiddels- wat tot diens van die interpreteerder kan wees. Na aanleiding van die verskeie hermeneutiese metodes, blyk dit dat daar ’n ingewikkelde samespel aanwesig is by die kerkreg- tussen die kerk, kerkordelike-reël en die Skrif.

**Hoofstuk 4**

Ten slotte word die hipotese van die studie beoordeel en bevestig, na aanleiding van die gevolgtrekkings wat gemaak is in die voorafgaande hoofstukke- elk met ’n eie bepaalde tema, wat direk verband hou met die eind-resulterende validasie van die tese.

**SLEUTELWOORDE:**

- **Kerkreg**
- **Reg**
- **Hermeneutiek**
- **Eiesoortige karakter**
- **Gemeenskap**

**REFORMED CHURCH POLITY: A HERMENEUTICAL PERSPECTIVE**

**ABSTRACT**

This thesis examines and proves the distinct characteristic of the hermeneutics of Reformed church polity, with regard to other jurisprudence. The study is set out as follows:

**Chapter 1**

The methodological approach used is of cardinal importance in the research of a distinct hermeneutical characteristic associated with church polity. A clear choice is made for a research methodology which validates the thesis. This thesis opts for a theological and church political study with an ecclesiological foundation.

**Chapter 2**

Chapter 2 is divided into two sections or themes: (i) *Whether church and law can coexist* and (ii) *the unique characteristic of church polity*. These two themes qualify the study *in toto*, whilst (at the same time) identifying useful elements that can assist in exploring the question of a distinct hermeneutical characteristic associated with Reformed church polity. It is argued that if church and law can exist together, the focus of the study can shift to the next theme in accordance with the thesis, namely the distinct characteristic of Reformed church polity.

Judged from a Reformed perspective, it is clear (derived from part 1) that church and law can coexist and therefore is not a *contradiction in terminis*.

Derived from part 2, it is clear that church polity has a unique character (*sui generis*), which is practiced in and for the church as a unique community. The argument of the thesis is that the church is the object of the law, also that its unique character resides with the faith community- which is the creation of God, which in turn enables Christ to rule the church- as her Lord and King.

**Chapter 3**

As with the Bible and all legislation- the church order is subject to hermeneutical rules. The hermeneutics associated with theology and legislation are not isolated dissiplines, but form an inherent part of a general hermeneutics for the human sciences. The texts associated with church polity are therefore subjected to the same hermeneutical processes as other legislative texts. The hermeneutics associated with church polity possess a unique characteristic, with regards to the community in which it functions. Legislative texts should be read within the context of the community that sanctioned it. Church order then differs from the legislation of other communities. Hermeneutics, and the methods associated with it, can therefore assist the interpreter in reading a church order.

**Chapter 4**

In the concluding chapter the hypothesis of the study is evaluated and verified in accordance with the conclusions reached in the preceding chapters- each with its own particular theme and relevance to the end-result and validation of the thesis.

**KEYWORDS:**

- **Church polity**
- **Jurisprudence**
- **Hermeneutics**
- **Peculiar character**
- **Community**

## WOORDE VAN DANK

As eerstejaar student (2008) aan die Universiteit van Stellenbosch het ek reeds gedroom van die dag wat ek 'n Magister-tesis suksesvol sou voltooi. Die energie waarmee hierdie tesis aangepak en voltooi is, *joule* dus reeds vanaf daardie dae. Die *ius constitutum* en die *ius constituendum* het ter *elfder-uur* hul opwagting in my teologiese opleiding gemaak: Gedurende die finale semester van my BTh-studie (2010) het ek kennis gemaak met die vakwetenskap kerkreg, asook die *voorlopers van* hierdie wetenskap (op wie se skouers kerkregskundiges deur die eeue heen staan). *Hiervoor sal ek altyd dankbaar wees!*

By die voltooiing van hierdie studie wil ek met innige waardering, erkenning gee aan die volgende persone en instansies:

- Dr. Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel (van die U.S.), wat my aan die vakwetenskap kerkreg voorgestel het. Sy is 'n uitnemende dosent wat oor die eienskap beskik om enige studiemateriaal planmatig af te baken en op metodiese en verteerbare wyse aan te bied. Op besondere wyse het sy my deurlopend bygestaan met hierdie studie.
- Die Universiteit Stellenbosch, wat op aansoek 'n geldelike beurs aan my toegestaan het. Daarsonder sou hierdie studie nie moontlik wees nie. (Standpunte en gevolgtrekkings in hierdie werk is dié van die skrywer, en moet nie beskou word as dié van die Universiteit Stellenbosch nie).
- My tuisgemeente, die NG Kerk Jeffreysbaai- vir hul getroue finansiële ondersteuning gedurende die laaste vier jaar. So ook die Oos-Kaap Sinode en die NG Kerk*sonder*mure (Centurion) vir bykomstige finansiële ondersteuning.
- My familie, wat altyd *opgewonde* bly gló het.
- My vrou Jana, saam met wie ek elke dag wil aanpak. Jy beteken vir my meer as wat enige woorde kan beskryf.
- Aan God alleen die eer! - *Hy wat orde skep, uit die chaos…*

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE**


1.1. Navorsingsaanloop en bykomende opmerkings bl. 11

1.2. Agtergrond-studie bl. 12

1.3. Navorsingsprobleem bl. 15

1.3.1. Navorsingshipotese bl. 15

1.3.1.1. Omtrent die studie en die konsep “eiesoortigheid” bl. 15

1.3.2. Doel van die studie bl. 17

1.4. Navorsingsmetode bl. 17

1.4.1. Strukturele uiteensetting van die studie bl. 21

1.5. Begrensing van die ondersoek bl. 23

1.5.1. Gereformeerde teologie bl. 24

1.5.2. Die Presbiteriaal-Sinodale kerkbegrip bl. 24

1.6. Die waarde van hierdie studie bl. 25

1.7. Begripsverheldering bl. 25

1.7.1. Kerkreg bl. 25

1.7.1.1. ’n Algemene definisie bl. 25

1.7.1.2. Gereformeerde kerkreg in Suid-Afrikaanse konteks bl. 26

1.7.1.3. Kerkreg, die kerk en die gemeenskap bl. 27

1.7.2. Kerkorde bl. 28

1.7.3. Reg bl. 29

1.7.4. Kerkregtelike en Juridiese taalgebruik bl. 32

1.7.5. Hermeneutiek bl. 33

1.7.5.1. Algemeen bl. 33

1.7.5.2. Hermeneutiek en hierdié studie bl. 34

1.7.5.3. Gevolgtrekking bl. 38


**HOOFSTUK 2**

**DEEL 1: KERKREG AS REG**


2.1. Inleiding tot Deel 1 bl. 39

2.2. Martin Luther bl. 41
2.2.1. Wet en Evangelie bl. 41
2.2.2. Luther se twee ryke bl. 42
2.2.3. Sigbare en onsigbare kerk bl. 43
2.2.4. Gevolge van Luther se beskouinge bl. 45
2.3. Rudolph Sohm en ander bl. 48
2.3.1. Vóór Sohm bl. 48
2.3.2. Rudolph Sohm bl. 49
2.3.3. Ná Sohm bl. 56
2.4. Johannes Calvyn en die Gereformeerde Protestantisme bl. 58
2.5. Ander Gereformeerde teoloë bl. 63
2.6. Samevatting bl. 66

**DEEL 2: KERKREG AS EIESOORTIGE REG**

2.7. Inleiding tot Deel 2 bl. 68
2.8. Die sleutel tot die eiesoortige karakter van die kerk se reg bl. 69
2.8.1. *Biblische Weisung* en *dienstrecht* as sleutel bl. 70
2.8.2. Die kerk as sleutel bl. 71
2.8.3. Die Ekklesiologie as sleutel bl. 74
2.8.4. ’n Eie standpunt en metodologiese vertrek bl. 76
2.9. Kerkreg as eiesoortige reg bl. 77
2.9.1. Jesus Christus die enigste Hoof bl. 77
2.9.2. Christus voltrek Sy regering deur sy Woord en Gees bl. 79
2.9.3. Skriftuurlike riglyne oor orde bl. 80
2.9.4. Ampte en dienste in die kerk bl. 82
2.9.5. Die kerk as plaaslike gemeente bl. 83
2.9.6. Die kerklike tug bl. 84
2.10. Die unieke karakter van die kerkorde-dokument bl. 85
2.11. Samevatting bl. 86

**HOOFSTUK 3: KERKREG IN HERMENEUTIESE PERSPEKTIEF**

3.1. Inleiding bl. 88

3.2. Die kerkorde *teenoor* staatswetgewing bl. 90
3.3. Teologiese hermeneutiek *teenoor* regshermeneutiek bl. 91
3.4. Die hermeneutiese aard van die kerkreg bl. 93
3.5. Die uitleg van ’n kerkorde: ’n Eie wetenskap bl. 95
3.5.1. Teleologiese hermeneutiek bl. 96
3.5.2. Sistematiese hermeneutiek bl. 98
3.5.3. Historiese hermeneutiek bl. 101
3.5.3.1. Wetshistories bl. 102
3.5.3.2. Regshistories bl. 102
3.5.3.3. Funksionerings-geskiedenis bl. 104
3.5.4. Strukturele hermeneutiek bl. 105
3.5.5. Taalkundige hermeneutiek bl. 107
3.6. Rasionaliteit van die regspraak bl. 107
3.7. Rasionaliteit van die wet bl. 109
3.8. ’n Hermeneutiese netwerk bl. 111
3.9. Samevatting bl. 112

**HOOFSTUK 4: HERMENEUTIEK VAN DIE KERKREG – EIESOORTIG?**

4.1. Inleiding bl. 115
4.2. Beoordeling van die hipotese bl. 116
4.3. Finale gevolgtrekking bl. 119

**BIBLIOGRAFIE**

1. Boeke, tydskrifartikels en kerk-dokumente bl. 120
2. Hofsake geraadpleeg bl. 125

**BYLAAG 1** bl. 126

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING TOT DIE STUDIE

### 1.1. Navorsingsaanloop en bykomende opmerkings

Die navorser (voortaan word in die eerste persoon geskryf) se interesse in die voorgenome studie spruit uit ’n veelvoud van sake:

- Vormingsjare: Voor my kennismaking met die vakwetenskap kerkreg het ek eers in die regte studeer (wat na my mening ’n bruikbare basis bied vir hierdie spesifieke navorsing). Dit was later, gedurende my teologiese studie van die kerkreg, dat ek vir die eerste maal bewus geword het van moontlike *aanknopingspunte* wat bestaan tussen die kerkreg en sommige van die dissiplines (asook temas) gerangskik onder die regswetenskap- wat m.i. moontlik tot ’n interdissiplinêre gesprek(ke) kon lei.

Tydens my voorlopige navorsing van *die hermeneutiek van die kerkreg en die uitleg van ’n kerkorde*, het ’n referaat deur B.C. Lategan, genaamd *die uitleg van wetgewing in hermeneutiese perspektief*[1], onder my aandag gekom. Hierdie referaat het opnuut belangstelling omtrent die bogenoemde *aanknopingspunte* by my gewek. Met sy referaat poog Lategan om ’n interdissiplinêre gesprek tussen die teologie en die regswetenskap, op grond van die hermeneutiek (as gemeenskaplike basis van besinning) aan te vuur. Dit het ’n bewuswording by my geskep vir wat ek vermoed het moontlik ’n studie kan wees rakende die verhouding tussen die kerkreg en die regswetenskap, op grond dan van die hermeneutiek.

- Vanuit ’n sentimentele lig beskou: Hedendaags word persone tot besinning geroep omtrent die belang van die kerkreg, wanneer daar gevra word na die bruikbaarheid daarvan in kerke en gemeentes, asook in die opleiding van studente[2]. Nuwe maniere ten opsigte van die benadering, asook nadenke óór die kerkreg word benodig om dialoog en denke daarom te

[1] Referaat gelewer op 30 Januarie 1980 tydens die kongres van die Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte te Port Elizabeth.

[2] In sy artikel *Die belangrikheid van Kerkgeskiedenis en kerkreg in die teologiese opleiding en vorming van studente*, wys Botha (2002:1707-8) op ’n Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk waar hierdie vrae geopper is. Sien ook Van Wyk (2007:799) in hierdie verband, wat daarop wys dat kerkreg teruggerol en vereng het tot die belangstelling van enkeles.

stimuleer- veral in die laasgenoemde lig gesien. Interdissiplinêre gesprekvoering tussen die kerkreg, die regswetenskap, en die regbank is m.i. só ’n benadering wat kan bydra tot die aktuele voortbestaan van hierdie *nodige* dissipline.

Dit is my mening dat die nuwe Grondwetlike bedeling in Suid-Afrika, ’n gulde geleentheid bied aan kerkregskundiges om nuwe idees en invalshoeke te identifiseer- veral wanneer dit kom by die verhouding tussen die kerk se reg, die Grondwet, die regswetenskap en die regbank. Sedert Suid-Afrika in 1994 na ’n demokratiese regeringstelsel oorgeskakel het, het verskeie nuwe wetgewing op die wetboeke verskyn, wat ’n wesenlike invloed op alle kerke gehad het, asook ingrypende veranderinge vir die kerk inhou[3].

Intussen het vele kerkregtelike werke, wat die verhouding tussen die kerk se reg en die staat se reg skets, die lig gesien. P. Coertzen[4] en P.J. Strauss[5] (om ’n paar te noem) is kundiges wat hul al op hierdie onderwerp in die verlede toegespits het.

Hoewel hierdie tesis nie ’n ondersoek loods na die afname in belangstelling, of voortbestaan van kerkreg as vakwetenskap nie, dra laasgenoemde in ’n sekere opsig wel by tot die *dryf* en *motivering* daarvan.

### 1.2. Agtergrond-studie

Verdere navorsing rakende die kerk se reg (orde), die regswetenskap en die hermeneutiek, het getoon dat die uitleg van ’n kerkorde (in Suid-Afrikaanse konteks) nie slegs vir kerkvergaderinge en individuele lidmate van belang is nie, maar óók vir die regbank (Du Toit, 1991:46-64; Strauss, 2010:21-26; vgl. ook Van de Beek, 1992:59-72 m.b.t. die Nederlandse regspraak).

Verskeie redes in die verlede het die regbank genoodsaak om die kerkorde in ’n bepaalde lig te stel en uit te lê. Onder andere- wanneer kerkvergaderinge in tugsake deur die burgerlike

[3] In hierdie verband wys Ungerer (2007:791-796; sien ook Du Plessis & Deacon, 2007:65-66; Currie & De Waal, 2005:36-37) op die Grondwet, wat die maatstaf is waaraan alle wette en administratiewe handelinge gemeet moet word. Coertzen (2002:389) skryf in hierdie verband: “Die nuwe konstitusionele bedeling sedert 1994 het die NG Kerk voor ingrypende vrae geplaas oor die verhouding tussen kerk en staat. Die liberale demokrasie wat hoog aangeprys word, konfronteer kerke en ook die NG Kerk met allerlei vrae oor gevestigde standpunte, strukture en leerstellinge.”

[4] *The position of churches in South-Africa under a new constitution* (2001).

[5] *Church and state authority in South-Africa* (2003).

hof op hersiening geneem is (Sadler, 1979:182-194; Strauss, 2010:11-112), sake rakende die kerk se regspersoon (Geldenhuys, 1951:344; Coertzen, 2001:50), arbeidsregtelike aangeleenthede binne die kerk (Smit & Du Plooy, 2008:53; Coertzen, 2002:382-84), twis binne kerkverband betreffende eiendomsreg (Coertzen, 2002:388) en sake wat steun op die konsepte van *kerklike selfdefiniëring* (Strauss, 2010:21) asook *godsdiensvryheid* (Coertzen, 2001:44-45).

Alhoewel die wetgewer dit bewustelik aan die kerk oorgelaat het om haar eie orde te bepaal (Strauss, 2010:21), is die regbank geneig om die kerkorde uit te lê ten koste van die kerk[6] (Du Toit, 1991:61; Coertzen, 1991:193; Strauss, 2010:3; Sadler, 1989:144). Daarmee word die kerkreg, as 'n eiesoortige reg (*ius sui generis*) onderwaardeer, asook die feit dat dit die kerkgenootskap vry staan om haar eie geloofs- en kerkstruktuur te reguleer. Ook die regbank moet in oorweging van kerklike sake daarmee rekening hou dat *kerkgenootskap* gereguleer word deur eie statuut.

In die Appèlsaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo) v Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika[7], wys Appèlregter Vivier daarop dat 'n behoorlike uitleg van die kerkorde afhang (afhanklik is) van die oorweging (asook inagneming), van die aard en opset van die kerkorde, asook op die

[6] In hierdie verband noem Strauss (2010:3) die saak in 2008, tussen die NG Gemeente Moreletapark in Pretoria en 'n homoseksuele musiekdosent in sy diens: "In sy uitspraak wou die betrokke hof as staatsinstelling vir die kerk bepaal wanneer so 'n persoon kerklik 'n probleem skep. Iets wat die kerk in sy interne verbandsvryheid as Christelike geloofs- en etiese instelling self moet/kan bepaal". Sadler (1989:144) in hierdie verband, wys op die swaar klem van die regsprosedures wat die howe neem, in die hersieningsproses van kerklike tugsake. Die kerk word in hierdie proses ontneem van haar pastorale karakter en gedwing om die reg op burgerregtelike wyse te hanteer.

[7] November 1998, Appèlhofuitspraak tussen die VGKSA en die NGKA. 'n Versoek tot 'n hofbevel wat die VGKSA op 26 Februarie 1996 voor die Hooggeregshof van die Vrystaat gebring het. Versoek gerig vir 'n verklaring van die hof (i) dat die NGKA en die NGSK wettig verenig het in April 1994; (ii) dat die NGKA nie langer bestaan nie; (iii) dat alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA oorgegaan het na die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA, en (iv) dat die streeksinode van die Oranje-Vrystaat geen regsbevoegdheid het om enige regsgeldige handelinge in die naam van die voormalige NGKA in die Vrystaat te verrig nie. Die Hooggeregshof van die Vrystaat het die versoek toegestaan waarop die NGKA na die Appèlhof geappelleer het. 6 November 1998 bevind die Appèlhof dat die AS van die NGKA in 1991 buite haar bevoegdheid opgetree het. Gevolglik was die besluit van die NGKA om met die NGSK te verenig en alle verbandhoudende besluite *ultra vires*. Appèlhof bevind: die Hooggeregshof van die Vrystaat het verkeerdelik verklaar dat die NGKA nie meer bestaan nie en dat al sy regte, ens. oorgegaan het na ooreenstemmende regspersone in die VGKSA. Ook was dit verkeerd om te bevind dat die streeksinode van die NGKA in die Vrystaat geen regsbevoegdheid het nie. Die Appèlhof het geen bevinding gemaak oor die versoek om te verklaar dat die NGKA en die NGSK wettig verenig het nie, aangesien die betrokke dokumente nie voor die hof gedien het nie (Saaknommer 536/96, Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Bloemfontein, 27 November 1998; sien ook Coertzen, 2002:388).

samehang van die woorde in die kerkorde as geheel[8]. Die breë kontekstuele agtergrond sluit ook in wat genoem word- die [matriks] van feite; waarin die kerkorde gesetel is. Appèlregter Vivier maak dan hierdie stelling op die gesag van Lord Wilberforce se bekende aanhaling in die saak van *Penn v Simmonds* [1971] 3 All ER 237 (HL) (op 239 j):

> "The time has long passed when agreements, even those under seal, were isolated from the matrix of facts in which they were set and interpreted purely on internal linguistic considerations… We must enquire beyond the language and see what the circumstances were with reference to which the words were used, and the object, appearing from those circumstances, which the person using them had in view."

Met sy beëdigde verklaring in die bogenoemde Appèlsaak, beklemtoon Prof. Piet Strauss[9] óók hierdie breë kontekstuele agtergrond waarteen die kerkorde vertolk moet word. Sy getuienis meld dat die (spesifieke) konteks (in die saak onder bespreking) voorsiening moet maak vir 'n gereformeerd-presbiteriale stelsel van kerkregering, in teenstelling met ander stelsels van kerkregering[10], (afhangend natuurlik van die spesifieke stelsel onder bespreking). 10 Jaar later merk Strauss (2010:21) op die waarde van hierdie sitting:

> "Teen hierdie agtergrond het die Suid-Afrikaanse Appèlhof in 1998 in sy uitspraak in die appèlsaak van die NG Kerk in Afrika teen 'n vroeëre beslissing van die Vrystaatse Hoërhof klare wyn vir gereformeerde kerkregtelikes geskink toe hy opgemerk het dat hy in sy juridiese toets van die saak rekening hou met die eie aard van 'n gereformeerd-presbiteriale kerk soos uitgedruk in sy kerkorde. Die hof het dus erken dat 'n kerk die reg het om verstaan te word soos wat hy homself verstaan en dat sy eie aard die verstaan van sy kerkordebepalings verhelder."

Hierdie breë kontekstuele agtergrond word verder betoog wanneer Lategan (1980:108; sien ook Botha, 2005:61-62) daarop dui dat beide die teologie en regswetenskap uitgelê word volgens bepaalde hermeneutiese beginsels. Ook die Nederlander Braam Van de Beek (1992:62) bevestig hierdie punt wanneer hy merk dat kerkregtelike tekste onderhewig is aan dieselfde hermeneutiese prosesse as ander regstekste.

---

[8] *Swart en 'n Ander v Cape Fabrix (Pty) Ltd*. 1979 (1) SA 195 (A) op 202 C.

[9] Piet Strauss is die moderator van die NG Kerk se Algemene Sinode en dekaan van die Teologiese Fakulteit aan die UV.

[10] Dit is in teenstelling met ander stelsels van kerkregering, soos die Roomse, die Episkopale of die Kollegialistiese stelsels van kerkregering.

In die lig van die voorafgaande agtergrond, is ek gelei om te vra- *Toon* die hermeneutiek van die kerkreg enige eiesoortige karakter (ten opsigte van ander reg) waarmee die regbank moet rekening hou?

### 1.3. Navorsingsprobleem

Alhoewel die kerkorde nie geskep is om deur die regbank beoordeel te word nie, geskied hierdie beoordeling wel- meestal ten koste van die kerk. In die lig van die feit dat die regbank (soos die kerkreg) gebruik maak van die hermeneutiek vir die uitleg van tekste, asook die feit dat kerkregtelike tekste onderhewig is aan dieselfde hermeneutiese prosesse as regstekste, stel die studie die volgende vrae: ***Toon* die hermeneutiek van die kerkreg 'n eiesoortig karakter ten opsigte van ander reg? Indien wel- hoe kan 'n eiesoortige hermeneutiese karakter by die kerkreg bewys word?**

#### 1.3.1. Navorsingshipotese

Op die rug van die navorsingsprobleem (1.3.) word die tese onderskryf:

***Die hermeneutiek van die kerkreg is eiesoortig ten opsigte van ander reg, vir sover dit rekenskap hou met die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Hierdie eiesoortige karakter kan bewys word, deur eerstens te vra óf kerk en reg bestaanbaar is, en tweedens deur die eiesoortige karakter van die kerk se reg vas te stel.***

##### 1.3.1.1. Omtrent die studie en die konsep "eiesoortigheid"

Dit word gaandeweg in die studie duidelik dat die eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg op 'n verskeidenheid van maniere na vore kom, en nie reeds gesistematiseerd opgeteken staan nie.

In die ondersoek na die eiesoortigheid (*sui generis*) van die hermeneutiek van die kerkreg, geniet die eiesoortige karakter van die kerk se reg gelyke aandag. Soos reeds elders gestel (1.3.1.) is dit m.i. dat daar 'n onlosmaaklike verband bestaan tussen die eiesoortigheid van die hermeneutiek van die kerkreg, en die eiesoortigheid van die kerk se reg. Wie vra na die

eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg, moet terselfdertyd vra na die eiesoortigheid van die kerk se reg. Die eie aard van die kerklike reg is uiteraard relevant- juis vir die uitleg daarvan. Daar bestaan ’n noodsaak by die hermeneutiek van die kerkreg, nl. dat daar rekening gehou moet word met die spesifieke karakter van die kerk, asook die reg. Van de Beek (1992:62) interpreteer dit as volg:

> "Iedere rechtshermeneutiek zal recht moeten doen aan de eigen aard van de gemeenschap waarin het functioneert. Toch heeft juist de eigen aard van de christelijke gemeente ook formele consequenties voor de hermeneutiek van het kerkrecht. Daarbij gaat het niet om de tegenstelling tussen genade en recht, maar om het feit dat de kerk niet haar eigen wetgever is maar zich gebonden weet aan de Schrift. Iedere andere gemeenschap vormt geleidelijk of via revoluties haar eigen recht. Maar de kerk is gebonden aan een externe gezagsinstantie uit het verleden. Daardoor is er niet alleen de hermeneutische cirkel tussen de tekst van de wet en de hedendaagse situatie, maar zijn beide ook in een hermeneutische relatie gebracht met de bijbel, die zowel voor het vigerende recht als voor de situatie van nu een Kritische instantie is. Zodoende ontstaat er iets van een hermeneutische driehoek of een samenstel van drie hermeneutische cirkels, waardoor de hermeneutiek van het kerkrecht nog complexer is dan die van ander recht. Alles van het gewone recht geldt hier ook, maar de eigen aard van dit recht geeft extra complicaties."

Dus beywer Van de Beek hom vir die erkenning van die eie aard van die kerkreg, en ontken hy dat dit die bindende krag van kerkordebepalings strem. Vir hom hou die eie unieke aard van die Christelike kerk sekere konsekwensies in vir die hermeneutiek van die kerkreg (vgl. ook Strauss, 2010:21).

Ook is dit belangrik om te let dat die eiesoortige karakter van die kerk se reg, ’n verdere fundamentele tema impliseer- wat die tese (1.3.1.) implisiet, *in toto* kwalifiseer, nl. óf kerk en reg bestaanbaar is. Wanneer kerk en reg saam kan bestaan en die wese van die reg nie in stryd is met die kerk nie, kan daar éérs regtens gevra word na die eiesoortigheid van die kerkreg. Verder moet daar vasgestel word of die kerk se reg voldoen aan die vereistes van *reg* (sien 1.7.3. onder) aangesien die kerk se reg, as *reg*, in belang van die studie beoordeel moet word. Ook moet die kerk se reg van ander reg onderskei word, in die fokus óp, en vraag ná eiesoortigheid.

### 1.3.2. Doel van die studie

Die voorgenome studie het ten doel om ’n teologies-kerkregtelike ondersoek te loods na die vraag óf die hermeneutiek van die kerkreg eiesoortig is (in vergelyke met ander reg), asook hoe só ’n eiesoortige karakter bewys kan word. In die gang van die studie word die volgende ondersoek:

i. Het kerkreg ’n reg van bestaan in die kerk? M.a.w. is kerkreg moontlik?
ii. Kan kerkreg as behorende tot *reg* in eie sin beskou word?
iii. Waaruit bestaan die eiesoortigheid van die kerk se reg?
iv. Is daar ’n reg vír die kerk, wat in die reg ín die kerk tot uitdrukking moet kom?
v. Is die hermeneutiek van die kerkreg eiesoortig t.o.v. ander reg?
vi. Hoe kan ’n eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg bewys word?

## 1.4. Navorsingsmetode

Die ondersoek, asook beoordeling van die eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg, impliseer twee fundamentele temas-

i. die vraag óf die kerkreg, ’n reg van bestaan in die kerk het, asook
ii. die vraag ná die unieke karakter van die kerkreg.

Hierom is die motivering van formele keuses by die aanpak en die strukturering van navorsing, oor die eiesoortigheid van die hermeneutiek van die kerkreg, van belang. Vervolgens die probleem in groter detail, asook motivering vir die aanpak, uitleg en uiteensetting.

i. Die bestaansreg van die kerkreg, is ’n vraagstuk wat sedert die Reformasie in die 16de eeu na vore gekom het, toe daar onder invloed van Luther se denkbeelde die kreet opgegaan het: *weg met kerkreg!* Vir baie sou dit ’n *contradictio in terminis* (Geldenhuys, 1951:1) wees om te praat van kerkreg, aangesien Kerk en reg twee begrippe is wat met mekaar onverenigbaar is (Coertzen, 1991:4-22; Plomp, 1992:32-37). Gevolglik sal hierdie studie die wese van die kerk, asook die wese van die reg, teologies-kerkregtelik beoordeel d.m.v. die uiteenlopende standpunte daaroor, soos in die loop van die geskiedenis. In hierdie verband sal die standpunte van Martin Luther, Rudolph Sohm (insluitende ander vóór en ná hom, vir wie die kerk en reg nie versoenbaar is nie), Johannes Calvyn

(Gereformeerde Protestantisme) en ander gereformeerde teoloë oorweeg word. Elkeen bekend vir hul unieke bydrae tot die vormgewing van die kerk se reg.

Hierdie beoordeling sal geskied op spoor van P. Coertzen se noukeurige bespreking van die *standpunte oor kerk en orde* (*reg*), in sy boek *Gepas en ordelik* (1991). Coertzen bespreek nie slegs hierdie onderwerp nie, maar toon m.i. 'n diepe verstaan daarvan: Luther se siening omtrent kerk en reg staan nie sistematies opgeteken nie en gevolglik skep Coertzen, op metodologiese wyse 'n begrippe-paar, sodoende Luther se standpunt hieroor te analiseer. Coertzen se bespreking sal dan ook deurgaans vergelyk word met ander kundiges se werk oor dieselfde onderwerp. Hieronder tel kerkregskundiges van Nederland, soos W. Bakker, J. Plomp, L.J. Koffeman, asook Suid-Afrikaanse kerkregtelikes, soos E.P.J. Kleynhans en F.E. o'B. Geldenhuys, A.D. Pont en C.J. Smit.

ii. Allerlei eiesoortige vorme van reg, soos personereg, staatsreg, verenigingsreg, huweliksreg, arbeidsreg, en ook kerkreg is 'n werklikheid waarmee mense daagliks gekonfronteer word (Coertzen, 1991:38). Die vraag wat egter beantwoord moet word, is dié na die eiesoortigheid van die kerk se reg. Reeds is daar genoem (1.3.1.1.) dat die eiesoortige karakter van die kerk se reg, direk verband hou met die hipotese van hierdie studie, nl. die eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg. Die unieke karakter van die kerk se reg onderskei dit nie net van ander reg nie, maar is ook fundamenteel in die beoordeling van die eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg.

Vanweë die feit dat die eiesoortige karakter van die kerk se reg (in vergelyking met ander reg) nie sistematies opgeskryf staan nie, sal hierdie tema ondersoek word deur te vra *waaruit bestaan die eiesoortigheid van die kerk se reg?* Hierdie is 'n kritiese vraag in belang van die breër studie: Sodra daar vasgestel is waaruit die eiesoortigheid van die kerk se reg bestaan, kan hierdie eiesoortige elemente bydrae tot die ondersoek na die eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg.

Kerkregskundiges staan verdeeld m.b.t. hierdie vraag. Volgens Coertzen (1991:38-39) is die *eerste* antwoord gewoonlik "die Skrif" of die "bronne", maar krities vra Coertzen of dit inderdaad so is dat die unieke karakter van die kerk se reg, daarin bestaan dat dit van die Skrif gebruik maak? B*eteken dit dat die Bybel niks te sê het vir ander vorme van reg*

*nie*? Die eie aard van kerkreg en kerkregering is nie geleë in die gebruik van die Bybel nie, maar volgens Coertzen (1991:38-39), eerder in die wete dat die kerk 'n "maaksel" van God is, geskape in Christus Jesus, en dus 'n eiesoortige vergadering van mense. Hierdie studie argumenteer dan ook vír hierdie siening deurgaans, sodoende die tese te valideer.

Coertzen bied duidelik 'n Gereformeerde standpunt omtrent die unieke oftewel eiesoortige karakter van die kerk se reg, in sy boek *Gepas en ordelik* (1991). Nie net verstaan hy die implikasies van 'n tema wat nie sistematies opgeteken staan nie, maar hy maak 'n sterk argument t.o.v. die bogenoemde problematiek. Gevolglik sal die tesis hierdie vraag op dieselfde wyse as Coertzen argumenteer. Deurgaans sal daar ook gelet word op die standpunte van ander kundiges in hierdie verband, soos die Nederlandse kerkregskundiges H. Bouwman, W. Bakker, J. Plomp, L.J. Koffeman, asook Suid-Afrikaanse kundiges soos B.B. Keet, E.P.J. Kleynhans en P.J. Strauss.

Hoofstuk 2 van die studie sal in twee dele op die bogenoemde twee temas (i en ii) fokus, in 'n poging om die studie *in toto* te kwalifiseer, asook om bruikbare elemente te identifiseer, wat kan bydra tot die vraag na die eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg (hoofstuk 3). Dus sal daar in *Deel 1* van Hoofstuk 2, op die verhouding tussen kerk en reg gefokus word, en in *Deel 2* van dieselfde hoofstuk, word die eiesoortigheid van die kerk se reg ondersoek. Die gevolgtrekkings wat gemaak word in die loop van die ondersoek, sal dien as metodologiese rigtingwysers in die bespreking en ondersoek betreffende die eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg. Hoofstuk 2 van hierdie studie sluit nie net aan by hoofstuk 3 nie, maar bied ook praktiese strukturele riglyne daarvoor. In die lig hiervan, sal daar in hoofstuk 2 onderskei word tussen die standpunte van kundiges, betreffend die *bestaansreg van die kerkreg*, asook die elemente wat die kerkreg van ander regte onderskei- in 'n poging om 'n struktuur te formuleer waaraan hoofstuk 3 kan konformeer.

Hoofstuk 3 fokus op die hooftema van die studie- Gereformeerde kerkreg in hermeneutiese perspektief. 'n Onderskeid word getref tussen die hermeneutiek van die kerkreg en ander reg, in 'n poging om die eiesoortigheid daarvan te bepaal. Dit word dan gedoen na (aan)leiding van hoofstuk 2.

In hoofstuk 3 sal die fokus eerstens wees op die verhouding tussen die kerkorde en staatswetgewing, en daarna tussen die teologiese en regshermeneutiek. Laasgenoemde sal geskied op spoor van Lategan se artikel, *Die uitleg van wetgewing in hermeneutiese perspektief* (1980). Volgende sal die fokus verskuif na die hermeneutiese aard van die kerkreg, soos voorgehou deur die Nederlander Braam Van de Beek, waarna die verskillende hermeneutiese hulpmiddels aandag sal geniet. Hierdie gedeelte van die studie sal hoofsaaklik steun op die hoogaangeskrewe werk van, Van de Beek. Ook sal Flip du Toit en Piet Strauss se bydrae omtrent die uitleg van 'n kerkorde leidend wees in hierdie verband. Van de Beek se werk, *Hermeneutiek van het kerkrecht* (1992), word wyd aangehaal deur Nederlandse, sowel as Suid-Afrikaanse kerkregskundiges[11]. Beide Du Toit en Strauss steun ook op Van de Beek- maar bied iets ekstra, nl. 'n Suid-Afrikaanse kontekstuele interpretasie m.b.t. die bogenoemde hulpmiddels.

Die laaste Hoofstuk (4) doen 'n validering van die hipotese, deur dit te toets aan die omvang van die gevolgtrekkings wat gemaak is in die voorafgaande hoofstukke.

Die studie sal *in toto* kwalitatief van aard wees: 'n Literatuurstudie sal onderneem word wat by wyse van analise, evaluering, sintese en vergelyking (as metodes) sal steun, sodoende die doel van die studie (1.3.2.) te bereik.

Met betrekking tot die aard van hierdie studie, word die volgende metodologiese riglyne vir die kerkreg[12], soos voorgestel deur Coertzen (1991:75-116; 1993:231-246), in ag geneem:

1. *Geen wetenskap mag ooit bepalend word vir die kerkreg en kerkregering nie* (1993:242).[13]
2. 'n Sestal metodologiese bakens (1991:75-116) waarmee die kerkregskundige rekening moet hou[14]:
    i. Die koninkryk van God as konteks vir die kerk en orde
    ii. Die kerk as 'n unieke gemeenskap, met 'n unieke reg of orde

[11] Wanneer Strauss (2010) en Du Toit (1991) na Van de Beek se *Hermeneutiek van het kerkrecht* verwys, doen hulle so met die 1991-publikasiedatum. In hierdie teses word daar na dieselfde werk van Van de Beek verwys, maar met die 1992-publikasiedatum- soos dit opgeneem is in die tweede, hersiene en aangevulde druk van Van't Spijker en Van Drimmelen se *Inleiding tot de studie van het kerkrecht* (1992).
[12] Met sy artikel, *Wetenskaplike metodologie en kerkregering* (1993), toon Coertzen hoe bepaalde kwalitatiewe wysiginge binne 'n paradigmatiese konstellasie van wetenskaplike uitgangspunte en doelwitte, tot heeltemal ander resultate in die praktyk van die kerk se bestaan kan lei.
[13] Juis in die lig daarvan dat hierdie studie verband hou met meer as een wetenskap.
[14] Vergelyk ook Botha (1993:9-10) se noue bespreking hiervan.

iii. Jesus Christus as die enigste Here en Hoof van die kerk
iv. Christusregering deur Woord, Gees en dienste
v. Die opbou van die gemeente as die doel van die kerkreg en kerkregering
vi. Die Skrifgegewe indikatief- nl. heil in Christus en die daaruit voortspruitende imperatief om teen die sonde te stry.

Laastens- met hierdie studie is daar doelbewus weerhou om oor bestaande artikels as gepositiveerde kerkreg (*ius constitutum*) te skryf, en eerder is 'n normatief kerkregtelike (*ius constituendum*) vertrek verkies.

### 1.4.1 Strukturele uiteensetting van die studie

In die lig van die voorafgaande gesigspunte, word die *eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg*, met insluiting van die temas- *bestaansreg van die kerkreg*, en *die unieke karakter van die kerkreg*, struktureel soos volg hanteer:

Die belang van die temas- *bestaansreg van die kerkreg*, asook *die unieke karakter van die kerkreg*, is oortuigende argumente vir 'n teologies-kerkregtelike aanpak, met 'n duidelike ekklesiologiese onderbou. Die besondere waarde daarvan is in die bostaande uiteensetting (1.4.) reeds bevestig.

Die breë strukturering van hierdie studie word teologies-kerkregtelik bepaal en die uiteensetting van die problematiek, asook die vraagkomplekse daaromheen, word teen die ekklesiologiese agtergrond geplaas. Binne die breë geheel word dan keuses gemaak vir die belangrikste dokumente waarmee uitvoerig gewerk word.

In die laaste hoofstuk word die tese beoordeel.

Vervolgens 'n kort uiteensetting van elke hoofstuk:

**Hoofstuk 1: Inleiding tot die studie**

Die metodologiese aanpak van die studie is van deurslaggewende belang by die ondersoek na 'n eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg. In hoofstuk 1 word 'n duidelike keuse gemaak vir 'n navorsingsmetodologie wat die tese sal valideer. Die *eiesoortige*

*karakter van die hermeneutiek van die kerkreg*, met insluiting van die temas- *bestaansreg van die kerkreg*, asook *die eiesoortigheid van die kerkreg*, is oortuigende argumente vir ’n teologies-kerkregtelike aanpak, met ’n sterk ekklesiologiese onderbou.

**Hoofstuk 2: Deel 1- Kerkreg as reg**

In hierdie deel van hoofstuk 2 word kerkreg as *reg* ontleed. Daar word uitgegaan van die opvatting- indien die kerkreg, ’n reg van bestaan in die kerk het, en die wese van die reg nie in stryd is met die wese van die kerk nie, kan die fokus aanskuif na die volgende tema in lyn met die tese van die studie, nl. die eiesoortigheid, oftewel unieke karakter van die kerkreg.

Die standpunte van onder andere Martin Luther, Rudolph Sohm (asook ander vóór en ná hom, vir wie die kerk en reg nie versoenbaar is nie), Johannes Calvyn (Gereformeerde Protestantisme) en ander Gereformeerde teoloë, soos Gijsbertus Voetius en H. Bouwman word ondersoek.

**Hoofstuk 2: Deel 2- Kerkreg as eiesoortige reg**

In deel 2 van hoofstuk 2, word kerkreg as eiesoortige reg ondersoek- in die belang van die breër studie, nl. die vraag na die eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg. Vanweë die feit dat die eiesoortige karakter van die kerkreg (in vergelyking met ander regte) nie sistematies opgeskryf staan nie, sal hierdie tema eerstens beoordeel word deur te vra *waarin bestaan die eiesoortigheid van die kerk se reg?* Hierdie is ’n kritiese vraag- nie net vir die tema onder bespreking nie, maar ook vir die breër studie: Sodra daar vasgestel kan word waaruit die eiesoortigheid van die kerk se reg bestaan, kan hierdie eiesoortige element(e) ondersoek word vanuit ’n hermeneutiese oogpunt. In deel 2 sal die fokus dus wees op die aard en omvang van die kerkreg, asook die grens (domein-afbakening) tussen die kerk se reg en ander reg.

**Hoofstuk 3: Kerkreg in hermeneutiese perspektief**

In hierdie hoofstuk sal die fokus eerstens wees op die raakpunte en verskille tussen die kerkorde en staatswetgewing, en daarna tussen die teologiese en regshermeneutiek. Hierna word die aandag gevestig op die hermeneutiese aard van die kerkreg, waarna die fokus op die verskillende hermeneutiese hulpmiddels sal wees.

Ten opsigte van die breër studie word daar aangevoer dat die temas, *bestaansreg van die kerkreg* (hoofstuk 2, D1) en die *eiesoortige karakter van die kerkreg* (Hoofstuk 2, D2), op metodologiese wyse bakens bied vir hoofstuk 3. Dit is wel die geval as daar gelet word dat hoofstuk 3 uitgaan van die volgende opvattings:

i. Vanuit ’n Gereformeerde perspektief blyk dit duidelik dat kerk en reg bestaanbaar is en nie ’n *contradictio in terminis* nie. Die kerk se reg kan as behorend tot reg in eie sin beskou word, aangesien die reg die gestalte van die genade is (teenoor die opvatting dat reg en genade mekaar uitsluit). Die feit dat kerkreg wel moontlik is, beteken daar kan gevra word na die unieke karakter daarvan.
ii. Kerkreg is ’n eiesoortige reg (*ius sui generis*) wat in en vir die kerk as eiesoortige gemeenskap beoefen word. Die kerk is die objek van die reg en die eie karakter van die kerk se reg blyk uit die geloofsgemeenskap- wat die “maaksel” van God is. Hierdie unieke gemeenskap laat haar regeer deur Christus se Woord en Gees.

**Hoofstuk 4: Hermeneutiek van die kerkreg – Eiesoortig?**

In die laaste hoofstuk word die tese van die studie beoordeel en bevestig, na aanleiding van die gevolgtrekkings wat gemaak is in die voorafgaande hoofstukke, elk met ’n eie bepaalde tema wat direk verband hou met die end-resulterende validasie van die tese.

## 1.5. Begrensing van die ondersoek

Die studie is hoofsaaklik teologies-kerkregtelik van aard, en volg ’n Gereformeerd-kerkregtelike perspektief. Die ondersoek na die *eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg* is beperk tot die werke van Gereformeerde kerkregskundiges, van o.a. Suid-Afrika en Nederland.

Aangesien die kerkreg as subdissipline van die Ekklesiologie geklassifiseer word (Strauss, 1991b:10), sal die studie op ’n ekklesiologiese onderbou steun. ’n Verdere afbakening blyk uit die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip wat deurgaans voorgehou sal word.

Doelbewus word daar met (beperkte) geleenthede na regswetenskaplike bronne verwys, soos Botha se inleiding tot *Wetsuitleg* (2005), wat die raakpunte en verskille tussen die teologiese en regshermeneutiek belig.

### 1.5.1. Gereformeerde teologie

“Gereformeerde teologie” in hierdie studie, dui op die teologie van die Christelike kerk wat haar belydenis en teologiese paradigma op die Bybel, as die heilige onfeilbare Woord van God fundeer, soos beskrywend uiteengesit in die Drie Formuliere van Eenheid en ander ekumeniese belydenisskrifte (Die Kerkorde, 2007:Artikel 1)[15].

### 1.5.2. Die Presbiteriaal-Sinodale kerkbegrip

Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip word verstaan as die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering, wat die alleenheerskappy van Jesus Christus as die enigste Hoof, Heer en Regeerder van sy kerk wil bevorder. Dit hou in dat Jesus Christus sy kerk *onmiddellik* regeer deur Sy Woord en Gees, en *middellik* deur die ampte wat in die vergadering byeen kom (Van Wyk, 1991:85; Pont, 1981:192).

In sy werk, *Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip*, verduidelik Van Wyk (1991:85; vgl. ook Pont, 1981:192) op samevattende wyse dat die presbiteriaal-sinodale sisteem, nie net die amp van die ouderling inhou nie, maar al die ampte wat in die reformatoriese kerk voorkom. Die sinodale element dui nie slegs op ’n sinodale vergadering as die enigste vergadering wat bestaansreg het nie, maar die stelsel word getipeer as daardie stelsel waar die vergaderinge van die ampte die kerk regeer. Hierby is ingesluit die vergadering van die kerkraad, sowel as die ringsvergadering en die sinodale vergadering(s).

[15] Sien Bylaag 1 van hierdie studie.

## 1.6. Die waarde van hierdie studie

Die waarde van hierdie studie blyk as volg:

Vir die teologie lê die waarde daarin dat Lategan se voorstel van ’n interdissiplinêre gesprek tussen die regswetenskap en die teologie (op grond van die hermeneutiek as gemeenskaplike basis), aandag sal geniet, asook een stap verder uitgebou sal word- ’n interdissiplinêre gesprek tussen die kerkreg (as spesifiek teologiese dissipline gerangskik onder die Ekklesiologie) en die regswetenskap (meer spesifiek Wetsuitleg).

T.o.v. die vakwetenskap kerkreg, sal hierdie studie ’n bydrae lewer tot die ontwikkeling of uitbreiding van Gereformeerd-kerkregtelike kennis m.b.t. die hermeneutiek van die Gereformeerde kerkreg, asook die vraag na ’n eiesoortige karakter.

Met die oog op ’n interdissiplinêre gesprek tussen die kerkreg en die regswetenskap, sal hierdie studie hopelik genoegsame aktuele punte aanraak wat dialoog wedersyds sal stimuleer. Die studie sal ’n bydrae lewer tot die Suid-Afrikaanse kerkregshistoriese konteks, asook tot die regswetenskap (al is dit nou net met die oog op verdere interdissiplinêre gesprekvoering), vanuit ’n verantwoordelike bewussyn.

Die studie daag dan ook ander kerkregskundiges uit om moontlike aanknopingspunte te identifiseer- t.o.v. die kerkreg, die regswetenskap en die regbank.

## 1.7. Begripsverheldering

In belang van die breër studie moet daar op die inhoudelike betekenis van die volgende begrippe gelet word:

### 1.7.1. Kerkreg

#### 1.7.1.1. ’n Algemene definisie

Bekend in Suid-Afrikaanse kerkregtelike kringe klink die inleiding van Kleynhans (1982:1): “Die student van die kerkreg soek voor alles na ’n antwoord op die vraag: Wat is kerkreg?” Van Wyk (2007:794; kyk ook Botha, 2002:1723) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat

verskeie persone in die verlede oor hierdie vraag nagedink het en bepaalde definisies daaromtrent geformuleer het. Hedendaagse kerkregskundiges soos Coertzen (1991:158-165) wys in hierdie verband na die *groot voorlopers* van hierdie wetenskap, wanneer kundiges op vergelykende wyse bande trek tussen die verskillende definisies, sodoende om ’n samevattende gevolg te formuleer.[16]

In hierdie gees meld Bakker (1992:15) ’n vroeë definisie van Gijsbertus Voetius (1663-1676): “scientia sacra regendi ecclesiam visibilem”. Op die rug van Voetius omskryf Bouwman (1970:10) die Kerkreg as “de wetenschap, die beschrijft het recht, dat in de zichtbaar geïnstitueerde kerk geldt en gelden moet.” Ook Haitjema fokus op kerkreg as wetenskap, wanneer hy skryf: “Kerkrecht heeft als vak van wetenschap te doen met de systematische beschrijving van de orde in het leven en werken der kerk” (aangehaal in Coertzen, 1991:160). Abraham Kuyper definieer kerkreg as die vak wat op ’n prinsipieel teoretiese wyse die “architectoniek” van die kerklike instituut uiteensit. Hierdie instituut, skryf Kuyper, word nie deur mense uitgedink nie, maar is ’n instelling van Christus wat sy grondbestek in die Heilige Skrif het (Coertzen, 1991:160).

#### 1.7.1.2. <u>Gereformeerde Kerkreg in Suid-Afrikaanse konteks</u>

Wat betref die definiëring van kerkreg in ’n Suid-Afrikaanse konteks, wys Coertzen (1991:163) op die bydrae van B.B. Keet in 1924. In sy formulering van ’n definisie, fokus Keet op die formele beginsels van Gereformeerde kerkreg, nl. soos dit in die Woord van God neergelê is. Dit hou in dat Christus alleen die Hoof van die kerk is, asook die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die presbiteriale vorm van kerkregering, noodsaaklikheid van die kerkverband en die regte verhouding van kerke en staat. Dit is duidelik dat Keet, die Woord, die Christusregering en die ampte beklemtoon. Later jare (1978) omskryf Stoop kerkreg as die vak wat te make het met die organisasie van die kerk en met kerklike instellinge, soos die ampte en ander gemeentelike vorme. Hierna gaan hy voort en dui daarop dat kerkreg ’n sterk kerkhistoriese inslag het[17]. Spoelstra beskou kerkreg as ’n

[16] Sien in hierdie verband Botha (2002:1722-25), Ungerer (2007:791) en Van Wyk (2007:794-96).
[17] Coertzen (1991:165) merk op dat hierdie kerkgeskiedenis benadering van Stoop uniek is tot die Suid-Afrikaanse beoefening van kerkreg.

teologiese wetenskap, wat die geldende en bindende reëls wat God vir sy kerk gegee het, uit die skrif moet opdiep (Coertzen, 1991:165).

Duidelik blyk dit uit die laasgenoemde definisies dat die Woord van God as normgewende rigsnoer dien. Coertzen (1991:165) brei hierop uit wanneer hy wys dat hierdie ’n ou lyn van die Gereformeerde Reformasie is, wat deurloop tot ons dag. Hierteenoor is daar diegene wat kerkreg bloot in terme van organisasie wil sien, dus sonder Skrifbinding. Coertzen (1991:165-66) spreek krities hierteen:

> “Hoe dit ook al sy, uiteindelik kan daar nie weggekom word van dit wat die Skrif oor die regering van die kerk leer nie. Op een of ander wyse moet enige teoloog hom ten opsigte daarvan verantwoord, net soos wat hy homself rekenskap sal moet gee van die feit dat die kerk van Christus deur die eeue heen nog altyd ’n verbintenis tussen die Woord en die orde in die kerk gesien en dit dikwels ook bely het.”

Samevattend, vanuit ’n Gereformeerde oogpunt beoordeel, omskryf Coertzen (1991:166) kerkreg [as] die teologiese wetenskap wat die organisasie van die kerk in sy Skriftuurlike en historiese gestalte bestudeer.

#### 1.7.1.3. Kerkreg, die kerk en die gemeenskap[18]

In sy artikel, *Wat is kerkrecht?* skryf Bakker (1992:13):

> “Bij ‘kerkrecht’ denkt men meestal aan het geheel van de voor schriften en bepalingen waarmee kerken haar organisatie en werk zaamheden, alsook haar betrekkingen naar buite, trachten te rege len. …Toch kan deze laatste niet volstaan met slechts het geldende (positieve) kerkrecht te behandelen. Als wetenschappelijke discipline zal zij kritisch, d.w.z. beoordelend, te werk moeten gaan. Dit betekent dat zij zich niet alleen afvraagt, hoe de kerk is ingericht, maar ook en vooral, hoe zij behoort te worden ingericht.”

Volgens hierdie denklyn van Bakker, handel die kerkreg nie slegs oor hóé die kerk ingerig moet word nie, maar ook hoe die kerk ingerig behóórt te wees. Die wyse waarop die kerk

[18] Vanweë die breër studie se argument- *dat die kerk, die objek van die reg is*, asook dat *die eie karakter van die kerk se reg duidelik blyk uit die geloofsgemeenskap*, is dit gepas om die kerkreg ook in hierdie lig te stel.

haar lewe en werksaamhede orden, staan in die reël nie los van die wese en die roeping van die kerk, of haar verhouding tot die wêreld en die samelewing nie.

Daar bestaan meer as een vorm van kerk. In konkrete verskynsel is die kerk ’n gemeenskap van mense, ’n menslike samelewingsverband, wat bepaalde ooreenkomste toon met ander (menslike) samelewingsverbande, soos die staat. In wese is die kerk egter ’n geestelike gemeenskap, ’n mistieke liggaam van Christus (Bakker, 1992:13).

Bakker (1992:13-14) voer aan daar is twee sye tot die kerk, nl. die “zichtbare ‘buitenkant’” en die “onzichtbare ‘binnenkant’”. Die onsigbare kerk is ’n mistieke en geestelike begrip wat nie vir regsordening vatbaar is nie en dus het die kerkreg sleg betrekking op die sigbare kerk (Bakker, 1992:14; sien ook Geldenhuys, 1951:2). Die kerk is *sui generis* (eiesoortig) in eie sin, asook eiesoortig t.o.v. ander reg- in sigbare gestalte behoort sy aan Christus en kan nie “zonder meer beoordeeld worden naar de regels en wetmatigheden die voor andere menselijke samenlevingsverbanden gelden” (Bakker, 1992:14).

### 1.7.2. Kerkorde

Alhoewel die begrip *kerkorde* nie in die Skrif voorkom nie, [dien] die Skrif homself egter aan as die Woord en die wet van God, en behou dit die reg om bepalings en voorskrifte vir die kerklike lewe te gee (Smit, 1984:57). In die Gereformeerde teologie word daar oorwegend saamgestem dat die beginsels vir ’n komplete kerkorde, tog genoegsaam in die Skrif gegee is. In hierdie verband noem Smit (1984:59) die name van Sillevis Smitt, Bronkhorst, Van Itterzon, Pont en ander gereformeerde kerkregskundiges, wat oordeel dat die Skrif wel die beginsels vir ’n komplete kerkorde voldoende weergee.

Bouwman (1970:327) beskryf die karakter van die kerkorde as volg:

> “Het karakter van de kerkenordening is dus, dat zij de regelen aangeeft, welke op grond van het Woord Gods, in overeenstemming met de belijdenis der kerk, voor de goede orde in de kerk nodig zijn.”

Volgens Smit (1984:84) is die kerkorde "reëlend van aard, onderskeibaar van kerklike besluit en gewoontes, juridies en nie dwingend nie, gegrond op die Skrif en die Belydenis, gebonde aan die kerk wat dieselfde kerkregeringsontwerp onderskryf en van toepassing op die kerke wat die kerkorde gemeenskaplik in kerkverband aanvaar het, met die doel om die goeie orde met behulp daarvan tot eer van God te handhaaf"

"Kerkorde" word in hierdie studie verstaan as:

> "...het geheel van de algemene bepalingen, die door de bevoegde kerkelijke instantie zijn vastgesteld en schriftelijk gefixeerd om een goede gang van zaken in het kerkelijk leven te verzekeren en te bevorderen" (Nauta aangehaal in Du Toit, 1991:46).

Binne die NG Kerk word met "Kerkorde" die huidige 70 artikels verstaan. Volgens Sadler (in Du Toit, 1991:46) is die reglemente, asook die besluite van kerkregtelike aard (wat in die Kerkordeboek opgeneem is) tegnies nie deel van die Kerkorde nie, maar tog 'n onontbeerlike vergestalting van die toepassing van hierdie artikels, aangesien daaraan ook gehoorsaamheid vereis word.

### 1.7.3. Reg

"Baie is al geskryf oor die vraag wat 'die reg' behels. Geen enkele korrekte antwoord is al gevind nie" (Kleyn & Viljoen, 2002:1). Inleidend tot sy studie oor die wese van die reg, merk Geldenhuys (1951:2) dat daar nooit eenstemmigheid bereik sal word oor die vraag wat *reg* is nie. Van der Linde (in Kleynhans, 1982:4; vgl. ook Keet, 1963:1-3; Koffeman, 2009:84) sluit hierby aan wanneer hy vind dat 'n algemeen aanvaarde regsbegrip nie bestaan nie. Voorts in hierdie verband, wys Geldenhuys (1951:2; sien ook Du Plessis, 1999:37-38) waarop die Grieke noem 'n *chaos modernen Anschauungen*. Hierdie chaos was te wyte aan die val van die natuurreg a.g.v. die opkoms van die evolusionistiese of historiese skool onder Friedrich Karl von Savigny (1779-1861), wat die twee grondpilare van die natuurreg, nl. *onveranderlikheid* en *algemene geldigheid*, [weggeslaan] het. Met die val van die natuurreg ontbrand die stryd tussen die verskillende skole, wat twee hoofstrome erken, nl. wilsreg (*jus voluntarium*) of *reg wat nie in die menslike wil sy oorsprong vind nie*. Die oplossing vir

hierdie stryd, voer Geldenhuys (1951:14) aan, moet gesoek word in ’n kombinasie van dié twee rigtings:

> “Naas die in die gemeenskap gegroeide reg, wat steun op die regsbesef van die gemeenskap, bestaan daar ook die gewilde reg (*jus voluntarium*); en vir die bestaan daarvan is dit nie afhanklik van die wyse waarop dit ‘gewil’ is nie, deur die heerser, deur die Volksvergadering of parlement, of ook van die feit dat dit beklee is met ’n sanksie al dan nie, mits dit maar deur die gemeenskap as bindend erken word. M.a.w. *reg is geldende bindende reëls vir die menslike samelewing*.”

Hierdie definisie van Geldenhuys lei hom om die essensiële kenmerke van reg te identifiseer (1951:14-15):

i. Die reg is bindend, terwyl moraal vrylatend is. Moraal doen ’n beroep op die indiwidu, terwyl die reg ’n bindende verpligting voorskryf.
ii. Die reg is heteronoom, algemeen geldende reëls wat elke persoon as persoon beheers, terwyl willekeur geen algemene gelding kan verkry nie.
iii. Die reg gaan oor die lewe uiterlik sowel as innerlik. Regsreëls het betrekking op menslike handelinge, sowel as op gebeurtenisse.
iv. Reg is geldende reëls. Dit moet deur die gemeenskap vir wie dit gestel is as geldend beskou en aanvaar word. Dwang moet dikwels gebruik word om die reg te handhaaf, maar dwang behoort nie tot die wese van die reg nie.

In hul bespreking van die reg as “sosiale kontrak”, wys Kleyn & Viljoen (2002:2) op die volgende “kenmerke van ’n ideale beeld van die reg”:

i. Dit bestaan uit reëls of voorskrifte wat menslike interaksie moontlik maak en reguleer.
ii. Dit orden ’n samelewing en gee sekerheid.
iii. Die reëls word deur staatsinstellings toegepas of geïnterpreteer en, indien nodig, afgedwing.

In weerwil van die gebrek aan eenstemmigheid oor die wese van die reg, vind Kleynhans (1982:4) dat daar wel basiese beginsels daarvoor bestaan, waaroor redelik eenstemmigheid bereik is:

i. Die reg veronderstel altyd ’n gesag of mag wat dit vasstel en handhaaf wanneer geskend word.
ii. Die reg vloei voort uit die wil van die bevoegde orgaan, ’n sosiale outoriteit.
iii. Die reg het te make met die verhouding waarin die een mens tot ’n ander staan, en dat dit in hoofsaak oor uitwendige handelinge gaan.
iv. Regsgeleerde onderskei tussen *objektiewe* en *subjektiewe* reg. Objektiewe reg het te doen met die norme wat aan die regsverhouding ten grondslag lê. Die subjektiewe reg handel oor die bevoegdheid om dinge te doen wat op objektiewe reg steun en daardeur beskerm word.
v. Die regsgeleerdheid (as wetenskap wat die beginsels van die reg ondersoek) word as *normatief* beskou. Dit beskryf nie alleen nie, maar sê ook wat behoort te wees, en nie alleen na wat as reg beskou word nie.
vi. In die kerkreg of *jus ecclesiasticum* word onderskei tussen *jus constituendum* en *jus constitutum*. Eersgenoemde dui op die reg soos dit volgens die Woord van God behoort te wees. Laasgenoemde dui op die reg soos dit werklik bestaan.

Ook die werk van die Nederlandse kerkregskundige Brouwer (in Koffeman, 2009:84-85) getuig van ’n ontwykende karakter as dit kom by ’n definisie vir die reg. Hy bied geen beskouing van die reg nie, maar omskryf eerder wat reg is, deur te fokus op sekere kenmerke:

i. *Recht maakt aanspraak op gezag (en veronderstelt dus een bevoegdheid tot normstelling en een verbindende kracht).*
ii. *Nader toegespitst: recht maakt aanspraak op het hoogste en alomvattende gezag binnen een samenleving.*
iii. *Recht vestigt een geweldsmonopolie.*
iv. *Recht maakt aanspraak op juistheid*

### 1.7.4 Kerkregtelike en Juridiese taalgebruik

Vir doeleindes van hierdie studie, moet daar op die volgende kerkregtelike en juridiese taalgebruik gelet word:

i. Om uitdrukking te gee aan die eiesoortige karakter van die kerkreg (beide die reg ín en die reg vír die kerk) verkies sommige kerkregskundiges, om eerder van die *orde van die kerk* te praat, i.p.v. die *reg van die kerk*. Coertzen (1991:38) meen die gebruik van hierdie *ander* benaming, stel dit nie altyd duidelik waarin die eiesoortigheid van die kerk se reg geleë is nie: "Netsowel kan die begrippe- kerkreg en kerkregering gebruik word, solank dit duidelik is dat die kerk se reg fundamenteel anders is as ander vorme van die reg" (Coertzen, 1991:38).

ii. Dit is belangrik om te onderskei tussen die terme *kerkreg* en *kerkregering*, beide in hul uniekheid en onderlinge korrelasie. Volgens Van Wyk (2007:795) word daar veral in Gereformeerde kringe 'n onderskeid getref tussen dié twee terme. Coertzen (1991:xi) tref die volgende onderskeid:

> "Kerkreg is die wetenskap wat nadink oor wat die Skrif vir ons leer oor die orde vir die kerk van Christus, wat die gang van die orde deur die geskiedenis heen naspoor en wat wil help om die orde vir die kerk ook tot 'n orde in die kerk te maak. Kerkregering is die praktyk van elke dag se kerkwees waarin gestalte, uitvoering, aan die resultate van kerkreg as wetenskap gegee word."

iii. 'n Reg (*a right*) word gewoonlik in Afrikaans beskryf as 'n subjektiewe reg. Dit is die regsverhoudinge of –betrekkinge waarin mense (regsubjekte) tot mekaar staan (Du Plessis & Du Plessis, 1995:127, 135-136).

iv. Die reg (*the law*) bestaan uit alle vorms van die reg (o.a. gemenereg, wettereg, inheemse reg, regspraak). Dit is die reg in objektiewe sin. (Du Plessis & Du Plessis, 1995:145-46).

v. 'n Wet (*a law*) is 'n geskrewe statuut of regsreëls, uitgevaardig deur diegene van die staat, wat die gesag het om dit te doen (Kleyn & Viljoen, 2002:45; Botha, 2005:7).

vi. Regspraak is die reg, soos dit deur die Hof in spesifieke sake bevind is (Kleyn & Viljoen, 2002:60; Botha, 2005:8). In die Suid-Afrikaanse regstelsel word bepaal dat

die bevindings van ’n hoër hof, laer howe of howe van gelyke status bind (ook bekend as die presedenteleer of *stare decisis*) (Du Plessis & Du Plessis, 1995:207; Botha, 2005:8).

vii. Die uitleg van wette, oftewel *wetsuitleg*, bestudeer die reëls, vermoedens en prosedures wat by interpretasie, verstaan en toepassing van wetgewing gevolg moet word, sodoende die mees korrekte betekenis van wetgewing vas te stel en op ’n praktiese situasie toe te pas. Dit is ’n onderafdeling van die juridiese uitlegkunde of die regshermeneutiek (Du Plessis & Du Plessis, 1995:226; Botha, 2005:1).

### 1.7.5 Hermeneutiek

#### 1.7.5.1 Algemeen

Met sy interpretasie van die begrip *hermeneutiek*, fokus Thiselton (1992:31) op wat hy noem “transforming texts”. Hiervolgens het tekste die vermoë om die persepsie, verstaan en aksies van die leser en *lesersgemeenskap* te vorm, asook te transformeer. As voorbeeld in hierdie verband wys Thiselton (1992:31) op juridiese tekste, mediese tekste en Bybeltekste. Andersom kan óók tekste transformasie ondergaan, aan die hand van die leser en *lesersgemeenskap*. Die leser kan byvoorbeeld die teks misverstaan, misinterpreteer en gevolglik misbruik. Wetend of onwetend gee die leser soms vorm aan die teks, soveel so dat dit uiteindelik ’n meganisme word wat nadelig kan wees vir ander se bestaan. ’n Verdere moontlikheid wat Thiselton (1992:31) identifiseer, is dié wanneer die leser of interpreteerder die teks toerus met nuwe betekenis, vir ’n nuwe konteks of situasie.

Met die bogenoemde in gedagte, maak Thiselton (1992:31) m.i. ’n belangrike opmerking:

> “Hermeneutics entails a study of the processes and operative conditions of transforming texts, in both senses of the phrase. It also raises a large network of related questions about goals and models of interpretation, and what each may be thought to presuppose and to effect… Hermeneutics has suffered grievously from the attempts of theorists to use one particular paradigm as a explanatory model for a large variety of texts.”

Histories word die term *hermeneutiek* afgelei van die Griekse woord *hermeneuein*, wat beteken "om te interpreteer". *Hermeneuein* word oorspronklik toegeskryf aan Hermes, die boodskappergod van die antieke Grieke, wie se taak dit was om die boodskappe van die gode, aan gewone mense oor te dra, uit te lê en só verstaanbaar te maak (Mueller-Vollmer, 1986:1).

Hoewel die begrip *hermeneutiek* op verskeie maniere gedefinieer kan word, staan dit sedert die sewentiende eeu bekend as die "wetenskap of kuns" wat besin oor "teorieë van interpretasie en kommunikasie" (Van Aarde, 2004:1105). Sedert die *Verligting*-era in Europa, is antieke tekste interpreteer deur die tradisie agter die diskoers (historiese kritiek) te ondersoek, asook te fokus op die verhouding tussen die linguïstiese en literêre patrone binne die diskoers (strukturalisme as eksegetiese benadering). Hedendaags klink die uitdrukking "hermeneutiek van agterdog" (ook bekend as "hermeneutiek van suspisie") kenmerkend wanneer daar gepraat word van 'n interpretasie, wat die sogenaamde "onmiddellike betekenis" van literêre kommunikasie wantrou (Van Aarde, 2004:1105).

### 1.7.5.2. Hermeneutiek en hierdié studie

Van rigtinggewende belang vir hierdie studie is hoe *hermeneutiek* hier verstaan en beskryf word, asook wat met die *hermeneutiek van die kerkreg* bedoel word. Sake van belang in hierdie verband is die hedendaagse verdeeldheid onder Gereformeerde lidmate en teoloë oor Bybelverklaring en toepassing, asook die problematiek van 'n *multidissiplinêre hermeneutiek*.

#### i. Gereformeerde Skrifverklaring

Wanneer daar gelet word op onlangse artikels soos, *Probleme rondom die verklaring van die Bybel in gereformeerde teologie*[19], *Probleme rondom die Bybel in gereformeerde teologie*[20], *Die gereformeerde Skrifbeskouing en die verrekening van die sosiohistoriese konteks in die eksegeseproses*[21], is dit geen geheim dat daar die afgelope tyd in gereformeerde kringe aktuele debat bestaan omtrent Skrif-interpretasie en uitlegmetodes nie. Deel van hierdie

[19] Van der Walt (2009).
[20] Van der Walt (2008).
[21] Grönum & Janse van Rensburg (2004).

problematiek is *hoe* 'hermeneutiek' verstaan moet word, asook *hoe* die verhouding tussen 'eksegese' en 'hermeneutiek' daarna uitsien. Steenkamp & Van Aarde (1991:473) praat in hierdie verband van "die onderskeid tussen 'metode' en 'benaderingswyse'".

Met hul artikel, *Die hermeneuse van die skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke*, beywer Coetzee *et al* (1980:12) hulself om "hermeneutiek in die tradisionele sin" te verstaan, en "nie in die sin van die sg. Nuwere hermeneutiek wat bykans die hele teologie wil insluk onder 'Hermeneutiek' as die hele proses van 'verstaan' van die Skrifte nie."

*Hermeneutiek*, volgens Coetzee *et al* (1980:12), is "die wetenskaplike dissipline wat die beginsels en reëls vir die praktiese eksegese teoreties ondersoek, toets en vasstel", terwyl *eksegese* gedefinieer word as "uitlegkunde of uithaalkunde." Eksegese, vir Coetzee *et al* (1980:12), dui op die "verstaanproses waarbinne vasgestel word, wat die skrywer oorspronklik vir sy lesers gesê het en wou sê." Die Hermeneutiek beskerm die eksegeet teen "willekeur en inkonsekwensie", wanneer dit "besin oor die vrae waarvoor die eksegeet te staan kom", asook wanneer dit die "beginsels en metodes van Skrifverklaring bestudeer en die basiese reëls daarvoor neerlê" (Coetzee, *et al*. 1980:12).

In terugblik op die verlede, meld Van der Walt (2009:17) dat eksegese "sy onskuld en eenvoud verloor" het, en kan dit volgens hom "nie langer net besig wees met wat letterlik in die teks staan, en die toepassing van 'n aantal logiese letterkundige reëls nie." Ter stawing haal hy (2009:17-18) vir Troos aan:

> "... dat ons verstaan van teksten niet slechts een kwestie van grammatica en logika is, maar primair... de zaak van onze volledige werklijkheidsbeleving en -beschouwing, met andere woorden: van onze levensbeschouwlijke en wijsgerige totaliteitsvisie... de theologische hermeneutiek is veel meer dan de toepassing van vijf of tien regels voor exegese."

Hierdie stroming het die aandag op ’n feitlike situasie gevestig, wat die gereformeerde teologie nie kan ontken nie. Die implikasie hiervan is dat selfs die kleinste van skuiwe in die hermeneutiek, massiewe en radikale konsekwensies inhou vir die teologie.

Nog ’n tema wat die studie direk raak, is dié van ’n *multidissiplinêre hermeneutiek* tussen die teologie en ander wetenskappe.

### ii. ’n Multidissiplinêre hermeneutiek

In sy publikasie, *New horizons in hermeneutics* (1992), wys Thiselton op ’n *spanning* wat hy ondervind wanneer hy tegelykertyd aan twee tipe lesers skryf, nl. diegene wat onderrig, navors en studeer aan Universiteite en dié wat praktiese vrae ondersoek omtrent die Bybelse geskrifte, in belang van die christendom. In hierdie verband skryf Thiselton:

> “...within a multidisciplinary frame these two sets of concerns become one single set of concerns in hermeneutics.”

Thiselton (1992:4-8) gaan voort en verduidelik hierdie problematiek aan die hand van onder andere Paul Ricoeur se hermeneutiek, asook hermeneutiese ontwikkelinge *post*-Gadamer:

Ricoeur se hermeneutiese teorie is volgens Thiselton eksplisiet multidissiplinêr. Hy ondersoek die bydrae van Freudiaanse kategorieë as metodologiese middels van suspisie en kritiek, terwyl hy ook die kreatiewe mag van simbole, metafore en narratiewe in teks (spesiaal in Bybelse diskoers) ondersoek. Algemeen bekend omtrent Ricoeur en óók die onlangse literêre teorie, is die vraag: “what does this text *do*?” In hierdie verband verduidelik Thiselton (1992:5):

> “The very formulation of this question, however, raises a multitude of critical questions in philosophy, theories of language, and socio-critical theory. Can we, or should we, seek to find kriteria which determine the validity of what a text *does* within this or that community or for this or that occasion? Can we welcome a pluralism that might be satisfied as long as texts do *something*?”

’n Sleutel-aspek wat multidissiplinêre hermeneutiek konfronteer (in beide Universiteite en die Christen-gemeenskappe) is die moontlikheid en rol van ’n *meta-kritiek*. Hierdie saak ontlok van Thiselton (1992:5): “...can we critically rank the different kriteria by which we

judge what counts as meaningful or productive effects of texts within this or that context of life". Aan die eenkant van die spektrum staan kontekstueel-realitief sosio-pragmatiese hermeneutiek. Dit is die effek wat die teks op my en my gemeenskap het[22]. Aan die ander kant van die spektrum staan 'n *meta-kritiese* en *sosio-kritiese* hermeneutiek:

> "Here the search for some metacritical ranking is not given up: some trans-contextual basis is sought for the comparative evaluation of contextual kriteria of interpretation and indeed for the purposes in relation to which each set of kriteria gain its currency" (Thiselton, 1992:6).

'n Verdere sameloping tussen teologie, Christen-aksie en multidissiplinêre hermeneutiek blyk uit die hermeneutiese ontwikkelinge, *post*-Gadamer, soos die sosio-kritiese hermeneutiek: "Socio-critical hermeneutics seeks to unmask uses of texts which serve self-interests or the interests of dominating power-structures" (Thiselton, 1992:6). Hiervolgens kan tekste gebruik word vir sosiale manipulasie of beheer, óf die magtiging van sekere waardes wat die belange van 'n spesifieke individu of maatskappy bevorder. Hier bied die sosio-kritiese teorie van Habermas en ander, 'n kritiese raam wat dan ook as teoretiese middel kan dien in die benadering tot die bevrydingsteologie. Die idee rondom die bevryding en verlossing van verdruktes, staan parallel met die bevrydings-hermeneutiek van Latyn Amerika, Swart -en Feministiese teologie.

Regdeur sy publikasie poog Thiselton dan om hierdie spanning te behou- tussen die onvermydelike hermeneutiese pluralisme en die noodsaaklike meta- kritiese status van sake soos die verbod op afgodery, die boodskap van die kruis en die universaliteit van eskatologiese belofte. Thiselton (1992:612) kom tot die som:

> "Christian theology would move into self-contradiction if it ceased to evaluate the prohibition of idolatry, the message of the cross, and the universality of eschatological promise as *merely context-relative,* as the *product or construction* of a particular social culture with no claim to offer a *universal critique* of life and thought, and even a *metacritique* of other criteria of thought, understanding, and action. We need to explore both of these axes of life-world and trans-contextual critique before

[22] Hierdie hermeneutiese lyn loop regdeur die Piëtisme, radikale *leser-antwoord* teorie, pragmatiese vorm van narratiewe teologie en postmoderne elemente van literêre teorie (Thiselton, 1992:6).

we can fully grasp the degree of complexity with which they interact in a theory of hermeneutics which is compatible with Christian theology."

### 1.7.5.3. Gevolgtrekking

Met die voorafgaande wou ek toon dat die hermeneutiek (as dissipline), die onderwerp van heelwat bespreking was, is en vorentoe nog sal wees. Ook wou ek wys dat die onderskeid tussen *eksegese* en *hermeneutiek* 'n komplekse saak is in Gereformeerde kringe. Verder bestaan daar die werklikheid van 'n multidissiplinêre hermeneutiek, waarmee daar rekening gehou moet word.

Beide die laasgenoemde sake is van toepassing op hierdie studie, en gevolglik is die volgende keuses doelbewus uitgeoefen in belang daarvan:

i. Die spanning tussen (a) *eksegese* en *hermeneutiek*, asook tussen (b) 'n *hermeneutiese pluralisme* en *'n meta-kritiese status van sake*, word meereken by hierdie studie. In die saak van 'n *hermeneutiese pluralisme*, asook 'n *meta-kritiese status van sake* (dus die saak rakende 'n multidissiplinêre hermeneutiek, soos in die geval van hierdie studie), sal 'n *algemene hermeneutiek* vir die geesteswetenskappe van groot nut wees; veral in die geval waar gemene uitlegmetodes ter sprake is (soos te sien by die teologie en die regswetenskap).

ii. Aangesien die teologiese en regshermeneutiek nie geïsoleerde dissiplines is nie, maar 'n inherente deel uitmaak van 'n algemene hermeneutiek vir die geestes-wetenskappe, sal die fokus deurgaans wees op die uitlegmetodes wat vir beide die teologie en regswetenskap geld- soos die literêre, strukturele, historiese en sistematiese hermeneutiek.

iii. In hierdie studie word hermeneutiek verstaan as "die teorie van die uitleg van tekste" d.w.s. die tegnieke, metodes en benaderings waarmee tekste interpreteer word.

iv. Alhoewel die "hermeneutiek van die kerkreg" op die Skrif, belydenisskrifte, kerkorde en liturgiese formuliere van toepassing is, sal die fokus in hierdie studie hoofsaaklik wees op die uitleg en interpretasie van die Kerkorde. Dit beteken dat die "hermeneutiek van die kerkreg" hier verstaan word as die tegnieke, metodes en benaderings waarmee die Kerkorde uitgelê en interpreteer word.

**HOOFSTUK 2**

**DEEL 1**

**KERKREG AS REG**

## 2.1. Inleiding tot Deel 1

In sy gepubliseerde proefskrif, *Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode*, merk Geldenhuys (1951:1) dat die regsgeleerde wat kerkreg wil behandel, op twee moeilike vrae stuit: "Wat ons onder die begrip *Kerk* moet verstaan, en wat die verhouding daarvan is tot die begrip *reg* in juridiese sin." Hierop gee hy rigting met nóg 'n vraag, nl. óf kerkreg inderdaad as behorende tot *reg* in eie sin beskou kan word?

In hierdie verband skryf Van der Ploeg (2004:25-26):

> "Op zich onttrek het 'heilige', de Godsverering, zich aan het recht. Godsverering veronderstelt een zich overgeven/onderworpen weten aan God, het hogere. De daarbij 'van hogerhand' gegeven regels zijn niet vergelijkbaar met de regels van mensen. …vanuit de christelijke wijsbegeerte der wetsidee meent dat ondanks de bijzondere bestemmingsfunctie van de kerk in het geloofsaspect in het burgerlijk recht voor haar geen uitzonderingspositie dient te bestaan."

Hierdie konflik tussen kerk en reg is 'n eeue oue spanning wat reeds sedert die Reformasie in die 16e eeu na vore gekom het in die uiteenlopende standpunte van onder andere Martin Luther en Rudolph Sohm (Coertzen, 1991:4; Strauss, 2010:1; Plomp, 1992:33). Die antwoord op hierdie oue vraag, volgens Coertzen (1991:2-4), is nie alleen vir die vakwetenskap kerkreg van belang nie, maar het ook verreikende gevolge vir die praktyk van kerkregering[23]:

> "Wie die wese van die kerke en die orde (reg) in die kerk skei asof hulle niks met mekaar te make het nie, kan byvoorbeeld óf in 'n kerklike docetisme verval waarin die sigbare kerk nie as werklike kerk beskou word nie, maar as 'n skynkerk met al die moontlikhede van wanpraktyke wat daarvan verbode is, óf hy moet die daarstelling en uitoefening van die orde in die kerk uit die hande van die kerk neem en in die hande van iets of iemand anders plaas, gewoonlik die owerheid."

[23] Ook ander kerkregskundiges is dit eens dat dit noodsaaklik is om 'n verantwoorde beskouing te handhaaf oor die verhouding tussen kerk en orde. Sien Strauss (2010:1) en Plomp (1992:34-37) in hierdie verband.

Nog ’n wanpraktyk (Coertzen, 1991:3-4; vgl. ook Strauss, 2010:1) in hierdie verband is dat die orde slegs i.t.v. die burgerreg beskou word, en dat die beskouing dan op die kerk oorgeplant en sodoende in die kerk ingedra word- soveel so dat die kerk sy eie orde as tipies burgerregteliks beskou.

Coertzen (1991:4; sien ook Van der Ploeg, 2004:24-25) wys op ’n derde probleem, nl. dat die kerk nie altyd in staat is om op ’n teologies verantwoorde wyse antwoorde te verskaf op kerkregtelike probleme wat opduik nie. Coertzen (1991:4) is oortuig dit kan daartoe lei dat kerklike probleme opgelos word met regsmetodes wat analoog is aan ander vorme van die reg, en wat vreemd is aan die regering van die kerk.

In hierdie deel van hoofstuk 2 sal kerkreg *as reg* ontleed word. Die fokus sal wees op vrae soos- is kerkreg moontlik? Het kerkreg ’n reg van bestaan in die kerk? Is kerkreg nie ’n *contradictio in terminis* nie? Kan kerkreg as behorende tot *reg* in eie sin beskou word?

Sodra daar bevestigend geantwoord kan word, op die vraag *óf kerkreg ’n reg van bestaan het*, kan die fokus aanskuif na die unieke karakter van die kerkreg, asook (daarna) die eiesoortige hermeneutiese karakter van die kerkreg.

’n Verdere rede waarom kerkreg *as reg* oorweeg word, is ’n geval van soort met soort vergelyk- *reg met reg*. Die vraag of kerk en reg saam kan bestaan (ín die kerk, en as reg), kwalifiseer dus die vraag na die eiesoortigheid van die kerkreg (in vergelyke met ander reg), asook die vraag na die eiesoortige karakter van die hermeneutiek van die kerkreg.

Vervolgens sal die bogenoemde sake beoordeel word, deur die uiteenlopende standpunte omtrent die verhouding tussen kerk en reg, soos in die loop van die geskiedenis, te oorweeg. Die standpunte van onder andere Martin Luther, Rudolph Sohm (asook ander vóór en ná hom vir wie die kerk en reg nie versoenbaar is nie), Johannes Calvyn (Gereformeerde Protestantisme) en ander Gereformeerde teoloë, soos Gijsbertus Voetius en H. Bouwman word ondersoek.

Soos reeds vermeld- hierdie beoordeling geskied op spoor van Coertzen se noukeurige bespreking van *standpunte oor kerk en orde (reg)*, in sy boek *Gepas en ordelik* (1991), terwyl daar deurgaans na ander kundiges verwys sal word.

## 2.2. Martin Luther

> "Kerkrecht is overbodig als het Woord maar op de juiste wijze wordt verkondigd. Luther had niet veel op met regelaars: 'Guter Jurist, böser Christ'" (Van Drimmelen, 2004:17).

In sy bespreking van die *standpunte oor kerk en orde* (reg), wys Coertzen (1991:4) daarop dat dit geen eenvoudige taak is om Luther se siening van kerk en reg vas te stel nie: vanweë die feit dat reg en geloof [diep] ineengrypend was in die Middeleeue, en wie tot 'n nuwe geloofsbegrip en daarmee tot 'n nuwe kerkbegrip sou kom, moes noodwendig ook tot nuwe insigte m.b.t. reg kom. In 'n poging om Luther se siening oor kerk en reg te pen, maak Coertzen (1991:5-12) van drie begripspare gebruik, nl. *wet en evangelie*, *die ryk van God en die ryk van die wêreld*, en *sigbare en onsigbare kerk*.

### 2.2.1. Wet en Evangelie

Volgens Coertzen (1991:5) wou Luther met die teenstelling van die begrippe-paar "Wet en Evangelie" 'n dubbele protes rig: Enersyds teen die Roomse kerk, wat God se Woord ondergeskik gemaak het aan die reg van die Rooms-Katolieke Kerk, en andersyds teen die skolastieke teologie wat die regverdiging deur die geregtigheid van God ondergeskik gemaak het aan 'n regverdiging kragtens goeie werke, wat dan onder die wet, m.b.v. die heiligmakende genade volbring word.

By Luther was daar geen sprake van 'n gelyke of newegeskikte verhouding t.o.v. wet en Evangelie nie. Coertzen (1991:5) wys daarop dat die wet vir Luther ondergeskik was aan die Evangelie, ook omdat dit nie die mens tot geregtigheid voor God kon bring nie. Die enigste moontlikheid tot geregtigheid voor God is deur die *lex Christi,* d.w.s. die Evangelie, en dit is ook deur laasgenoemde dat die *lex Dei* werklik verstaan kan word.

Luther erken 'n drieërlei gebruik van die wet, nl. die *usus theologicus:* om die mens van sy sonde te oortuig, die *usus politicus:* om die goddeloses in toom te hou en die *usus didacticus:* om die lewe van die gelowiges te orden. Volgens Corecco (in Coertzen, 1991:5) het Luther dit egter probeer vermy om van die derde gebruik van die wet te praat, aangesien hy van mening was dat die regverdiging kragtens die Evangelie, reeds die wortel van 'n nuwe lewe

vir die mens is en dat die sogenaamde *usus didacticus* of *paraeneticus*, die moontlikheid bevat om klem te lê op die werke van die mens.

### 2.2.2. Luther se twee ryke

Coertzen (1991:6-7) wys daarop dat Luther se standpunt oor die twee ryke, op verskillende maniere verstaan word. In hierdie verband verduidelik hy die sieninge van onder andere P. Althaus, Johannes Heckel en Erik Wolf-

Althaus[24] is van mening dat Luther 'n radikale skeiding tussen die ryk aan die regterhand en die ryk aan die linkerhand geleer het. Die skeiding is by wyse so radikaal dat dit enige moontlikheid uitsluit om positiewe insette vanuit die Evangelie vir die regsordening van die staat te maak.

Heckel[25] daarenteen meen Luther het onderrig dat beide die wêreldlike natuurreg en die staat ten diepste aan Christus onderworpe is. Die mensdom (ten spyte van sy afval) kan hom nie aan God se mag onttrek nie, maar in sy sonde beleef hy God se ryk as 'n ryk van toorn.

Volgens Wolf[26] (wat Heckel onderskryf) het Luther nie die rasionalisties-empiristiese verdeling van die dialektiese eenheid, van die Christelike bestaan in twee ryke geleer nie. Hierdie radikale skeiding tussen die twee ryke was nie van Luther nie, maar die gevolg van latere ontwikkelinge in die Lutheranisme. Feit bly egter dat al sou Luther self nie die radikale skeiding van die twee ryke geleer het nie, het hy wel onderskeid getref tussen die ryk van Christus en die ryk van die wêreld.

Die inhoud van die twee ryke behels o.a. die volgende (Coertzen, 1991:6):

> "Tot die ryk van Christus behoort die mens in die *status incorruptus,* die *homines spirituales.* Die wet wat in die ryk geld is ewe-eens 'n geestelike wet, die *lex spiritualis.* Van die ryk van Christus kan ook gesê word dat dit 'n geestelike gemeenskap *(communio spiritualis)* is, wat georden word vir die *homo spiritualis* en waarin vryheid en broederskap as die enigste ordeningsmagte in gevolge die goddelike reg, geld."

[24] *Die beiden Regimente bei Luther. Bemerkungen zu Johannes Heckels Lex Charitatis in theologische Literaturezeitung* (1956) en *Luthers Lehre von den beiden Reichen im Feuer der Kritik* (1957).
[25] *Lex Charitatis. Eine juristische Untersuchung über das Recht in der Theologie Martin Luthers* (1973).
[26] *Ordnung der Kirche. Lehr und Handbuch des Kirchenrechts auf ökumenischer Basis* (1960).

Tot die ryk van die wêreld behoort daarenteen die mens in die *status corruptus*:

> "Hier geld die *lex irae* van die ou verbond, dit is 'n wêreldlike gemeenskap vir die *homo naturalis* geskep en georden. In teenstelling met die ryk van Christus geld daar in die ryk van die wêreld dwang, ongelykheid en heerskappy en dit word ook regeer deur die sogenaamde wêreldlike reg wat 'n produk is van die menslike rede" (Coertzen, 1991:7).

### 2.2.3. Sigbare en onsigbare kerk

'n *Derde sleutel* (Coertzen, 1991:7-9) tot Luther se siening oor die verhouding tussen kerk en reg, asook die gevolge daarvan, is sy beskouing van *sigbare en onsigbare kerk*. Volgens Luther (Coertzen, 1991:7) is die kerk die ryk van Christus (*Regnum Dei Ecclesia Christi*) en in hierdie ryk (d.w.s. die kerk), word die mense deur die Heilige Gees geroep, versamel, verlig en in die regte geloof geheilig en gehou. Weens die werking van die Heilige Gees heet die kerk ook *ecclesia spiritualis*.

Voortvloeiend uit, en samehangend met, hierdie geestelike karakter van die kerk (Coertzen, 1991:7) het Luther geleer dat alle gedoopte gelowiges, die *corpus Christi* my*sticum* is - *'n geestelike broederskap* (vgl. Van't Spijker, 1992:86)- en as sodanig die wesentlike, inwendige, geestelike Christendom. Dit beteken dat die ware kerk as *communio sanctorum* - die gemeenskap van die heiliges -, gedefinieer kan word of in terme van die twee ryke leer as die *regnum fidei.*

Die gevolg hiervan, verduidelik Coertzen (1991:7), was dat geen geografiese, persoonlike of apostoliese duiding vir die ware kerk nodig was nie[27]. Die ware kerk was eintlik die verborge kerk. Die verborge kerk het ook 'n sigbare aardse kant *(fades ecclesiae),* wat in werklikheid net vir geestelike mense waarneembaar is. Dit kom dus daarop neer dat Luther twee gestaltes of aspekte van die kerk onderskei het, nl. die inwendige en die uitwendige; die geestelike en die liggaamlike, die innerlike en die uiterlike kerk (Coertzen, 1991:7; vgl. ook Van't Spijker, 1992:86-87).

[27] *Abscondita est ecclesia, latent sancti* (Luther - 1525, W A XV111:653, 28).

Luther het weliswaar ’n lewensnoodsaaklike samehang, asook ’n onophefbare spanning tussen die twee gestaltes van die kerk gehandhaaf. Hiervolgens het beide gestaltes van die kerk ’n eie kerkreg (Coertzen, 1991:8-9):

Heckel (in Coertzen, 1991:8) meen die geestelike, onsigbare kerk berus in alles op die wil van Christus en daarom kan daar hier gepraat word van Goddelike reg. Die reg het deels betrekking op die inrigting van die kerk en deels op die reëling van die onderlinge verhoudinge van Christene. As eersgenoemde die doop en die Avondmaal, is dit *ius divinum positivum* en as laasgenoemde is dit *lex charitatis spiritualis.*

In die bogenoemde verband noem Heckel (in Coertzen, 1991:8) dat die reg in die sigbare kerk daarenteen ’n menslike reg is, en kan daar nie gesê word dat dit die sigbare kant van die geestelike reg is nie. Soos in die geestelike kerkreg, onderskei Luther ook by die menslike kerkreg ’n tweërlei werkinge (Dreier in Coertzen, 1991:8; vgl. ook Van’t Spijker, 1992:87): Enersyds- regshandelinge wat direk voortvloei uit die *ius divinum positivum* (handelinge met betrekking tot die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente en die sleutelmag). Andersyds- regshandelinge wat nie direk voortvloei uit die *ius divinum positivum* nie. Hierdie laastes kan ook aangedui word as outonome regshandelinge, en eersgenoemdes as heteronome regshandelinge.

In die maat waarop die heteronome regshandelinge in die geloof uitgeoefen word, vind Coertzen (1991:8-9) dat dit wel deel het aan die geestelike karakter van die geestelike kerkreg. Die outonome kerkreg daarenteen (Coertzen, 1991:8) kan hoegenaamd nie aanspraak maak op die predikaat- *geestelik* nie, maar dit is ook nie uit-en-uit wêreldse reg nie. Dit is *in hoc mundo* maar nie *de hoc mundo* nie: Enersyds is dit ’n liefdesordening en kom daarin met die goddelike reg ooreen, andersyds kom dit met die staatlike reg ooreen omdat dit net op die uiterlike mens betrekking het (Correco in Coertzen, 1991:8). Die menslike kerkreg, betoog Coertzen (1991:8-9), kan slegs aanspraak maak op die benaming kerkreg as dit die *actus charitatis spiritualis* dien. Die reg kom dus tot stand deur die vrywillige samewerking van die Christene in die partikuliere kerke, en hoewel dit dikwels die werk is van ampsdraers (kragtens hulle amp), berus die gelding daarvan op die *consensus fidelium.* Hoewel hierdie reg op die wyse geskep word, meen Coertzen (1991:9) is dit vir die

vors as *membrun praecipuum ecclesiae* geoorloof om in buitengewone omstandighede in te gryp, en die reg te handhaaf[28].

Dreier (in Coertzen, 1991:9) verduidelik dat hoewel die reg 'n bindende krag het, moet die Christen dit eintlik net ter wille van die broederliefde eerbiedig en hoef hy dit onder bepaalde omstandighede nie te eerbiedig nie. Coertzen (1991:9) wys in hierdie verband op 'n stelling van Hobbes: *Auctoritas, non veritas facit ius* (gesag en nie die waarheid nie, skep reg). Van Luther se standpunt sou gesê kon word (Coertzen, 1991:9) *caritas non auctoritas facit ius* (liefde en nie gesag nie, skep reg).

### 2.2.4. Gevolge van Luther se beskouinge

Volgens Coertzen (1991:9-12) het die voorafgaande beskouinge van Luther verreikende gevolge gehad, hoewel miskien nie so deur homself gewil of verstaan nie:

#### i.'n Radikale sekularisering van die reg

Soos bo vermeld, bestaan daar 'n verskil by teoloë (o.a. Heckel teenoor Althaus) oor hoe Luther se beskouing van die twee ryke verstaan moet word- dat beide onder Christus se heerskappy staan, óf dat hulle radikaal geskei moet word. Hierop antwoord Coertzen (1991:9):

> "Feit is egter dat hierdie leer van die twee ryke uiteindelik daartoe gelei het dat Evangelie en reg radikaal van mekaar geskei is en dit op sy beurt het aan die staat en die wêreldlike reg eintlik 'n onbegrensde outonomie teenoor die Woord gegee... Die skeiding van kerk en wêreld en wet en Evangelie het daartoe gelei dat die wêreld oorgelaat is aan 'n eie dinamiek van sekularisering met staat en reg as eksklusief menslike aangeleenthede, gebou op die soewereine, immanente rede van die mens. Binne hierdie skema het die reg uit die aard van die saak skade gelei... in 'n twee-ryke leer met sy gevolglike sekularisering van onder andere die reg kan hierdie fundamentele waarheid nie tot sy reg kom nie."

[28] Soos wat inderdaad in 1525 met die sogenaamde Boere-opstand op versoek van Luther ook gebeur het (Coertzen, 1991:9).

### ii. ’n Verskraalde kerkbegrip

Die twee-ryke leer in sy konsekwensie, verklaar Coertzen (1991:10), het aanleiding gegee tot ’n verskraalde kerkbegrip en ’n kerkbegrip waaraan daar eintlik nie veel aandag gegee is nie. Die kerk, argumenteer Correco (in Coertzen, 1991:10), is veel eerder as ’n liefdesinstituut gesien- met die gevolg dat hy weinig invloed kon uitoefen op die werklike regstrukture in die samelewing (*in casu* ook sy eie regstruktuur). As gevolg van die twee-ryke, leer het die kerk hom in ’n bepaalde sin eintlik aan die wêreld onttrek en dit aan die owerheid oorgelaat[29]. Coertzen (1991:10) onderskei in hierdie verband tussen verskillende strominge, wat ’n direkte gevolg hiervan (vir die kerk self) was- die Piëtisme wat eensydig klem gelê het op die innerlike subjektiwiteit, die eskatologie en ’n Christusverwagting wat nie altyd aan die Woordopenbaring getrou was nie. Ook het dit ingrypende gevolge gehad vir die orde van die kerk, vanweë die verskraalde kerkbegrip wat nie vir ’n teologies verantwoorde orde in die kerk voorsiening gemaak het nie.

### iii. Tweërlei regsbegrip

’n Derde gevolg wat Coertzen (1991:10-11) voorhou is ’n tweërlei regsbegrip:

- Enersyds is daar die ryk van God- met die *lex charitatis sen spiritualis* wat hom tot die innerlike mens, die *homo interior,* rig en wat eintlik net deur die *intellectus fidei* geken kan word.
- In die ryk van die ongelowiges- die *regnum diaboli*, word die *lex Christi* nie meer verstaan nie, met die gevolg dat daar in die staat ’n reg tot stand kom wat nie meer in die liefde gewortel is nie, wat net op mag gebou is en wat net op die uiterlike mens, die *homo exterior* gerig is en slegs uiterlike verhoudings op die oog het.

Die verdere werking van die tweërlei regsbegrip het hom openbaar in ’n spanning tussen kerk en reg. Lierman (in Coertzen, 1991:10) gebruik skerp taal as hy in dié verband praat

[29] Volgens Coertzen (1991:10) kon die kerk die wêreld alleen met ’n moralisme tegemoet tree, en het die aanspraak verloor om ’n boodskap te verkondig van ’n geloof wat politiese en ekonomiese strukture kan verander.

van die "Kampf gegen das Recht", wat geleë is in ’n "Vergeistigung des religiösen Denkens". Volgens Coertzen (1991:10) het die tweërlei regsbegrip egter verder gaan:

Vir die kerkreg sou dit, volgens Erik Wolf (in Coertzen, 1991:10-11), lei tot ’n *Entwesung des Rechtsgedankens.* Dit sou ontaard in ’n reg wat hom eintlik net in die *forum internum* voltrek, wat eintlik net op persoonlike gewetensbeslissings betrekking het. Hieroor skryf Coertzen (1991:10-11):

> “Van ’n positiewe dinamiese *lus ecclesiasticum* kan daar onder hierdie omstandighede eintlik geen sprake wees nie. Dit sou ook lei tot ’n ontgeesteliking van die sogenaamde natuurlike reg, want daar kon geen geestelike grondslag meer vir die reg wees nie. In die mate wat die kerk se reg dan aan die natuurlike reg gekoppel is, is dit dan ook ’n ongeestelike aangeleentheid. Daarom (is die *lus ecclesiasticum* teologies gesproke onbelangrik, ’n *adiaforon* wat noodwendigerwys as ’n *Fremdkörper* in die kerk, aan die juriste (ongeestelikes) oorgelaat moet word - en as daar nie juriste is wat daarin belangstel nie? Hierbenewens word die hele Skriftuurlike begronding van kerkreg ook tersyde gestel.”

### iv. ’n Ander reg in die kerk

Coertzen (1991:11) is van mening dat die *twee-ryke leer*, die teenstelling tussen *wet en Evangelie* en die *leer oor twee kerke*, nie alleen gelei het tot ’n tweërlei regsbegrip nie, maar ook daartoe dat die kerk aan ’n [ander, vreemde reg oorgegee]:

> “Aangesien die orde in die kerk nie vanuit die Skrif en belydenis geregverdig is nie, asook die orde in die wêreldlike gemeenskappe slegs in verband met die *status corruptus* en as ’n oorlewingsorde gesien is, kon daar maklik daartoe gekom word om die regering van die kerk aan die wêreldlike owerheid oor te gee. Dit was per slot van rekening ’n orde wat net met die uiterlike en nie met die werklike kerk te make het nie. Die owerheid kon aanspraak maak op gehoorsaamheid omdat hulle tog ook - sy dit dikwels onbewustelik - in God se diens gestaan en ’n amp vervul het.”

Die moontlikheid is dus geskep om ’n ander, vreemde reg in die kerk in te bring, met die oorgawe van die kerkregering aan die owerheid. Dit het daartoe gelei dat die kerk telkens

uitgelewer is aan die willekeur van ’n owerheid, asook die ideologie wat hy voorgestaan het (Coertzen, 1991:11). Dit hou in dat die natuurreg mettertyd die verdedigingsgrond vir die orde in die kerk word- dat die kerk as ’n vereniging met ’n status gesien is, en nie as ’n plek waar die Woord die hoogste gesag het nie. Die gevolg van die natuurregsteorie sou ook wees dat reg as louter positivistiese reg gesien is- met ander woorde die reg soos wat dit in wette neerslag vind (Coertzen, 1991:11).

## 2.3. Rudolph Sohm en ander

> “Feit is dat de kerk zich al vroeg in een bepaalde organisatorische gedaante vertoond heeft. Maar feit is ook dat zich daartegen haast van meet aan verzet heeft geopenbaard en er sindsdien geen eeuw voorbijgegaan is, of er traden anti-institutionele tendens aan de dag” (Plomp, 1992:32).

Die Duitse juris, Rudolph Sohm (1841-1917), het met sy afwysing van die kerkreg en kerkregering die skerpste gevolgtrekkinge uit onder meer Luther se denke getrek- deurdat hy kerkreg as strydig met die wese van die kerk gesien het (Coertzen, 1991:12; Koffeman, 2009:83; Plomp, 1992:33). Sohm was nie die eerste óf die laaste, wat probleme met die verhouding tussen die kerk en die reg gehad het nie (Coertzen, 1991:12; Kleynhans, 1991:35; Plomp, 1992:32-33). Dwarsdeur die geskiedenis was daar diegene vir wie die reg in die kerk problematies was. Hulle het gewoonlik of die bestaande reg in die kerk totaal en al afgewys, of dit verdra [as ’n uiterlike, ongeestelike dop waaragter die ware kerk verskuil was] (Coertzen, 1991:12).

### 2.3.1. Vóór Sohm

Reeds in die tweede eeu het die Montaniste hulle teen die veramptelikin g van die kerk verset- [omdat dit na hulle mening ’n teken van die verwêreldliking van die kerk was] (Coertzen, 1991:12), in ’n poging om die oud-Christelike profesie te laat herleef (vgl. ook Plomp, 1992:32).

Die dertiende eeu sien Joachim van Fiore- volgens hom was daar eerstens die tyd van die Vader, wat vanaf Adam tot by Christus gestrek het (dit was die tyd van die vlees waartydens die stand van die getroues geseëvier het). Hierna het die tyd van die Seun gevolg, wat vanaf Ussia tot by Jesus gestrek het (dit was die tyd van die lewe tussen die vlees en die Gees waartydens die klerici die botoon gevoer het). In Joachim se eie tyd het die periode van die Gees voor die deur gestaan. Gedurende hierdie tyd sou die monnike na vore tree en sou daar geen plek meer vir enige hiërargie in die kerk wees nie. Dus met sy beskouing van die (kerk)-geskiedenis het hy in weerstand teen die kerkreg gespreek (Coertzen, 1991:12; vgl. Plomp, 1992:32).

Gedurende die sestiende eeu wou die Anabaptiste[30] nie 'n reformasie van die kerk nie hê nie, maar 'n volledige herstel (*restitutio*) van die kerk van die Nuwe Testament. Coertzen (1991:12; vgl. Plomp, 1992:32) vind in hierdie verband dat alles in die kerk wat nie direk deur die Skrif geleer word nie, afgeskaf moes word, asook na die subjektivistiese voorbeeld van die oudste Nuwe Testamentiese gemeente teruggekeer word. Kleynhans (1991:35) wys daarop dat hul standpuntstelling, Sohm vooruit was: "...die woorde Kerkreg en kerkregering, so redeneer hulle, behels 'n innerlike teenstrydigheid aangesien kerk en reg onverenigbaar met mekaar is."

In die negentiende eeu het John Nelson Darby ('n ampsdraer in die Anglikaanse kerk) tot die insig gekom dat die georganiseerde kerk met sy kerkordes, geloofsbelydenisse, formuliere en ampte, in die weg staan van die saamleef van alle Christene. Om die rede, skryf Coertzen (1991:13; sien ook Plomp, 1992:32), [het hy met alles wat na organisasie lyk gebreek, en het sy volgelinge hulleself net broeders genoem wat in 'die vergadering', die naam van hulle uiters laagkerklike gemeenskap, byeengekom het].

### 2.3.2. Rudolph Sohm

> "Al zou de grootmeester op het gebied van het Romeinse en het Germaanse Recht, Rudolph Sohm (1841-1917) hem dat niet nazeggen, hij was wel van mening dat het woord 'kerkrecht' een contradictio in terminis is" (Van Drimmelen, 2004:17).

[30] Die Anabaptiste het sterk standpunt ingeneem teen die hervormers- wat na hulle mening nie ver genoeg in hulle reformasie van die kerk gegaan het nie (Coertzen, 1991:12).

Oor Rudolph Sohm en die vraagstuk betreffende kerk en reg, merk Coertzen (1991:16):

> "In die gallerye van persone wat almal minder of meer krities staan teenoor die reg in die kerk, was dit Rudolph Sohm wat die hele problematiek besonder skerp aan die orde gestel het. Daarmee het hy ook die impetus geword vir hernude besinning oor die vraag na die verhouding van kerk en orde."

Ter stawing van die bogenoemde, wys Pont (1981:6) op Sohm se uitspraak in 1892:

> "Das Christentum ist in die Welt hereingekommen, überirdisch, überweltlich... Gerade diese Welt des Geistlichen gilt es zu erschauen, wenn die Erzeugung von Kirchenrecht und seine ganze fernere Geschichte verstanden werden soll. Aber diese Welt des Geistlichen kann nicht mit juristischen Begriffen erfasst werden. Noch mehr, ihr Wesen steht zu dem Wesen des Rechtes im Gegensatz. Das geistliche Wesen der Kirche schliesst jegliche Kirchliche Rechtsordnung aus. In Widerspruch mit dem Wesen der Kirche ist ez zur Ausbildung von Kirchenrecht gekommen. Diese sache beherrscht die Geschichte des Kirchenrechts von der ersten Zeit bis heute."

Die Nuwe-Testamentiese kerk, die "Urchristentums" soos Sohm dit noem, was volgens hom 'n suiwer geestelike kerk, sonder enige formele juridiese organisasie (Coertzen, 1991:17; kyk ook Lowrie, 1904:100-101; Plomp, 1992:35-36). Christus self was die Heer en Hoof van die kerk en het die gemeente deur die gawe van Sy Gees, waarin almal gedeel het, gelei. Die gemeente was voluit 'n charismatiese gemeente (Kleynhans, 1982:19: "charismatische Organisation... welche nur aus Liebe geboren werden kann") wat deur die mag van die liefde besiel en byeengehou is (Lowrie, 1904:100-101). Die eerste kerk was 'n "Geistkirche" 'n "Liebeskirche"- m.a.w. 'n kerk sonder enige regsorde, aangesien dit nie 'n orde nodig gehad het nie, want dit het van daardie kerk gegeld: *Ubi Christus, ibi ecclesia*- Waar Christus is, is die kerk (Coertzen, 1991:18; vgl. Lowrie, 1904:100-101, 136-137; Kleynhans, 1991:36). Juis daarom kan daar van die vroeë kerk gesê word dat dit suiwer Geestelike was (Coertzen, 1991:18; Lowrie, 1904:100-101, 136-137).

Hierdie toedrag van sake, ontlok van Lowrie (1904:100-101):

> "He [Sohm] recognizes that in the Church, the body of Christ, there can be no other than a spiritual government… In the second place, the unit of the Church is not the congregation, but the individual believer with his personal charisma… thirdly, the so-called congregational government is in reality Church government; it, too, demands a

> charismatic ministry, a ministry of the word, and it can endure no other. In the fourth place, as there is no such thing as congregational government, but only Church government, there is no authority which is merely local: -all authority in the Church is ecumenical, because it rests upon the possession and exercise of God's word."

Volgens Coertzen (1991:18; Lowrie, 1940:235) het hierdie situasie in die kerk teen die einde van die eerste eeu verander, soos blyk uit die eerste brief van Clemens van Rome aan die gemeente van Korinthe. In die gemeente het 'n verskil ontstaan oor die biskop-amp, die viering van die Nagmaal en die verdeling van die offergawes. Coertzen (1991:18; vgl. ook Lowrie, 1904:235) wys daarop dat in dié situasie vermaan Clemens die jonger lede van die gemeente om hulle nie teen hul ampsdraers te verset nie. Hiermee, argumenteer Sohm (in Coertzen, 1991:18; in Lowrie, 1904:136-137), het daar 'n verskuiwing by die kerk ingetree vanaf die *ubi Christos ibi ecclesia* (waar Christus is, is die kerk) -beginsel na die *ubi episkopos ibi ekklesia* (waar die biskop is, is die kerk) -beginsel. Hierdie verskuiwing het getuig van 'n gebrek aan vertroue in die mag van die Heilige Gees. Dit was 'n kleingeloof ("menschlicher kleinglaube" volgens Kleynhans, 1991:36) wat gevrees het dat die mag van die sonde groter is as die mag van die Heilige Gees, en wat daarom allerlei ordereëls ter beveiliging van die kerk ingestel het (Coertzen, 1991:18). In die eeue wat hierop sou volg, het die kerk homself van 'n al groter wordende organisasie bedien, waarin daar egter al hoe minder ruimte vir die vrye werking van die Heilige Gees was. Die kerk was uiteindelik nie meer suiwer geestelik nie, maar "geistlichweltlich" (Coertzen, 1991:18; vgl. ook Plomp, 1992:36).

Gedurende die sestiende eeu het daar, volgens Coertzen (1991:18; sien ook Lowrie, 1904:40-41), ietwat van 'n lig deurgebreek toe Martin Luther in sy aanvanklike optrede vir die apostoliese opvatting van die kerk, en vir die algemene priesterskap van die gelowiges gekies het. Die lig was egter van korte duur omdat die Lutherse reformasie, kerkregtelik gesproke, spoedig in die landsheerregering van die kerk vasgeval het (Coertzen, 1991:18; vgl. Lowrie, 1904:40-41). Die Zwingliaanse en Calvinistiese reformasie het, wat Sohm betref, ook nie veel opgelewer aan werklike reformasie nie, aangesien die eersgenoemde uitgeloop het op 'n soort teokrasie waarin die staat in die Naam van Christus- sorg gedra het vir die orde van die kerk (Coertzen, 1991:18), terwyl Calvyn selfs van mening was dat die Here 'n volledige orde aan Sy kerk voorgeskryf het (Coertzen, 1991:18).

Wat Sohm betref (Coertzen, 1991:18), was die Episkopale kerkreg, die Piëtisme en die *Aufklärung* (in die jare na die Reformasie), net nog verdere verwordinge van die kerk. Die Episkopalisme vanweë sy voortgaande veramptelikingvan die kerk, terwyl die Piëtisme en die *Aufklärung*- wat kerkregtelik, onderskeidelik in die territoriale- en kollegiale kerkregering gestalte gekry het, uiteindelik van die kerk niks anders as 'n vereniging gemaak het nie, weens hulle klem op die enkeling met sy gemeenskapslewe (Coertzen, 1991:18).

Die hele gang van die kerk deur die geskiedenis, laat Sohm uiteindelik konkludeer dat die kerk in sy dag "eine rein weltliche Organisatio" is:

> "Die rechtlich verfasste sichtbare Kirche im Sinn des heutigen Kirchenrechts ist als solche nicht die Kirche Christi, sondern Teil der Welt" (Coertzen, 1991:18).

Coertzen (1991:18-19) wys op 'n Engelse vertaling van Sohm se werk *Kirchengeschichte im Grundriss*, waarin Sohm betoog dat die kerk die vergadering van alle Christene is. In die kerk het elke individuele Christen volkome gemeenskap met God deur Christus, en waar twee of drie gelowiges is- daar is die kerk en daar is Christus teenwoordig.

In hierdie verband wys Kleynhans (1991:36) op Sohm se skrywe:

> "Die Ekklesia ist die gesamte Christenheit, der Leib Christi, die Braut des Herrn– eine geistliche Grösse, den Normen des Irdischen, auch dem Recht entrückt."

Sohm beywer hom dus vir 'n kerk sonder enige ampsdraer of kerkorde:

> "On the contrary, if every congregation of believers represents the Church, that is, the whole of Christiandom with Christ its head, then no single congregation has any legal authority over another" (Sohm in Coertzen, 1991:19).

Hiervolgens regeer Christus sy kerk slegs deur die genadegawes wat Hy gee:

> "The Church, the people of God signifies a spiritual people; the kingdom which is established in the Church is a spiritual kingdom; Christiandom forms not a state, nor a political union, but is a spiritual kingdom. Once for all, a legally constituted Church cannot be" (Sohm in Coertzen, 1991:19).

Sohm is oortuig dat daar tog kerkregering ontstaan het vanweë die natuurlike mens, wat verlossing in Christus wil hê, maar wat ook nog onder die wet wil bly (Coertzen, 1991:19).

Volgens Sohm (in Coertzen, 1991:19) was ook Luther in beginsel gekant teen elke vorm van kerkregering, en hierdie standpunt van hom sou ook in die Lutherse belydenisskrifte neerslag gevind het. Sohm (in Coertzen, 1991:19) voer aan dat Luther Op 10 Desember 1520 nie net die *Corpus luris Canonici* verbrand nie, maar kerkreg as sodanig, as sou dit onchristelik en verderflik wees. Coertzen (1991:19) meen dit is inderdaad te betwyfel of die bogenoemde 'n korrekte weergawe van Luther se standpunt is, en of hy nie net die Rooms-Katolieke kerkreg verbrand het nie. Die feit is egter dat ons hierdie radikalisering van Luther by Sohm aantref:

> "Rein materialistische Denken das im Recht nicht anderes als ein Produkt der menschlichen Vernunft oder ein Mittel zur Regelung gesellschaftlicher Interessen erblickt, hat im Zeitalter der Aufklärung und später im Positivistischen 19 Jahrhundert diese hohe Wertung des Rechts im Vergessenheit geraten lassen. Dadurch ist die Kluft zwischen Recht und Kirche immer grösser und für Sohm schliesslich unüberbrückbar geworden" (Lierman in Coertzen, 1991:19).

Aan die ander kant, gee Coertzen (1991:19) toe, kan dit ook nie ontken word nie dat daar inkonsekwenthede in gemelde standpunte van Martin Luther voorgekom het, en dat die inkonsekwenthede deur sy volgelinge eensydig ontwikkel is, wat dan alles uiteindelik tot die radikale standpunt van Sohm bygedra het.

Van verskillende kante af is daar in die verlede teen Sohm kritiek gelewer:

> "The lively discussion which has followed Sohm's work in Germany deals chiefly, as might be expected, with the fundamental question which he raises as to the relation of law to the Church, Most of Sohm's critics deny his thesis that law is incompatible with the very idea of the Ecclesia" (Lowrie, 1904:150).

Kleynhans (1991:36; vgl. ook Lowrie, 1904:150-55) noem in hierdie verband, dat reeds in 1894 'n boek van Wilhelm Kahl, *Lehrsystem des Kirchenrechts und der Kirchenpolitik*, verskyn het, waarin hy Sohm se *Kirchenrecht* bestempel "als der hervorragendsten Kirchenrechtlichen Erscheinung der Neuzeit". Ook rig Kahl hom sterk en duidelik teen die gedagte, dat die wese van die reg volkome in stryd met die wese van die kerk is.

Die Nederlander F.L. Rutgers, sluit hom by Kahl aan met sy rede, *Het Kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt*, reeds in 1894- dit wil sê skaars twee jaar na die

verskyning van deel I van Sohm se *Kirchenrecht* (Kleynhans, 1991:36). In sy voordrag fokus hy onder andere op Sohm se standpunte (in Coertzen, 1991:20):

i. dat die reg van nature formeel is maar dat in die kerk alles van God se Woord en wil afhang;
ii. dat die reg die eis bevat dat elkeen, desnoods met dwang, daarvoor moet buig terwyl dit in die kerk gaan om vrye geloofsgehoorsaamheid wat uit liefde voortkom;
iii. dat reg tot die aardse, natuurlike lewe behoort terwyl die kerk geestelik is en dat sy ganse inrigting dien ten gevolge die teendeel is van 'n regsinstituut is.

Ten opsigte van Sohm se standpunt- dat die reg van nature formeel is, terwyl alles in die kerk afhang van God se wil en Woord, argumenteer Rutgers:

> "...dat dit 'n ongeregverdigde skeiding van vorm en inhoud is en dat die vorm van die uiterste belang is om die wese van 'n saak tot sy reg te laat kom. In die geval van die organisasie van die kerk beteken dit dat die volstrekte heerskappy van God se Woord ook formeel in die regsorde van die kerk opgeneem moet word" (in Coertzen, 1991:20).

Oor die vermeende spanning tussen die sogenaamde dwangkarakter van die reg en die vryheid en liefde in die kerk, toon Rutgers:

> "...dat vryheid en liefde in die Christelike sin van die woord nie in spanning is met die regsorde nie en dat dwang as sodanig nie 'n unieke kenmerk van die regsorde is nie..." (Coertzen, 1991:20).

Omtrent Sohm se derde standpunt- dat die kerk geestelik is, in teenstelling met die reg wat wêreldlik is, betoog Rutgers-

> "...dat die noodwendigheid van 'n regsorde vir die kerk ook nie buite God om gaan nie. Inteendeel, God het self die kerk so geïnstitueer dat dit aan sy doel kan beantwoord en reg as sodanig is uit God wat dit self daar gestel het" (Coertzen, 1991:20).

Die kerkregskundige H. Bouwman sluit hom aan by Kahl en Rutgers, wanneer hy aanvoer dat die voorstelling van Sohm nóg op die Skrif kan steun, nóg uit die wese van die kerk afgelei kan

word, maar inteendeel ’n loutere filosofiese konstruksie is (Kleynhans, 1991:37). In sy boek *Gereformeerd Kerkrecht*, Deel 1, beklemtoon Bouwman (1970:7-10) dat daar by Sohm “eene verkeerde voorstelling van de verhouding van recht en kerk” is.

Volgens Coertzen (1991:20) het ook Otto Friedrich, in *Einführung in das Kirchenrecht*, dit oor Sohm se kerkbegrip, en wys hy daarop dat die kerk volgens Sohm slegs onsigbaar is, en daarom kan daar ook nie ’n sigbare gemeenskap wees wat as kerk bekend staan nie. Coertzen (1991:20) interpreteer dit as volg:

> “...in die mate wat die sigbare kerk die Woord en sakramente besit en bedien, is die sigbare kerk nie werklik die kerk van Christus nie. As sigbare entiteit besit die kerk die Woord en sakramente maar net uiterlik, net skynbaar. In die mate wat dit wel die ware Woord van God en sakramente bedien, is dit nie die sigbare kerk wat dit doen nie, maar die verborge, onsigbare Christendom, in werklikheid is daar, volgens Sohm, geen sigbare kerk nie. Dit is met sy kerkbegrip wat Sohm se regsbegrip dan in botsing kom, want reg het volgens hom sy oorsprong by die volk wat deur die owerheid in ’n staat georganiseer word, daarom is reg en staatlike reg eintlik sinonieme wat beteken dat die sigbare kerk, wat die oneintlike kerk is, regtens deur die staat georden kan word.”

Tereg argumenteer Friedrich (volgens Coertzen, 1991:21), dat beide Sohm se kerkbegrip en sy regsbegrip onaanvaarbaar is:

> “In sy kerkbegrip is daar ’n eensydige en verskraalde spiritualiteit aan die orde; wat sy regsbegrip betref, het die geskiedenis van die twintigste eeu met twee wêreldoorloë en die invloed wat dit op die kerk gehad het, baie duidelik uitgewys dat reg meer is as net die reg van die staat. Daar is inderdaad ’n reg wat ook in die kerk moet geld.”

In Coertzen (1991:21) blyk dit dat Karl Barth met sy werk, *Die Ordnung der Gemeinde* 8v, daarop aandring dat Jesus Christus die Hoof in die kerk moet wees. Christus is in die kerk die primêre, handelende Subjek, terwyl die gemeenskap van heiliges, sekondêr aan Hom ondergeskik is. Dié verhouding, betoog Barth, behoort onomkeerbaar te wees en as sodanig bepalend vir die orde in die kerk. Volgens Coertzen (1991:21) het Sohm, en na hom ook Emil Brunner, egter hierdie orde omgekeer:

> "In plaas daarvan dat die kerk beskou is vanuit die primêre en handelende Subjek, Jesus Christus, het beide van hulle die kerk vanuit die mens, die gemeenskap van heiliges, benader. Die kerk is volgens hulle eerstens geestelik, vrywillig, 'n kerk van liefde en geloof en dan ook nog volgens Sohm onsigbaar; alles kenmerke wat meebring dat die kerk in die eerste plek vanuit die mens beskou word. Hierdie beskouingswyse bring egter mee dat hulle nie werklik vanuit Christus die vraag na die reg vir en in die kerk kon vra nie. Die reg vir en in die kerk is dus hoegenaamd nie teologies verantwoord nie. Dit is dan ook die rede waarom Brunner die bestaan van reg in die kerk as 'n misverstand beskou terwyl vir Sohm 'n ordelik georganiseerde kerk totaal onversoenbaar met die ware, charismatiese kerk is."

### 2.3.3. Ná Sohm

Oor die twintigste eeu in Nederland en die verhouding tussen kerk en reg skryf Plomp (1992:32-33):

> "De twintigste eeuw heeft de 'mars door de instituten' te zien gegeven, ook door de kerkelijke instituten. Velen zijn nog wel lid van hun kerk gebleven, maar staan tegenover haar organisatie onverschillig. De Kritische gemeenten en basisgroepen, sedert het midden van de jaren zestig in Nederland aanwesig, hebben tegenover de 'gevestigde' kerk een soort liefde-haat relatie. 'Je kunt het in de Kritische gemeenten scherp horen zeggen: *laat de kerk maar barsten*... Er zullen er echter weinigen zijn die zich geen barst meer van de *oude kerk* willen aantrekken."

Ook in die twintigste eeu het 'n kwota persone[31] gemeen dat die [reg] in die kerk eintlik 'n teken van ongeestelikheid is, of ten minste in die weg staan van die *ware* kerk (Coertzen, 1991:13).

In Duitsland het Emil Brunner (1889-1966) die institusioneel, georganiseerde kerk, die "Kirche" of "Kirchentum" as 'n misverstand beskou (Coertzen, 1991:13; vgl. Plomp, 1992:34; Kleynhans, 1982:20).

Ter stawing hiervan wys Pont (1981:7) op 'n stelling van Brunner:

[31] In hierdie verband noem Koffeman (2009:83) saam met Emil Brunner, ook die naam van J.N. Bakhuizen van den Brink.

> "Die Ekklesia des Neuen Testaments, die Gemeinde Jesu Christi, ist reine Personsgemeinschaft und hat nichts vom Charakter einer Institution an sich; es ist darum irreführend, irgend eine der historisch gewordenen Kirchen, die alle den Charakter von Institutionen haben, mit der Christusgemeinde zu identifizieren."

Die "ekklesia", as die ware kerk van Christus, is volgens Brunner volstrek a-institusioneel[32]. Brunner is dan ook van mening dat die Kwakers in die verlede, min of meer 'n uitdrukking van die *ekklesia* was, terwyl dit in ons tyd min of meer uitdrukking vind in bewegings soos die Tuissending van Wichern, die Wêreldbond van Christelike Jongmanne en Jongvroue Verenigings, die Christelike Studentebeweging, die Oxfordbeweging, oftewel die Morele Herbewapeningsvereniging en die Basler- en "China Inland Mission" (Coertzen, 1991:13). Wat die toekoms betref, argumenteer Brunner (in Coertzen, 1991:13), sou die *ekklesia* eintlik enige moontlike vorm van uitdrukking kon vind. Die "Kirchen" daarenteen het in 'n lang proses van ontplooiing en verandering uit die "ekklesia" ontstaan en was as 'n instituut met 'n vaste orde eintlik 'n misverstaan van die ware wese van die *ekklesia*. Die groot waarde van Luther se optrede, merk Brunner (in Coertzen, 1991:13), was nie die vyf-en-negentig stellinge van 1517 nie, maar die verbranding van die *Corpus luris Canonici* op 10 Desember 1520.

Ook is Brunner daarvan oortuig (in Coertzen, 1991:13; vgl. ook Kleynhans, 1982:20) dat die reg in die kerk nie net 'n substituut vir die gebrek aan vervulling met die Heilige Gees is nie, maar ook identies met die verlies aan 'n Messiaanse verbondenheid, oftewel 'n Messiaanse bewussyn. Die ware wese van die kerk daarenteen, is geleë in die suiwer gemeenskap van persone, die gemeenskap van broeders (Kleynhans, 1991:36), of die lewende gemeenskap wat as sodanig antiteties teenoor die georganiseerde kerk staan. Hoewel die "Kirchen" nooit "ekklesia" kan word nie, funksioneer dit volgens Brunner (Coertzen, 1991:13) as *externa subsidia* (uiterlike hulpmiddels) vir die *ekklesia*. Dit vorm immers al vir byna tweeduisend jaar die "dop" waarin die kosbare kern van die Evangelie bewaar word (Brunner in Coertzen, 1991:13).

Die punt waarom dit vir Brunner gaan (Coertzen, 1991:13), is dat die kerklike instituut (die geordende kerk) nie werklik kerk is nie, dit is 'n misverstand in terme van die ware kerk. Die implikasie daarvan is dat daar uiteindelik ook nie van God se orde vir Sy kerk gepraat

[32] Die feit dat dit a-institusioneel is, beteken egter nie dat hy nie histories gekwantifiseer kan word nie (Coertzen, 1991:13).

kan word nie. Die orde van die kerk of die "dop" waarin die Evangelie dan gedra sou word, is uiteindelik totaal afhanklik van menslike willekeur. In die lig hiervan skryf Coertzen (1991:13):

> "...dit [is] te begrype waarom Karl Barth vir Brunner (en ook vir Sohm) daarvan beskuldig het dat hy van Christus 'n uiting van die kerk gemaak het in plaas daarvan dat die kerk 'n uiting van Christus is. Dit sou ook gestel kon word dat die implikasie van hierdie en soortgelyke standpunte is dat Christus uiteindelik nie die Hoof van die kerk is nie, hoewel Hy as sodanig bely word, maar dat Hy eintlik 'n onderdaan is van hulle wat dan die werklike kerk sou wees."

## 2.4. Johannes Calvyn en die Gereformeerde Protestantisme[33]

Volgens Coertzen (1991:22; sien ook Kleynhans, 1982:11; 1991:44; Pont, 1981:3) is Johannes Calvyn die aangewese persoon om by te begin, as dit gaan om die vraag na die verhouding tussen kerk en reg in die Gereformeerde Protestantisme, aangesien dit veral sy standpunte was wat 'n bepaalde rigting aan die Gereformeerde denke gegee het. Gegewe die voorafgaande uiteensetting van Luther se denke oor die verhouding tussen die kerk en orde, kom dit daarop neer dat die uiterlike inrigting van die gemeente vir Luther iets bykomstigs was- wat goedskiks aan die owerheid oorgelaat kon word en inderdaad ook oorgelaat is. Hieroor skryf Jonker (1965:17):

> "Luther wou dit dus uiteindelik nie waag met die Woord van God wat mag het om in die plaaslike gemeente te regeer nie. Hy bly aan die volkskerk vashou en meen dat die uiterlike inrigting van die kerk iets bykomstigs is, solank die Woord maar suiwer gepreek kan word. Die gevolg is dat hy nie soos Calvyn 'n kerklike orde ingestel het wat ruimte maak vir die regering van Christus deur Sy Woord nie."

Calvyn daarenteen, beywer hom vir 'n kerklike orde wat gestalte sal gee aan die waarhede van die Skrif (Coertzen, 1991:23; vgl. Bakker, 1992b:24; Pont, 1981:3). In hierdie verband merk Pont (1981:3):

> "Die kerk is en moet immers die draer wees van die ware evangelie en om daardie taak reg te kan doen, moet die kerk ook 'n regte organisasie of struktuur hê. Calvyn

[33] Coertzen (1991:22) se opskrif.

> word deur beginselvaste dinkwerk wat hy op die vlak van die ordening van die kerk doen, die vader van die Bybels-reformatories presbiteriaal-sinodale kerklike orde."

Met sy eerste verblyf in Genève, het Calvyn aan die einde van 1536, saam met Farel 'n ontwerp kerkorde aan die raad voorgelê, waaruit dit duidelik geblyk het dat die herontdekking van die Evangelie, besliste gevolge het vir die vorm van die kerk (D'Aubigné, 2009:27; Coertzen, 1991:23). Met sy tweede koms na Genève in 1541 het Calvyn begin werk aan 'n kerkorde, *Ordonnances Ecclésiastiques,* wat hy vir die laaste keer in 1561 hersien het.

In aansluiting hierby skryf D'Aubigné (2009:27):

> "It was he [Farel] who, in 1541, restored to Geneva this Calvin whom he had first given to the city in 1536… No one knew better than Farel that Calvin alone could save Geneva."

Uit hierdie dokument en ook ander geskrifte, soos die Institusie, sy kommentare en briewe, is dit duidelik (Coertzen, 1991:23; Pont, 1981:21-22) dat daar vir Calvyn die allernouste verband was tussen kerkwees, en die orde wat daar in die kerk behoort te wees. Coertzen (1991:23) identifiseer die *Ordonnances Ecclésiastiques* (1561) se kopstuk, waar die doel van kerkwees soos volg saamgevat word:

> "...om: die leer van die heilige evangelie van ons Here suiwer te bewaar; die jeug in die toekoms getrou te onderrig; en die hospitaal vir die onderhoud van die armes, reg te bestuur" volg daarop: Al hierdie dinge kan egter alleen dan gebeur as 'n vaste orde en lewenstyl daarvoor opgestel is sodat elkeen op sy plek sy diensopdrag kan nakom. Daarom het dit vir ons goed gelyk om die geestelike leiding weer in goeie orde te bring soos ons Here dit in sy Woord uiteengesit en neergelê het en wat Hy wil hê ons gehoorsaam moet wees. So het ons dan besluit en vasgestel dat in ons stad en ons gebied die volgende kerkorde sal geld omdat ons kan sien dat dit uit die evangelie van Jesus Christus geneem is."

Oor die bestaan van 'n eie orde in die kerk en die gevolglike verbondenheid tussen kerk en orde, skryf Calvyn (aangehaal in Coertzen, 1991:23):

> "Want soos geen enkele stad of dorp sonder owerheid en burgerlike regering kan bestaan nie, so het ook God se kerk ...sy geestelike regering nodig wat egter geheel en

> al te onderskei is van die burgerlike regering en dit nie slegs nie hinder of verminder nie maar dit veel eerder help en bevorder."

Coertzen (1991:23-24) maak die opmerking dat Calvyn die bestaan van 'n eie reg vír en ín die kerk begrond in dieselfde paragraaf- deur na Rom. 12:8 te verwys, asook die feit dat Paulus nie van owerheidspersone praat nie, maar van diegene wat vir die versorging van die geestelike regering van die kerk verantwoordelik is.

In aansluiting hierby wys Pont (1981:21) daarop dat die owerheid en die kerk, volgens Calvyn, moes saamstaan:

> "Die kerk moes die riglyne trek vir die godsdienstige en maatskaplike lewe van die volk, wat kragtens die doop, ook volk van die verbond is. Die owerheid moes die riglyne van die kerk volg en met die owerheidsgesag en die swaardmag die ware diens van God bevorder en beskerm."

Volgens Coertzen (1991:24) reageer Calvyn baie skerp teen diegene wat die orde in en vir die kerk wil vernietig, of verklein asof dit minder noodsaaklik is. Sulke mense, meen Calvyn, lê hulle toe op die verstrooiing, val en ondergang van die kerk. Ook blyk dit dat hierdie standpunt van Calvyn in die artikels van die *Ordonnances Ecclésiastiques* gestaaf word (Coertzen, 1991:24; Pont, 1981:21-22), wanneer dit bepaal dat dit juis die orde (die reg in die kerk) is wat die ruimte bied waarbinne die gelowige kan leef en beweeg, soos wat die Here bedoel het (vgl. onder andere art. 1, 10, 20, 31, 143, 147, 167).

In sy artikel, *Calvyn se kerkreg en invloed op kerke in Suid-Afrika*, verduidelik Spoelstra (1981:4-5) Calvyn se verstaan van die begrip reg, as volg:

> "Calvyn verstaan die begrip reg vanuit die soewereiniteit van God, Goddelike mag en geregtigheid word in God se Wil uitgedruk. Hierdie Wil word eerstens in die Heilige Skrif (regimen spiritualis) en tweedens in die natuurorde (regimen naturalis) geopenbaar. Kragtens sy mag en outoriteit moet alle mense God reg eer en vrees. Die wil van God bepaal wat reg is en is die wet vir alle wette en vir ons lewe. God roep en gebruik daarom wêreldlike owerhede om die swaard of strenge reg te hanteer."

Vir Calvyn was die prinsipiële bron vir die orde in die kerk die Heilige Skrif, wat dan ook 'n bevestiging is van sy standpunt dat die kerk en orde nie vreemd staan teenoor mekaar nie,

maar wesenlik met mekaar verweef is (D'Aubigné, 2009:77; Coertzen, 1991:24; vgl. Van't Spijker, 1992:97-98; Kleynhans, 1982:12; Pont, 1981:22).

In hierdie verband skryf C.J. Smit (2010:189):

> "In this regard Calvin made a huge paradigm shift... Against the existing canonical law Calvin chose for a church order... Here Calvin moved from a juridical, one may say a mere human way of church management, to the much wider vision of a scriptural view on church government. Thereby he proposed a new vision for the church and in the same time implemented a church order in order to secure the church as God's new order in the world (*verus ordo*)."

Oor die Skrif as primêre bron vir die kerkregering is dit nie moeilik om bevestiging te kry uit Calvyn se geskrifte nie. Ter stawing wys Coertzen (1991:24) op *Institusie* IV, III, 1:

> "Nu moeten wij spreken over de orde door welke die Here wil, dat zijn kerk bestuurd word" Vervolg in hoofstuk IV, 1: "Tot nu toe hebben wij gehandeld over de orde van kerkregering, zoals die ons uit Gods zuiver Woord is overgeleverd en over de diensten, zoals ze door Christus ingesteld zijn". In hoofstuk X, 6 ontsê hy die mens enige reg om "het geen zij zelf uit zichzelf en zonder Gods Woord uitgedacht hebben, aan de kerk ter noodzakelijke onderhouding op te leggen" en in paragraaf 30 van dieselfde hoofstuk skryf hy "...dat ik slechts die menselijke inzettingen goedkeur, die gegrond zijn op Gods gezag en uit de Schrift genomen en dus geheel en al Goddelijk zijn."

Van't Spijker (1992:97-98) sluit hierby aan, wanneer hy merk op die woorde van Calvyn:

> "Ik heb uiteengezet dat er geen kerk kan bestaan, tenzij er een zeker bestuur wordt ingesteld, zoals ons uit het Woord van God is voorgeschreven en in de oude kerk in acht werd genomen."

Coertzen (1991:24; kyk ook Strauss, 1991a:24) sien Calvyn se beklemtoning van die Skrif (as die primêre bron vir die regering in die kerk) nie as 'n fundamentalistiese of biblistiese Skrifgebruik nie:

> "Hy het nie 'n onveranderlike sisteem van kerkregering uit die Skrif afgelees nie, maar wel die *Ius Divinum* daarin gevind, die dinamiese beginsel van die orde wat in die kerk moes geld. In die praktyk van die kerklike lewe kon die beginsel verskillende

vorme aanneem, soos blyk uit die Nederlandse weergawe van sy kommentaar op 1 Kor. 14:40":

> "De Here heeft daarom de uiterlijke ceremonieën in onze vrijheid gelaten, opdat wij niet zouden gaan denken dat Zijn dienst daarin opgaat. Intussen heeft Hij ons echter niet toegelaten een ongebonden en teugelloze willekeur, maar Hij heeft, om zo te zeggen, grenzen om ons heen gesteld, of althans de vrijheid welke Hij verleende zo gematigd, dat het slechts geoorloofd is uit Zijn Woord een oordeel op te maken over wat recht is."

Plomp (in Strauss, 1991a:24; ook in Coertzen, 1991:25) praat in hierdie verband van Calvyn wat tevrede was met "Biblische Weisungen"- wat beteken Calvyn was tevrede met 'n reëling, solank as wat die Bybelse grondgedagte tot sy reg kom. Vir Coertzen (1991:25; vgl. ook Pont, 1981:21) blyk die feit, dat die Skrifbeginsel oor die orde in die kerk verskillende toepassings kon vind, duidelik in die *Ordonnances Ecclésiastiques* (art. 1): "...dat in ons stad en ons gebied die volgende kerkorde sal geld ..." Dit gaan nie om 'n onveranderlike orde wat orals en altyd moet geld nie, maar om 'n orde vir "ons stad en ons gebied". Die implikasies hiervan, argumenteer Coertzen (1991:25; vgl. ook Strauss, 1991a:24), is dat die [wese van ordereëlings in die kerk behoort te bestaan in 'n gehoorsaamheid aan Skrifbeginsels, met 'n vergestalting daarvan in die lig van eietydse omstandighede].

Coertzen (1991:25) wys op *Institusie* IV, III, 2- wanneer hy noem dat daar vir Calvyn 'n wesenlike verbintenis bestaan tussen die kerk en sy orde, wat ook blyk uit sy siening van die doel wat die regering van die kerk dien:

> "Al wie dus deze soort van regering poogt te vernietigen of verkleint, alsof ze minder noodzakelijk was, legt het toe op de verstrooiing of liever gezegd de val en de ondergang der kerk. Immers het licht en de warmte der zon, of spijs en drank zijn niet zo noodzakelijk tot het koesteren en onderhouden van het tegenwoordige leven, als het ambt van apostel en herder tot het bewaren van de kerk op aarde."

In *Institusie* IV, X, 27 skryf Calvyn (Coertzen, 1991:25):

> "Het is er dus zover vandaan, dat wij de wetten, die daartoe dienstig zijn, zouden veroordelen, dat we veeleer beweren, dat wanneer men deze wetten wegneemt, de kerken van hun zenuwen beroofd worden, en geheel misvormd en verstrooid word.

> Immers men kan niet hebben, wat Paulus eist, dat alle dingen eerlijk en met orde geschieden, tenzij de orde en die betamelijkheid zelf stand houden doordat men, bij wijze van banden, wetten toevoegt."

Ook in *Institusie* IV, I, 1 lê Calvyn 'n positiewe band (volgens Coertzen, 1991:25) tussen die kerk en orde, as hy die kerk die moeder van die gelowiges noem, deur wie se moederlike sorg hulle regeer word, tot hulle opgegroei en uiteindelik tot die eindpaal van die geloof gekom het. Die orde in die kerk dien dus ook die groei na geestelike volwassenheid toe.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar vir Calvyn geen spanning bestaan tussen die reg (of orde) en die kerk nie. Coertzen (1991:25; Strauss, 1991a:24-25) vind dat die orde in die kerk, nie net 'n bykomstigheid was wat maar verdra moes word nie- die orde het vir Calvyn 'n integrale deel van die kerk se bestaan uitgemaak, o.a. ook omdat dit vanuit die Woord van die Here opgekom het. Coertzen (1991:25) is oortuig dat 'n gebrek aan orde, was vir Calvyn juis die teken van verval en gevoelloosheid in die kerk, en allermins die bewys van groter toegewydheid aan die Here en vervulling met die Gees van God. Spoelstra (1981:5), met verwysing na Institusie, IV, x, 8. 10-15, noem dan ook dat die wil van God (volgens Calvyn) in beide burgerlike en kerklike ordeninge erken moet word.

## 2.5. Ander Gereformeerde teoloë

Vele ander Gereformeerde teoloë het in hulle denke oor die verhouding tussen kerk en reg, ook in die voetspore van Calvyn gevolg[34].

In 1585 het die saak daarom in die Gereformeerde wêreld, met die publikasie van *De politia et disciplina Civilie et Ecclesiastica, tum Israelitica Christianae Reipublicae*, van 'n anonieme outeur[35], op die tafel gekom. Coertzen (1991:26) skryf dat in dié geskrif, word 'n duidelike onderskeid tussen die geestelike en wêreldse reg gehandhaaf, en word die Gereformeerde kerkreg as 'n geestelike reg in verband met die regverdiging gebring. Hoewel die bevoegdheid van die owerheid en die kerk baie duidelik onderskei word, wys Coertzen (1991:26) daarop

[34] Volgens Coertzen (1991:27) was daar in die sestiende, sewentiende en agtiende eeu, Gereformeerde kerkregtelikes in Nederland wat 'n integrale verbintenis tussen die kerk en die reg gehandhaaf het- mense soos W Zepperus met sy *Politica ecclesiastica* (1595); Ruardus Acronius met *Nootwendig Vertooch* (1611), waarin hy aantoon hoe die gemeente van die Here "in hare regieringhe van de Politike Regieringhe onderscheyden is geweest"; Jacobus Koelman: *Het ambt en de plichten der ouderlingen en diakenen* (1694) en Lodewyk van Renesse met, *Verhandeling over het Regeer-ouderlingschap in de Gereformeerde kerk* (1765).

[35] Coertzen (1991:26) meen dit was heelwaarskynlik Hendrik Corput uit Leiden in Nederland.

dat beide bevoegdhede betrekking het op die eer van God, en die bevordering van die ryk van Christus, oftewel die opbou (*aedificatio*) van die liggaam van Christus. Vir die eerste keer word daar nou ook van Gereformeerde kerkreg as 'n *jus ecclesiasticum* gepraat- al word daar feitlik net op die kerklike tug gekonsentreer (Coertzen, 1991:26).

'"n Ster van besondere grootte" (Kleynhans, 1982:13), die Nederlander Gijsbertus Voetius[36] (1589-1676), onderskei met die begrip kerkreg- 'n geestelike reg van wêreldlike reg. Coertzen (1991:27) meen die eie aard van die kerkreg bestaan vir Voetius daarin, dat die norme daarvan deur die Woord van God gegee word. Schüle (in Coertzen, 1991:27) toon dat Voetius die eerste was, om in Gereformeerde kerkreg die begrip *ecclesia instituta* (geïnstitueerde kerk) te gebruik. Coertzen (1991:27) brei hierop uit:

> "Klaarblyklik gebruik hy die begrip om daarmee ook iets van die eie aard van die kerk se reg duidelik te maak en wil hy nie daarmee die indruk skep van 'n sogenaamde regskerk naas 'n kerk wat deur Skrif en belydenis genormeer is nie."

In sy werk, *Beginselen van Gereformeerd Kerkrecht*, vra Voetius óf 'n kerkraadsvergadering geoorloof is (Coertzen, 1991:27). Hierop antwoord hy bevestigend en verwys in sy antwoord na Matt. 18:17; Hand. 20:28; 1 Kor.5:5, 12 en 13; 2 Kor.2:6 en 7 en 2 Thess. 3:14. In antwoord op die vraag of 'n kerkraadsvergadering noodsaaklik is, antwoord Voetius:

> "Zeer zeker opdat al wat zweemt naar ongodzaligheid, wanorde en verwarring, uit de kerk geweerd moge worden en er dies alles met orde en stichting moge toegaan. Opdat er behoorlijk zorg gedragen worde voor wat dient tot opbouwing der gemeente" (in Coertzen, 1991:27).

Voetius, soos Calvyn, verwys ook na Rom. 12:8 en 1 Kor.12:28, as bewysplekke in die Skrif dat God regeerders in sy kerk aangestel het. Dit is dus duidelik, meen Coertzen (1991:27), dat ook Voetius nie die kerk en orde téénoor mekaar, of los van mekaar sien nie. Inteendeel, merk Coertzen (1991:27), die Heilige Skrif verg dat daar orde en regering in die kerk moet wees.

[36] Gijsbertus Voetius was vanaf 1634 hoogleraar in Utrecht. Tussen die jare 1663-1674 het hy onder die titel *Politica ecclesiastica* sy klaslesings gepubliseer. Alreeds uit die metode wat hy gevolg het, blyk dit dat hy 'n noue verband tussen die kerk en orde gesien het, want hy gee nie net die bestaande inrigting van die kerk weer nie, maar is voortdurend besig om aan te toon wat die reg, volgens die Heilige Skrif, behoort te wees (Coertzen, 1991:27).

Nog ’n Nederlander, H. Bouwman, stel dit eksplisiet dat kerklike orde nie met die wese van die kerk in stryd is nie. Coertzen (1991:28) vat Bouwman se denke hieroor, as volg saam:

> “Die reg in die kerk is nie ’n steurende mag wat die lewe van die kerk misvorm nie. Dit is inteendeel ’n middel waardeur skade van die kerk afgewend word. Weliswaar kan kerkreg nie lewe en godsvrug in die kerk waarborg nie, maar dit bied die leiding, vastigheid, orde, samewerking ensovoorts, waardeur die kerk des te beter aan sy roeping kan beantwoord. Christus, die Koning van die kerk het Sy Woord aan die kerk gegee en het ook mense gegee om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van Sy liggaam. Die apostels as die fondament van die kerk (Ef. 2:20), het in die Naam van Jesus Christus verorden dat alle dinge in die kerk gepas en met orde moet geskied. Hulle het bepaalde reëls gegee sodat die gelowiges kan weet hoe iemand hom in die huis van God moet gedra. Dit is duidelik dat daar vir Bouwman nie ’n botsing kan bestaan tussen die kerk en orde nie en daarom omskryf hy ook kerkreg as die wetenskap wat die reg beskryf wat in die sigbaar geïnstitueerde kerk geld en behoort te geld.”

Vir Coertzen (1991:29) het ook Th. L. Haitjema, van die Hervormde Kerk in Nederland, dit duidelik gestel dat die kerk en die reg eintlik ten nouste op mekaar aangewys is. In sy werk, *Nederlands Hervormd Kerkrecht* (1951), skryf Haitjema dat Gereformeerdes hulle nog nooit eintlik geleen het vir ’n ontteologisering van die kerkreg nie- aangesien hulle handhaaf dat alle ware kerkreg in die Skrif gewortel moet bly, en dat daar agter die orde van die kerk ook nog die belydenis is; wat handel oor die wyse waarop die kerk regeer moet word (Coertzen, 1991:29).

In Suid-Afrika is ook al baie aandag aan die vraag óór die verhouding tussen die kerk en reg gewy. Meeste kerkregskundiges van Gereformeerde belydenis, verantwoord hulle op die een of ander wyse oor die eiesoortige aard van die kerk se reg. In hierdie proses noem Coertzen (1991:29), word daar gewoonlik sterk op Calvyn en die Nederlandse Gereformeerde tradisie geleun, en het baie van die verantwoording meermale neergekom op ’n herhaling van wat daar reeds gesê is. Volgens Coertzen (1991:29) het Nauta (in 1971) hierdie klag ook teenoor Nederlandse kerkregtelikes in hulle verhouding tot Voetius gelê. Nog ’n verwysing in hierdie verband (Coertzen, 1991:29) is die werk van C J Smit, *God se orde vir sy kerk, ’n beskouing oor kerkorde* (1984). Smit gee o.a. eksegeties aandag aan die begrip

orde in die Nuwe Testament, met toespitsing op die gebruik van die woord *TAKSIS* (orde) in 1 Kor.14:40, en kom dan vanuit die eksegese, tot die slotsom:

> "Orde is die teenoorgestelde van beroeringe, opskudding, verwarring, verdeeldheid, twis en tweedrag. Orde beteken dat iets of iemand herstel is om op sy Godgegewe plek te funksioneer. Orde is betaamlik, welvoeglik, paslik, geskik, behoorlik en eerbaar. Orde het die karakter van opbou. Orde raak alles met betrekking tot die kerklike samekomste, sowel as die kerklike lewe in sy geheel. Orde moet voortdurend gehandhaaf word. Orde is 'n gawe van die Here, as 'n vrug van die vrede vanweë die heil in en deur Jesus Christus. Orde is 'n gebod, 'n voorskrif van die Here" (in Coertzen, 1991:29).

## 2.6. Samevatting

In hierdie deel van hoofstuk 2 is die kerk se reg, *as reg* ontleed. Daar is uitgegaan van die opvatting dat indien die kerkreg, 'n reg van bestaan in die kerk het, en die wese van die reg nie in stryd is met die wese van die kerk nie, kan die fokus aanskuif na die volgende tema in lyn met die tese van die studie, nl. die eiesoortigheid, oftewel unieke karakter van die kerkreg.

Uit deel 1 blyk dit duidelik dat 'n eeue oue spanning bestaan tussen kerk en reg. Die standpunte van Sohm, Brunner en ander wat soos hulle in die verlede gedink het, is ondersoek. Hulle reaksie was teen 'n kerk wat nie meer vanuit haar mees basiese vertrekpunte oor kerkorde gedink en geleef het nie- 'n kerk wat nie meer in 'n lewende Geestelike gemeenskap met die Here van die kerk, soos deur die Skrif betuig, verkeer het nie. Die gevolg hiervan was uiteindelik 'n wanorde omdat die kerk uitgelewer is aan magte wat radikaal in stryd was met haar wese en opdrag, as kerk.

Verder is dit duidelik dat binne die Gereformeerde teologie, kerk en reg nie in 'n spanningsverhouding tot mekaar staan nie, maar dat die reg tot die opbou van die gemeente dien, asook dat dit 'n middel tot 'n doel is, nl. om Christus se regering in Sy kerk te dien. In hierdie verband is die standpunte van Calvyn, Voetius en Bouwman ondersoek.

Ook is dit duidelik uit hierdie deel van die hoofstuk, dat die bestaansreg van kerk en reg nie alleen van belang is vir die vakwetenskap kerkreg nie, maar ook vir die praktyk van kerkregering-

i. Wie die wese van die kerk en die reg in die kerk skei, kan in ’n kerklike docetisme verval,
ii. kan orde slegs in terme van die burgerreg beskou,
iii. of van die veronderstelling uitgaan, dat kerklike probleme slegs opgelos kan word met regsmetodes wat analoog is aan ander vorme van die reg, en wat vreemd is aan die regering van die kerk.

In die belang van die breër studie kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

Vanuit ’n Gereformeerde perspektief beoordeel, blyk dit duidelik dat kerk en reg saam kan bestaan en nie ’n *contradictio in terminis* nie. Die kerkreg kan as behorend tot reg in eie sin beskou word, aangesien die reg die gestalte van die genade is (teenoor die opvatting van Sohm dat reg en genade mekaar uitsluit). Die feit dat kerkreg wel moontlik is, beteken dat daar gevra kan word na die unieke karakter daarvan.

**HOOFSTUK 2**

**DEEL 2**

**KERKREG AS EIESOORTIGE REG**

## 2.7. Inleiding tot Deel 2

Die reg as sodanig kom nie slegs by die Staat voor nie, maar ook in ander samelewingsverbande. Allerlei eiesoortige vorme van die reg, soos personereg, staatsreg, huweliksreg, arbeidsreg, verenigingsreg, handelsreg en ook kerkreg, is 'n werklikheid waarmee mense daagliks gekonfronteer word (Bakker, 1992a:13; Coertzen, 1991:38; Van Drimmelen, 1992:212). Die vraag wat egter aan die orde kom, is dié omtrent die eiesoortigheid van die kerk se reg. Anders gestel (Coertzen, 1991:38): "Is daar 'n reg vir die kerk wat in die reg in die kerk tot uitdrukking moet kom?" Indien wel- waaruit bestaan dit?

Hoewel regsreëls in 'n verskeidenheid van lewensverbande voorkom, beteken dit nie dat alle reg, nie sekere gemeenskaplikhede het nie (Coertzen, 1991:38). Dit beteken dat ook die kerk se reg, sekere gemeenskaplike trekke met ander vorme van reg deel. Volgens Bakker (in Coertzen, 1991:38) kan daar van alle reg gesê word- dat dit verhoudings wil reël, sodat daar 'n vreedsame en regverdige saamleef van mense en instellinge kan wees, en elkeen in die samelewing sy roeping kan vervul. Van alle reg kan ook gesê word dat dit in 'n mindere of meerdere mate formeel van aard is, en dat dit min of meer 'n vaste struktuur het, wat in wese die karakter van 'n bindende regsorde veronderstel. Hoewel al die kenmerke van die reg, in alle vorme van reg aangetref word (ook kerkreg), is die kerkreg eiesoortig en uniek (Coertzen, 1991:38).

Hier in deel 2 sal die kerkreg, as eiesoortige reg ondersoek word. Vanweë die feit dat die eiesoortige karakter van die kerkreg (in vergelyking met ander regte), nie sistematies opgeskryf staan nie, sal hierdie tema eerstens ondersoek word deur te vra: *waarin bestaan die eiesoortigheid van die kerk se reg?* Hierdie is 'n kritiese vraag- nie net vir die tema onder bespreking nie, maar ook vir die breër studie: Sodra daar vasgestel kan word waaruit die eiesoortigheid van die kerkreg bestaan, kan hierdie eiesoortige element(e) beoordeel word vanuit 'n hermeneutiese oogpunt.

In deel 2 sal die fokus dus wees op die aard en omvang van die kerk se reg, asook die grens (domein-afbakening) tussen kerkreg en ander reg. Die volgende vrae sal aandag geniet: Het die kerkreg 'n eiesoortige karakter t.o.v. ander reg? Waarin bestaan die eiesoortigheid, oftewel unieke karakter van die kerk se reg? Is daar 'n reg vír die kerk, wat in die reg ín die kerk tot uitdrukking moet kom?

Soos reeds vermeld- hierdie beoordeling sal geskied op spoor van Coertzen se noukeurige bespreking- *waarom orde/reg vir en in die kerk*, soos in sy boek *Gepas en ordelik* (1991). Coertzen bied 'n duidelik, Gereformeerde standpunt omtrent die eiesoortige karakter van die kerkreg. Nie net verstaan hy die implikasies van 'n tema wat nie sistematies opgeteken staan nie, maar hy argumenteer téén die mees ooglopende vertrekpunte van die dag. Deurgaans sal daar ook verwys word na die standpunte van ander kundiges in hierdie verband, soos die Nederlandse kerkregskundiges H. Bouwman, W. Bakker, J. Plomp, L.J. Koffeman, asook Suid-Afrikaanse kundiges soos B.B. Keet, E.P.J. Kleynhans en P.J. Strauss.

## 2.8. Die sleutel tot die eiesoortige karakter van die kerk se reg

Oor die vraag, *waarin bestaan die eiesoortigheid*, oftewel die *unieke karakter van die kerk se reg*, is daar nie eenstemmigheid nie[37]. Sommige kerkregskundiges soos Dingemans (1992:215), fokus op die Ekklesiologie as bepalend in hierdie verband, terwyl ander soos Plomp (1992:37), weer die Bybel as fokus- en vertrekpunt voorhou. Van Drimmelen (1992:212; 2004:20) meen (negatief gestel)- die eie aard van die kerklike reg is nie slegs geleë in die ooglopende feit dat die interne kerklike organisasie nie deur die staat gereël word nie, maar eerder (positief gestel)- in die objek van die reg, nl. die kerk. Coertzen (1991:39) weer, argumenteer dat die Bybel nie die toonaangewende rede is vir 'n eiesoortige karakter nie, maar eerder die kerk as "maaksel" van God. Na aanleiding van hierdie uiteenlopende standpunte, kan daar tereg gevra word- *waarin bestaan die eiesoortigheid*, oftewel die *unieke karakter van die kerk se reg*?

[37] Reeds in Deel 1 van hoofstuk 2, het ek getoon dat sommige geleerdes dit selfs bevraagteken of die kerk hoegenaamd 'n reg mag hê. Ander weer aanvaar dat daar 'n reg in die kerk is, maar verskil weer oor *hoe* die reg verstaan moet word, of uit watter teologiese beginsel dit beredeneer moet word.

Vervolgens sal ek poog om hierdie vraag te antwoord, deur die uiteenlopende standpunte en vertrekpunte daarom te evalueer- sodoende ’n gevolg te formuleer, wat die studie op metodiese wyse verder kan lei, insover dit verband hou met die tese daarvan.

### 2.8.1. ***Biblische Weisung*** **en** ***dienstrecht*** **as sleutel**

In sy protes teen Sohm se uitspraak dat “het wezen van het recht is wereldlijk”, noem Plomp (1992:37) dat die eiesoortigheid van die kerkreg, daarin bestaan dat dit ’n reg is wat van die Bybel gebruik maak:

> “‘Rechtsregels’ komen echter ook voor in andere levensverbanden, in het huwelijk, het gezin, een vereniging, een bedrijf en ook in de kerk. Al naar het gelang van het levensverband waarin ze functioneeren, ontvangen de 'rechtsregels' een eigen specifieke kleur. Zo is er ook kerkrecht, recht dat als het goed is volstrekt niet diesseitig is, omdat het bepaald wordt door 'biblische Weisung’.”

Plomp (volgens Strauss, 2010:1), betoog dat die kerkreg, as eiesoortige reg, Christologies-ekklesiologies gefundeer moet word- omdat die “*Grundrecht*” vir die kerkreg en daarom die ordening van die gemeente moet wees. Plomp meen dus dat die kerkreg van “Biblische Weisungen” gebruik moet maak, want Christusgesag is Woordgesag (vgl. Jonker, 1965:12) en die Skrif bevat geen klaargemaakte kerkorde nie. Ingebed in hierdie betoog (Strauss, 2010:1) is die standpunt dat kerkreg, *dienstrecht* is, of ’n dienende reg. Hiervolgens gaan die kerkreg uit van Bybelse grondlyne as maatstaf, in sy poging tot ’n ordening van die kerk, en gevolglik word die Skrif aan die kerk “bedien”. Plomp bied dus *dienstrecht* as ’n kenmerk van die kerkreg. Vanwaar die woordjie *dienstrecht*? Plomp betrek Markus 10:44 hierby: “...elkeen onder julle wat eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees”. Oor Plomp se *dienstrecht* merk Strauss (2010:3):

> “Sy eie Markusvoorbeeld soos aangebied in die konteks van sy argument, dui daarop dat hierdie diens uit diens aan die heerskappy of koningskap van Christus deur die grondlyne van die Bybel bestaan. Vir Plomp gaan dit nie om die heerskappy van mense nie, maar ‘Biblische Weisungen’.”

### 2.8.2. Die kerk as sleutel

Volgens Coertzen (1991:39; vgl. ook Strauss, 2010:1) ontleen Plomp die begrip 'Biblische Weisung' aan Karl Barth en Erik Wolf. Vir Barth gaan dit daarom dat die gemeente na die stem van die Here moet luister, wat Hom in die Skrif betuig. Die gemeente moet dan 'Biblische Weisung' of Bybelse grondlyne aan die Skrif ontleen, en hulself sodoende aan die lewe van die Heer in sy Ou én Nuwe Testamentiese gemeente oriënteer. Hierop vra Coertzen (1991:39) óf dit inderdaad so is- dat die eiesoortigheid van kerkreg daarin bestaan dat dit van die Skrif gebruik maak? Beteken dit dat die Bybel niks te sê het vir ander vorme van reg nie? Coertzen stel hierdie vrae, met verwysing na Erik Wolf se opstel, *Zur Frage nach der Autorität der Bibel für die Rechtsordnung*, waarin juis die teenoorgestelde beredeneer word. Coertzen (1991:39) se argument lui as volg:

> "Christen-regsgeleerdes uit ander gebiede van die reg mag en behoort tog van Bybelse waarhede gebruik te maak in die beoefening van hulle vak. Om die eie aard van kerkreg en kerkregering te peil, is dit dus nie voldoende om te sê dat dit daarin geleë is dat dit van die Bybel gebruik maak nie."

Eerder, volgens Coertzen (1991:39), begin die eiesoortigheid van die kerk se reg by die feit dat die kerk nie maar net 'n genootskap of vereniging van mense is, wat tot stand gekom het as gevolg van die wilsbesluit van die stemhebbende lede nie:

> "As dit waar sou wees, sou hulle ook met 'n gewone meerderheidstem kon besluit om die bestaan van die kerk te beëindig of om fundamentele waarhede van die kerk se bestaan te verander. Nee, die kerk is 'n "maaksel" van God, geskape in Christus Jesus (Ef. 2:10) En dan nie maaksel in die sin van die skepping in *die* algemeen nie, maar maaksel in die sin dat God van voor die grondlegging van die wêreld af besondere "dinge" gemaak/gedoen het om die kerk daar te stel."

Ook Celliers en Strauss (2004:9-10) beaam hierdie punt, wanneer hul aanvoer dat die kerk sy oorsprong by God vind en nie by mense nie:

> "Dit word gekonstitueer op grond van die inisiatief en deur die handelinge van die Drie-enige God self. Hierin speel elke persoon van die Drie-eenheid 'n unieke en eiesoortige rol. Die genoemde konstituering van die kerk kan beskryf word as verbondsluiting, uitverkiesing, verlossing, loskoping, ens. In hierdie voortdurende proses speel geen menslike kwaliteite 'n rol nie en is dit slegs God wat in sy vrye

> genade en liefde besluit het om vir Homself ’n groep mense uit te soek om syne te wees.”

As sodanig is die kerk dus iets wat ons glo (Coertzen, 1991:39). Volgens die Apostoliese Geloofsbelydenis-

> “...glo ons ’n heilige, algemene en Christelike kerk” wat ’n “heilige vergadering is van ware Christengelowiges wat hulle saligheid in Christus Jesus verwag, gewas is deur sy bloed en deur die Heilige Gees geheilig en verseël is” (Nederlandse Geloofsbelydenis art. XXVII).

Coertzen (1991:39; vgl. ook Bakker, 1992a:13) is daarvan oortuig dat die kerk, wat ’n empiriese gestalte aanneem (in die geïnstitueerde kerke wat ons waarneem), inderdaad ’n eiesoortige vergadering van mense is. Coertzen (1991:39) sien dit soos volg:

> “...die eiesoortigheid van die kerk is geleë in die ewige raad van God die Vader, in die regverdiging in en deur die Here Jesus Christus en in die heiligmaking in en deur die Heilige Gees.”

Met verwysing na hierdie unieke karakter van die kerk, verklaar Coertzen (1991:39-40) dat die orde in die kerk[38]:

> “...niks anders [is] nie as ’n gestalte van dankbare gehoorsaamheid... Die orde in die kerk bly maar altyd weer net ’n poging om uitdrukking te gee aan God se reg vir Sy kerk. Dit kan ’n beter of ’n slegter poging wees, maar dit bly altyd mensewerk wat steeds weer getoets moet word aan hierdie diepste fondament van sy bestaan om sodoende te probeer om steeds beter uitdrukking te gee aan God se orde vir Sy kerk.”

Ook Van Drimmelen (1992:212-213) beywer hom hiervoor. In sy bespreking van die onderskeid tussen die kerkreg en ander reg, voer hy aan dat die besondere aard van die kerklike reg, in die eerste plek, gegee is met die objek daarvan- die kerk is te midde van alle ander samelewingsvorme *uniek*. Van Drimmelen (1992:212-213) vind dat die kerk nie alleen ’n gemeenskap van gelowiges is nie, maar (as verskyningsvorm), die objek van geloof. Die wyse waarop die gelowiges saam die kerk vorm en sien, kom tot uitdrukking in die wyse

[38] D.i. die orde wat die gelowiges formuleer op grond van die uniekheid van die kerk (Coertzen, 1991:39).

waarop die kerk haarself organiseer. Daarom is die kerkorde onlosmaaklik verbonde aan die belydenis.

In sy werk, *Kerkrecht; een Theologische benadering*, maak Van Drimmelen (2004:20) 'n negatiewe kwalifikasie omtrent die eiesoortigheid van die kerkreg- die eie aard van die kerklike reg is nie slegs geleë in die feit dat die interne kerklike organisasie nie deur die staat gereël word nie. Positief gestel- daar mag geen ander mag bo haar wees en voorskryf nie, behalwe Christus- wat sy kerk deur sy Gees en Woord regeer (Van Drimmelen, 1992:212). Dit beteken (in materiële sin)- die bron van die kerkreg is anders, as dié van die staatsreg. Sonder om te ontken dat ook die staatsreg gebonde is aan die hoër, meta-juridiese norme, merk Van Drimmelen (1992:212) dat die demokrasie bepalend is vir die staatsreg- dit wat die groter bevolking van die land as *reg* sien en ervaar. Dit beteken dat 'n verandering in die regsgevoel, onder die burgers van die staat, uiteindelik sal lei tot die verandering van die staatsinrigting. In hierdie opsig is die staat outonoom (selfstandig) en die kerk heteronoom (onderworpe aan wette deur ander), omdat die bron van die kerkreg, nie lig werp op die kerk nie, maar op geloof en lewe.

Sowel binne as buite die kerk, is die reg nie ideaal nie. In hierdie verband meen Van Drimmelen (1992:212) moet dat daar besin word oor die sonde. Die verskil is- op die gelowige in die kerk, word 'n ander verpligting geplaas as op die burgers van die staat. Dit beteken- dat binne die kerk (in bepaalde gevalle) is 'n ander regspleging moontlik, as buite die kerk. In hierdie verband vergelyk Van Drimmelen (1992:212) die tugreg van die kerk, met die strafreg van die staat. Bepalend het te doen met die bron waaruit die tugreg, of die strafreg voorkom. Dit het ook te make met die doel van die kerkreg, *teenoor* die doel van die staatsreg. Die staatsreg dien primêr die orde en vrede in die samelewing, terwyl die kerkreg eerder fokus op die verkondiging van die Evangelie, in die kerk en in die wêreld.

Krities stel Van Drimmelen (1992:212) die vraag- beteken dit nou dat die reg in die kerk, iets anders inhou as die reg in die staat? Volgens hom kan dit eenvoudig nie waar wees nie. Wat binne die kerk "reg" is, kan buite die kerk geen onreg wees nie, en wat in die kerk onreg is, kan buite die kerk geen reg wees.

Aan die begin van alle reg, staan die Woord van God- wat die orde skep op 'n woeste en leë aarde, en skeiding maak tussen die lig en duisternis.

Wie hierdie verwantskap oor die hoof sien, waarsku Van Drimmelen (1992:212), kom tot ’n twee-ryke leer- waarby die wêreldlike karakter van die kerk, en die geestelike karakter van die staat verdoesel word, asook vergeet word dat beide ryke onder een Heer staan.

In wese is daar geen werklike skeiding tussen kerkreg en ander reg nie, want volgens Van Drimmelen (1992:212) gaan alle reg terug op Gods se skeppingswoord- dit wat vandag gespreek word in die kerk en staat, word gemik op die herskepping van ’n gevalle wêreld.

Van Drimmelen (1992:212) kom tot die gevolg, dat die unieke aard van die kerk se reg voortvloei uit die konvensioneel-teologiese grondslag waarop dit berus- d.w.s. die kerk as objek.

Nog ’n kerkregskundige wat die eiesoortigheid van die kerk se reg toeskryf aan die kerk (as objek), is B.J. Van Wyk (1991:14):

> “Dit moet beklemtoon word dat die reg wat in die kerk beoefen word inderdaad ’n reg *sui generis* is. Die rede hiervoor is die eiesoortigheid van die kerk in die wêreld. Die kerk is daardie gemeenskap wat in die wêreld ontstaan omdat die Heer van die kerk deur Sy woord en Gees die kerk in die wêreld in aanskyn roep met die Bybelse opdrag: *Gaan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek jul beveel het.*”

### 2.8.3. Die Ekklesiologie as die sleutel

In sy artikel, *Kerkorde als ecclesiologische vormgeving*, beweer Dingemans (1992:215) dat die eie aard van die kerkreg inherent is aan die eie aard van kerk-wees, en dus direk verband hou met die Ekklesiologie:

> “Een kerkorde is gestructureerde en in de praktijk gebrachte theologie. Of nog preciezer gezegd: een kerkorde is een in rechtsregels vertaalde ecclesiologie. Wat een kerkgemeenschap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar positie in de wereld, haar vormgeving en inrichting, wordt in een kerkorde vertaald in rechtsregels, die gelden voor het functioneren van die gemeenschap.”

Dingemans (1992:215) sien dus ’n verband tussen die reg van die kerk, en die wese van die kerk- gebaseer op ’n ekklesiologiese vormgewing. Hoewel hy nie eksplisiet verduidelik wat hy onder ekklesiologie verstaan nie, blyk dit wel uit die aanhaling bo, asook in die loop van sy artikel, dat dit vir hom verband hou met die kerkgemeenskap se denke omtrent haar eie wese en gestalte, posisie in die wêreld, asook haar vormgewing en inrigting.

Vir meer duidelikheid in hierdie verband, wend die studie dit tot Strauss se artikel, *Wat is ekklesiologie- en kerkreg?* (1991). Vanuit ’n gereformeerde oogpunt beoordeel, verduidelik Strauss wat met die *ekklesiologie* bedoel word (1991b:16):

> “Ekklesiologie is die wetenskaplike (dit is: teoretiese abstraherende en analiserende) bestudering van die kerkinstituut vanuit geloofshoek en in onderworpenheid aan die deur God geopenbaarde kerklike struktuur- en geloofsnorme.”

Anders as by Strauss se definisie omskryf Jonker, en Kleynhans (in Strauss, 1991b:16) Ekklesiologie as:

> “...die wetenskaplike studie van die ‘Godsopenbaring’ soos dit in die kerk as gemeenskap van gelowige mense tot gevolg gehad het en steeds het.”

Strauss vind dat die laasgenoemde omskrywing eerder klem lê op die Bybel, ás op die kerk. Strauss (1991b:16) merk hierom:

> “Dit maak dus nie *ruimte vir die struktuurverontagsamings en geloofafwykings van die kerk in die verlede en hede nie*. Per konsekwensie moet alle verskynsels in die geskiedenis van die kerk op hierdie standpunt dan ook aan die uitwerking van die Bybel toegeskryf word – en dit kan ons tog nie van die sonde in die kerk sê nie.”

Dit wil dus blyk dat die begrip “Ekklesiologie”, vanuit twee kante bekyk kan word- aan die eenkant val die fokus op die kerk, en die ander- op die Woord. Hoe dit ookal sy- die Ekklesiologie as onderbou, maak daadwerklik deel uit van die eiesoortige karakter van die kerkreg.

Verder, volgens Dingemans (1992:215), is daar ’n rigtinggewende teologiese kompromie deurgaans aanwesig, waarmee duidelik rekening gehou moet word:

> “Een kerkorde is daarom in feite een theologisch compromis, waardoor een kerk een dak krijgt waaronder veel mensen kunnen leven. Een kerkorde is een

> organisatieconcept, dat verschillende theologische en ecclesiologische uitgangspunten probeert te verenigen. Vanuit een theologisch gezichtspunt zijn kerkorden vooral interessant, als men kijkt welke ecclesiologische concepten de boventoon voeren en op welke wijze de theologische compromissen zijn gesloten."

Die verankering van die kerkreg in die ekklesiologie impliseer, volgens Koffeman (2009:16-17), twee onaanvaarbare weë:

> "Die eerste geblokkeerde weg is een benadering van het (kerk)recht die zich wil beperken tot het recht zoals het 'n u eenmaal' bestaat. De vraag naar wat eráchter zit, wordt zo veel mogelijk ontweken. Zo wordt het kerkrecht volstrekt losgemaakt van de theologie."

Die tweede weg is dié:

> "...waarin men het kerkrecht uitsluitend relateert aan de geschiedenis, identiteit en 'geijkte' theologie van een bepaalde kerkelijke gemeenschap. Men zou dat kerkjuridisch confessionalisme kunnen noem."

Koffeman (2009:17) waarsku- alhoewel die kerkreg verankerd is in die ekklesiologie, moet daar ook nie in hierdie verband oordryf word nie. Nie elke keuse in die kerkorde dra dieselfde teologiese gewig nie. Dit is van groot belang om in hierdie verband te onderskei en te nuanseer.

### 2.8.4. 'n Eie standpunt en metodologiese vertrek

Na aanleiding van die uiteenlopende standpunte omtrent die vraag- *waarin bestaan die eiesoortigheid*, oftewel die *unieke karakter van die kerk se reg*, sal hierdie studie voorts uitgaan van die opvatting- dat die kerk, die objek van die reg is (Van Drimmelen), dat die unieke karakter van haar reg duidelik blyk uit die geloofsgemeenskap, wat die "maaksel" van God is (Coertzen), wat haar laat regeer deur Christus, haar Heer en Koning. Terselfdertyd word die Ekklesiologie as onderbou erken (Dingemans), nie slegs as die kerklike hoofstruktuur nie, maar ook as die wyse waarop die reg gehandhaaf moet word, insluitend die wyse van regsbeskerming in die kerkreg (Strauss). Hoewel die *Biblische Weisung* deur Plomp voorgestel word as primêre rede vir 'n unieke karakter, sal dit nie die

vertrekpunt van hierdie studie wees nie. Daar word wel erken dat Christus sy kerk regeer deur sy Woord en Gees.

### 2.9. Kerkreg as eiesoortige reg

In ’n poging om die eiesoortigheid van die bogenoemde vergadering se reg te begryp, laat ek my lei deur Coertzen (1991:40-48) wat ’n paar fundamentele aspekte daarom noem. Alhoewel Coertzen nie hierdie aspekte onder hofies bespreek nie, het ek sekere elemente by Coertzen identifiseer, wat dan ook ooreenstem met die eie karakter van die Gereformeerde kerkreg. Vervolgens sal hierdie elemente aandag geniet.

#### 2.9.1. Jesus Christus die enigste Hoof

Die Here Jesus Christus, die Hoof:

> “...bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul” (Ef. 1:21-23).

Met sy werk, *Om die regering van Christus in sy kerk* (1965), stel Jonker (p3) dit duidelik dat- “Jesus Christus die Hoof en Here van Sy kerk is en as Koning direk en persoonlik oor Sy kerk regeer”. Dit, volgens Jonker (1965:3), is die “grondwaarheid waarvan die kerkreg moet uitgaan”.

In sy bespreking van Christus as die subjek van die kerk, maak Smit (1984:21) die opmerking dat Christus die “Ordegewer” van die kerk is. Volgens Smit (1984:21) beteken “Ordegewer” -

> “Hy [is] meer as organiese Hoof van sy liggaam. Hy is ook die volstrekte Gesagshoof van sy liggaam (1 Kor. 11:3; Kol. 2:10). As Gesagshoof en Ordegewer van sy kerk is Hy lewens-een met sy kerk, nie meganies nie, maar op organiese wyse.”

Coertzen (1991:40) is oortuig dat Christus se Hoofskap oor die kerk, asook oor alle ander, ’n aanduiding is dat die kerk “’n unieke grootheid in die Kosmos [is] terwyl dit terselfdertyd ook

deel is van die kosmos". Volgens Coertzen (1991:40) beteken dit dat Christus "op 'n ander manier Hoof is van Sy kerk, as wat Hy dit van die heelal is". Du Plessis (in Coertzen, 1991:40) verduidelik- terwyl Christus die Hoof van die ganse kosmos is, is Hy 'n afsonderlike gawe van God, juis en alleen aan die kerk. Hierdie gawe van Christus as Hoof van die kerk, het besondere implikasies vir die reg wat in die kerk geld (Coertzen, 1991:40):

> "Die Hoofskap van Christus oor die kerk is inderdaad 'n *praesentia realis* ('n werklike teenwoordigheid) van Hom in Sy kerk waarin Hy deur niks en niemand anders nie vervang mag of behoort te word nie. Sou dit gebeur, is dit 'n afbuiging, 'n deformasie van die eiesoortige reg van die kerk wat net tot skade en skande vir die kerk kan lei."

Ook Jonker (1965:3) verwys hierna, wanneer hy skryf:

> "Die belofte van Christus dat Hy al die dae tot aan die voleinding van die wêreld met die kerk sal wees (Matt. 28:20), sowel as die belofte dat Hy persoonlik deur die Gees in en by die kerk sal bly (vgl. Joh. 14:16-20) en dus teenwoordig sal wees waar twee of drie in Sy Naam vergader (Matt. 18:20), is te duidelik dat die kerk sou kon twyfel aan die *praesentia realis Christi ipsius* hier en nou, op elke punt van die weg."

Celliers en Strauss (2004:10) onderskryf Christus se rol as 'n kenmerk van die eiesoortigheid van die kerk:

> "'n Mens kan hieruit sê dat God sy kerk skep en onderhou deurdat Hy individue deur sy Gees in geloof aan Jesus Christus bind. Hieruit blyk die eiesoortigheid van die kerk teenoor enige ander groepering van mense in die wêreld."

Hierdie besondere, reële verhouding tussen Christus en Sy kerk- wat ook bepalend is vir die reg vír en ín die kerk, blyk ook uit die verskillende beelde wat die Nuwe Testament gebruik, om die verhouding tussen Christus en die kerk uit te druk:

> "Hy is die wynstok, hulle die lote (Joh. 15:5); Hy die goeie Herder, hulle die skape (Joh. 10:11-16); Sy kerk is Sy liggaam (Rom. 12:5; 1 Kor. 6:15; 12:12, 27; Ef. l:22w; 4:12, 16; 5:30; Kol. 1:24; 3:15) en Hy is die Hoof van hierdie liggaam (Ef. 1:23 en Kol. 1:18)" (Bronkhorst; Jonker; Van't Spijker in Coertzen, 1991:41; Celliers & Strauss, 2004:10).

Christus se hoofskap hou in dat Hy die regeerder van die kerk is- [in werklikheid dat Hy die enigste Een is wat seggenskap het in die kerk] (Coertzen, 1991:40).

Vanuit ’n presbiteriaal-sinodale oord beoordeel, skryf Van Wyk (1991:66; vgl. ook Pont, 1981:192):

> “Die sentrale uitgangspunt van die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip is om uiting te gee aan die alleenheerskappy van Jesus Christus in sy kerk, die Christokrasie. Wanneer dié feit as uitgangspunt gestel word, word ook gesê dat die reg wat in die stelsel geld eiesoortig is, ius sui generis. Dit beteken, ter loops, dat die demokrasie en sy denke hier nie ’n plek vind nie.”

Die Christokrasie kom dan tot uiting in Christus wat sy kerk, *onmiddellik* deur sy Woord en Gees regeer en *middellik* deur sy amp (Keet, 1963:9; Van Wyk, 1991:10; Coertzen, 1991:41; Pont, 1981:192).

Elders skryf Van Wyk (1991:10):

> “Die kerk as lewensgemeenskap wat aan Christus verbind is, sê orde, reg en struktuur word dus bepaal deur Christus, die Hoof van die kerk.”

### 2.9.2. Christus voltrek Sy regering deur sy Woord en Gees

Met verwysing na Van’t Spijker se stelling-

> “…zij is het die alles wat in de gemeente geschiedt tot een heilswerkelijkheid maakt, herscheppend en effectief naar de wijze der vrije genade.”

wys Coertzen (1991:41) daarop dat die *praesentia realis* van Christus in Sy gemeente, nie slegs in sakramentele sin verstaan moet word nie. Volgens Bouwman (in Coertzen) is die Woord, nie nét ’n Woord van reg vir die Kerk nie. Dit staan egter net so vas dat dit in die Woord is, dat Christus se reg vir Sy kerk gehoor word. Hans Küng (in Coertzen, 1991:41) praat in hierdie opsig van die normatiwiteit van die oorsprong van die kerk:

> “Die Kirche steht und fällt mit der Bindung an ihren Ursprung in Jesus Christus und seiner Botschaft, mit dem dauerenden Bezogensein auf ihren Existenzgrund in der ein für alle Male gültigen und so gegenwärtigen Heilstat Gottes in Christus.”

Die eiesoortigheid van die kerk se reg, redeneer Coertzen (1991:41), is dus ook daarin geleë dat dit in die Woord “moet hoor wat Christus se wil vir Sy kerk is en dat daardie wil dan vir die huidige tyd geïmplementeer moet word”.

Celliers en Strauss (2004:10-11) praat van die kerk se identiteit, wat ten diepste geleë is in die oorgelewerde (Bybelse) tradisie aangaande Jesus Christus, asook in Christus se eiesoortige leefwyse, wat die kultiese aanbidding van God insluit. “Dit is uit die Skrif duidelik dat hierdie eiesoortigheid van die kerk se bestaan in die wêreld teenstand sal ontlok en die kerk mag nie daarvan terugdeins nie” (Celliers en Strauss, 2004:11).

Käsemann (in Coertzen, 1991:41) waarsku- dit beteken nie ’n klakkelose kopiëring van die kerk in die geskiedenis nie. Die kerk is vanuit sy oorsprong in Christus, wel in sy volheid aanwesig in beide die Ou en Nuwe Testament, en dit is die taak van die kerkregskundige om die orde van Christus vir daardie kerk te soek, en te vertaal- in die lig van die uitdagings wat sy/haar eie besondere tyd bied (Coertzen, 1991:41).

Die Skrif, en veral die Nuwe Testament, verduidelik Coertzen (1991:41), bevat ’n menigte riglyne en motiewe van groot en blywende betekenis vir die inrigting, verband en bestuur van die Christelike kerk. Ook is die laasgenoemde van belang- vir die organisatoriese opbou van die volk van God en die liggaam van Christus.

Riglyne en motiewe in die Skrif, is nie slegs ’n versameling van bepalinge en wettiese reëls, wat sonder meer op biblistiese wyse toegepas moet word nie. In hierdie verband skryf Coertzen (1991:42):

> “Met inagneming van die tyd van hul ontstaan, die verband waarin hul voorkom, die literatuursoort waarin hul geskryf is, en die sosiologiese situasie van die gemeente aan wie die betrokke geskrif gerig is, is al die ter sake gegewens uiteindelik daarop gemik om ook die huidige gemeente van die Here bewus te maak van sy eie wese (te wete sy andersoortigheid as volk van God en liggaam van Christus) en van die noodsaaklikheid om sy inrigting, sy bestuur en verband steeds te toets en te laat korreleer aan sy wese as volk van God en liggaam van Christus.”

### 2.9.3. Skriftuurlike riglyne oor orde

Met verwysing na Von Campenhausen, noem Coertzen (1991:43) dat die ordeskeppende riglyne en motiewe in die Skrif, nie op ’n gesistematiseerde wyse voorkom nie. Daar kan nie van ’n Nuwe Testamentiese "leer" van die reg, vir die kerk gepraat word nie. In hierdie verband wys Celliers en Strauss (2004:7) daarop, dat die Skrif nie eerstens geskryf is as ’n

*bloudruk* vir die kerk en haar orde nie. Hoewel daar nie ’n volledige kerkorde in die Skrif opgeteken staan nie, word daar in die Gereformeerde teologie oorwegend saamgestem, dat die beginsels vir ’n komplete kerkorde, tog genoegsaam daarin gegee is. In hierdie verband noem Smit (1984:59) die name van Sillevis Smitt, Bronkhorst, Van Itterzon, Pont en ander gereformeerde kerkregskundiges, wat oordeel dat die Skrif wel die beginsels vir ’n komplete skriftuurlike kerkorde, voldoende gee.

Aangesien die eiesoortige reg van die kerk uit eie wese opkom, kan daar tussen Skrifgegewens onderskei word, wat op die aard van die orde vir die kerk dui, asook op die konkrete orde betrekking het (Coertzen, 1991:42).

Rigtinggewend vir die aard van die kerk se orde is 1 Kor. 14:33 en 40:

> "God is nie ’n God van wanorde nie maar van orde en vrede" (vers 33).
> "Daarom moet alles ordelik en gepas daaraan toegaan in die gemeente" (vers 40).

Volgens Käsemann (in Coertzen, 1991:42) blyk die besondere aard van die kerk se orde, uit die feit dat “orde en vrede” saamgevoeg word in vers 33. Coertzen (1991:42) verduidelik:

> “...uit hierdie vrede wat die mens in Christus met God het, vloei ’n orde voort wat in die gemeente gehandhaaf moet word, as ’n vergestalting van die vrede met God en met mekaar. In aansluiting hierby die woorde van vers 40 wat daarop dui dat die hele kerklike lewe behoorlik en toepaslik, in ooreenstemming met die gebod van die Here, ingerig moet word.”

Coertzen (1991:42-43) dui op die verskeie plekke in die Nuwe Testament, waar gemeentes geroep word om hulle te onderwerp aan die orde, hetsy by wyse van onderwerping aan mekaar (Ef. 5:21) of deur gehoorsaamheid aan diegene wat gegee is ten dienste van die gelowiges (1 Kor. 16:16). Ook noem Coertzen (1991:42-43) dat dit opvallend is, hoe daar meermale in die Nuwe Testament bevele gegee word ten opsigte van die orde wat daar in die gemeente moet wees (1 Thess. 4:2; 1 Tim. 1:18; 1 Kor.7:10; 11:17; 1 Thess. 4:11; 2 Thess. 3:4, 6, 10, 12; 1 Tim. 1:3; 4:11; 5:7; 6:13, 17). Ander kere is daar weer sprake van verordenings (1 Kor. 7:17; 11:34; 16:1), of opdragte (1 Tim. 2:1, vgl. 6:2; Tit. 2:15 en ook Rom. 16:17; 2 Kor. 8:6; 9:5; 2 Thess. 3:12).

### 2.9.4. Ampte en dienste in die kerk

Benewens die bepalings waarna reeds verwys is, is daar ook ander riglyne en motiewe waardeur die eiesoortige aard van die kerk se reg na vore kom. Vanuit talle riglyne in die Nuwe Testament blyk dit duidelik dat in die gemeente van die Here Jesus Christus twee "geledinge" is (Coertzen, 1991:44)- die gelowiges (Ef. 4:12) en dan sekere gawes van Christus uit die gelowiges (Ef. 4:11), wat uit die aard van die saak self ook gelowiges is, maar wat 'n besondere funksie ten opsigte van die ander gelowiges vervul (Ef. 4:12).

Volgens Coertzen (1991:44) staan hierdie twee "geledinge" in die gemeente, nie in 'n verhouding van heersers en ondergeskiktes teenoor mekaar nie. Die gawes (dienste of ampsdraers in die kerk) is gegee om die gelowiges toe te rus (Ef. 4:12, 16), vir hul eiesoortige dienswerk (Ef. 4:15) binne die koninkryk van God (Coertzen, 1991:44).

Coertzen (1991:44) meen die feit dat die dienste of ampte pertinent as gawes van Christus aan die kerk genoem word (Ef. 4:11, Rom. 12:6-8, 1 Kor. 12:28), naas die feit dat daar aan elkeen van die gelowiges 'n gawe gegee is na die mate van Christus (Ef. 4:7), beteken duidelik dat amp en *charisma* (gawe) nie teenoor mekaar gestel mag word in die kerklike orde nie. Bronkhorst (in Coertzen, 1991:44) verduidelik dat die ampte, op 'n baie besondere manier Christus se diens teenoor Sy gemeente verteenwoordig, en is hulle terselfdertyd 'n gawe van Christus. Hulle diens kan daarom in werklikheid as 'n charismatiese diens in die kerk getipeer word (Coertzen, 1991:44).

Regdeur die Ou Testament (sien Celliers en Strauss, 2004:12 in hierdie verband) en Nuwe Testament, is daar konkrete verwysings na die dienste in die kerk[39]. Coertzen (1991:44-45) wys op die volgende voorbeelde in die Nuwe Testament:

> "Paulus en Barnabas stel presbiters (ouderlinge) aan ten tye van die eerste sendingreis (Hd. 14:23); Paulus ontbied die ouderlinge van Efese na Milete en beveel hulle om as *episkopoi* (biskoppe) te waak oor die kudde van die Here. Ons lees ook van die verskillende soorte dienste in onder meer Rm. 16:1 (*diakonoi*); 1 Kor. 16:5 (*aparche*: eersteling); Gl. 6:6 (*Katechôn*: iemand wat onderrig gee); Kol. 4:17 (diakonia: Archippus wat 'n bediening aanvaar het); 1 Ts. 5:12 (*kopiôntes*: mense wat

[39] Hierdie ontwikkeling sluit sekerlik nie die moontlikheid uit, dat enige van die dienste waarna die Nuwe Testament verwys weer in die kerk ingestel sou kon word, as die omstandighede van die kerk daarom sou vra nie (Coertzen, 1991:45).

hulle die moeite getroos om te lei en tereg te wys); Flp. 1:1 (*episkopoïs* en *diakonois*: ouderlinge en diakens). Dit blyk dat baie van hierdie dienste mettertyd in die funksies van presbiter of episkopos en diaken saamgeval het."

### 2.9.5. Die kerk as plaaslike gemeente

Terwyl die kerk as die een volk van God in die wêreld geteken word, is dit volgens Celliers en Strauss (2004:11) belangrik om te merk, dat die gemeente regdeur die Nuwe Testament "minstens veronderstel en as vanselfsprekend aanvaar word". Die gemeente word in die Nuwe Testament geskets as die sigbare gestalte, van die wêreldwye volk van God op 'n bepaalde plek. Hiervolgens is dit dus volledig kerk (Celliers en Strauss, 2004:11; vlg. ook Keet, 1963:14).

Herman Ridderbos (in Coertzen, 1991:45) wys op waardevolle riglyne in die Skrif, wat betrekking het op die verband wat daar tussen plaaslike gemeentes behoort te bestaan. Hy meen deur gestalte te gee aan hierdie riglyne, kan die verskillende plaaslike kerke, onderlinge gemeenskap bevorder, asook die grootste moontlike ooreenstemming in hulle handelswyses. Ook sal die plaaslike gemeentes 'n kragtige getuienis van die eenheid van die wêreldwye kerk as liggaam van Christus lewer.

Ter stawing en in aansluiting, skryf Coertzen (1991:45-46; vgl. ook Keet, 1963:15):

> "Paulus het telkens die gemeentes van die Nuwe Testament gewys op wat in ander gemeentes gebeur. Hiermee wou hy hulle klaarblyklik bewus maak van die kosmiese verbande waarin die evangelie hulle opgeneem het (Kol. 1:16, 23; 1 Tm. 3:16 in vgl. met Ef.l:10). Gemeentes word ook opgeroep om belang te stel in wat in ander gemeentes gebeur (2 Kor. 9:2 ev, Kol. 4:16) en deel te neem aan dit wat elders onderneem word (1 Kor. 16:1). Dit is ook veelseggend dat Paulus klem gelê het op die feit dat hy dieselfde riglyne aan al die gemeentes gegee het en dat dit deur almal onderhou moes word (1 Kor. 7:17, 4:17 en 14:33). Hierby kan ook nog gevoeg word die klem wat Paulus in Ef. 4:4-6 le op die feit dat daar net "een liggaam, en net een Gees (is), soos daar net een hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon."

Coertzen (1991:46) beskou die grondslag vir die onderlinge verband tussen gemeentes, nie as samewerking, hulpverlening en uitwisseling van gedagtes nie, maar eerder die noodsaak van ’n verband. Soos aangedui in die Skrif, spruit dit uit die wese van die kerk:

> “In die plaaslike gemeente openbaar sig die een en algemene kerk van Christus. Dit is enersyds die waarborg vir elke plaaslike gemeente se selfstandigheid maar dit is andersyds ook die oproep tot elke gemeente om hom mede deur ander gemeentes van die Here Jesus te laat bepaal en gesê. Soos wat die beeld van die kerk as ’n veelheid van lede maar een liggaam (Rm. 12, 1 Kor. 12), ’n skriftuurlike riglyn is vir die onderlinge verkeer in die plaaslike gemeente, is dit ook ’n riglyn vir die onderlinge verkeer tussen gemeentes. Dit beteken dat net soos wat die reg vir die kerk in elke plaaslike gemeente neerslag moet vind, dit ook in die kleinere en grotere verbande van gemeentes neerslag moet vind” (Coertzen, 1991:46).

### 2.9.6. Die kerklike tug

Die unieke, eie karakter van die kerkreg, blyk ook duidelik in die Skriftuurlike riglyne wat daar vir die kerklike tug voorgeskryf word. Coertzen (1991:46; sien ook Smit, 1984:127) wys in hierdie verband- in Matt. 18:15-20 gee die Here Jesus self aan Sy kerk riglyne, oor hoe daar opgetree moet word teen ’n broeder wat sondig, terwyl Matt. 18:21-35 riglyne bied vir optrede teenoor die broeder, wat berou toon oor sy sonde.

Coertzen (1991:46-47) noem ’n veelvoud riglyne in hierdie verband:

> “Onderlinge opsig en vermaning, betrokkenheid van medegelowiges, die leiding van hulle wat ’n besondere funksie in die gemeente het, die behoud van die sondaar, ’n lewe van gehoorsaamheid en die gesag waarmee die gemeente in die Naam van Christus mag optree, is alles riglyne wat ter sake is vir die orde in die kerk en wat die uniekheid van die kerk se orde duidelik na vore laat tree.”

Die gesag waarmee die kerk mag optree, dien ook as voorbeeld van die unieke karakter van die kerk se orde (Coertzen: 1991:47; vgl. ook Keet, 1963:93):

> “In vss 18,19 en 20 van Mt. 18 en ook Jh. 20:22 gee Christus aanduidinge van die gesag waarmee die kerk kan optree in sy onderhandelinge met ’n broeder wat gesondig het. Die kerk het ’n sleutelmag op aarde wat in die hemel eerbiedig word en in sy hantering van hierdie mag kan hy weet dat Christus by hom is. Dit kom

> daarop neer dat as die kerk na ’n lang pad van onderhandeling met ’n sondaar daartoe kom om hom as ’n ‘heiden’ en ’n ‘tollenaar’ te beskou solank as wat hy ongehoorsaam is aan Christus, sal daardie besluit van die kerk in die hemel eerbiedig word- dit is asof Christus self die besluit geneem het. Dit is ’n geweldige gesag wat hiermee in die hande van die kerk gelê word, ’n gesag wat ewigheidskonsekwensies het.”

Coertzen (1991:47) pleit dan ook vir Rom. 13:1-7 se omskrywing van die owerheid se gesag. Eksegeties argumenteer hy dat beide kerk en owerheid se gesag van God is, hoewel elkeen se gesag anders en uniek voorkom.

In hierdie verband merk Smit (1984:127), dat die kerkorde uitgaan van die prinsipiële onderskeid tussen kerklike tug en burgerlike straf- dat die kerklike tug geen liggaamlike leed berokken of boete hef.

Eksegeties beoordeel, kom Ridderbos (in Coertzen, 1991:47-48) tot die som- alle bevoegdhede en ordeninge m.b.t. die kerklike tug, wat as reg vir die kerk gegee is om haar suiwer te hou en op te bou, is afkomstig van As sodanig, skryf Coertzen (1991:48)-

> “...is die gemeente gehoorsaamheid verskuldig aan diegene wat in die Naam van Christus hierdie reg vir die kerk uitvoer. Die hele uitvoering van die reg vir die kerk vind egter ook nie buite die gemeente om plaas nie - dit is immers die gemeente wat die persone met hulle opdrag van Christus in hul posisies plaas - sodat ’n mens uiteindelik van die kerklike tughandeling sou kon se dat dit uit Christus en deur die gemeente is.”

## 2.10. Die unieke karakter van die Kerkorde-dokument

Ten slotte maak ek ’n paar opmerkings, oor die unieke karakter van die kerkorde-*dokument*.

Volgens Coertzen (1991:192) moet die arbeid van die kerkreg neerslag vind in ’n kerkorde. Hy (Coertzen, 1991:192) is oortuig daarvan, dat die kerkorde moet op só ’n wyse uitdrukking gee aan God se orde vir Sy kerk- dat dit aan die unieke aard van die kerk en sy reg, *reg* wil laat geskied:

> “Benewens ’n kerkorde wat nie in sy opset en formuleringe reg laat geskied aan God se

> reg vir Sy kerk nie, kan die gebruik van ’n goed verantwoorde en geformuleerde kerkorde ewe-eens skade berokken aan die kerk se getuienis in die wêreld. Wat moet die wêreld immers dink van ’n kerk wat Christus op papier bely as Sy Hoof maar hierdie belydenis nie waar maak in die praktyk van elke dag nie” (Coertzen, 1991:192).

Die waarde van die kerkorde is nie geleë in teologiese nadenke nie, maar in die feit dat dit ’n kerklike regsdokument is met bindende reëlings, wat op ’n bepaalde tydstip in die verlede, deur ’n spesifieke gemeenskap van mense (die kerk) aanvaar is, as geldend:

> “…de kerk niet haar eigen wetgever is maar zich gebonden weet aan de Schrift. Iedere andere gemeenschap vormt geleidelijk of via revoluties haar eigen recht. Maar de kerk is gebonden aan een externe gezagsinstantie uit het verleden” (Van de Beek, 1992:62).

Verder is die kerkorde ’n interne verbandsreg van die kerk- binne die grotere regsverkeer van ’n spesifieke samelewing. Volgens Coertzen (1991:193) beteken dit dat die interne orde van die kerk versteur word, indien ’n kerk nie volgens haar eie ooreengekome orde optree nie. Ook hou dit in dat die regsorde in die breëre samelewing versteur word, as die kerk nie volgens haar eie interne verbandsreg sou optree nie, en gevolglik dat die regbank gevra kan word om die versteurde reg te herstel (vgl. Sadler, 1979:182-194; Strauss, 2010:11-112; Geldenhuys, 1951:344; Coertzen, 2001:50; Smit & Du Plooy, 2008:53). Dikwels tot die materiële, maar altyd tot geestelike skade vir die kerk (vgl. ook Du Toit, 1991:61; Strauss, 2010:3; Sadler, 1989:144). Dus is dit vir die kerk belangrik, om met die kerkorde op so ’n wyse om te gaan, dat God se reg vir Sy kerk (soos weergegee in die kerklike orde) gehandhaaf word. Dit hou in ’n korrekte lees en gebruik van die kerkorde (Coertzen, 1991:193).

### 2.11. Samevatting

Die vraag aan die begin van Deel 2 was- *waarin bestaan die eiesoortigheid van die kerk se reg?* Uit die voorafgaande is dit besonders duidelik, dat daar nie eenstemmigheid bestaan omtrent hierdie vraag nie. Dingemans fokus op die Ekklesiologiese grondslag van die reg, terwyl Plomp die Bybel as fokus- en vertrekpunt voorhou. Dan is daar Van Drimmelen wat die objek van die reg, nl. die kerk, propageer.

Hoewel die standpunte rondom hierdie vraag uiteenlopend verskil, is dit duidelik dat die tese van hierdie studie, op dieselfde wyse as Coertzen, die eiesoortigheid van die kerk se reg verstaan- die Bybel is nie die toonaangewende rede vir 'n eiesoortige karakter nie, maar eerder die kerk as "maaksel" van God. Omdat die kerk *'n unieke* maaksel van God is, het dit 'n unieke reg. Afgelei hieruit- bestaan daar 'n bepaalde orde vir en in die kerk, omdat die kerk 'n unieke samelewingsverband is wat deur God uit die herskepping daargestel is.

Ook kom dit duidelik aan die lig dat die kerkreg, 'n nie-staatlike verbandsreg is, 'n *unieke* regswetenskap wat uit die Woord van God, God se reg en orde vir Sy kerk moet navors, verklaar en toepas.

Laastens uit deel 2- dit staan vas dat die arbeid van die kerkreg neerslag vind in 'n kerkorde, en daarby behoort die kerklike orde, op 'n bepaalde wyse uitdrukking te gee aan God se orde, vir Sy kerk- indien dit aan die unieke aard van die kerk se reg, wil voldoen. Die ordereëls van 'n kerkorde is bindende reëlings, wat op 'n bepaalde tydstip in die verlede, deur 'n bepaalde gemeenskap van mense aanvaar is, as geldend vir hulle. Indien 'n kerk nie volgens sy eie ooreengekome orde optree nie, beteken dit dat die interne orde van die kerk versteur word.

In belang van die breër studie, blyk die volgende gevolgtrekkings rigtinggewend te wees- Kerkreg is 'n eiesoortige reg (*ius sui generis*) wat in en vir die kerk as eiesoortige gemeenskap beoefen word. Die argument van hierdie studie voorts is- die kerk is die objek van die reg, en die eie karakter van haar reg blyk uit die geloofsgemeenskap, wat die "maaksel" van God is. Die kerk word regeer deur Christus, haar Heer en Koning. Terselfdertyd word die Ekklesiologie as onderbou erken- nie slegs as die kerklike hoofstruktuur nie, maar ook as die wyse waarop die reg gehandhaaf moet word, insluitend die wyse van regsbeskerming in die kerkreg. Hoewel die *Biblische Weisung* deur sommige voorgestaan word as primêre rede vir 'n unieke karakter, is dit nie die vertrek van hierdie studie nie, maar wel word dit erken dat Christus sy kerk regeer, deur sy Woord en Gees. Die Woord waarin God se reg vir Sy kerk gehoor word.

## HOOFSTUK 3

## KERKREG IN HERMENEUTIESE PERSPEKTIEF

### 3.1. Inleiding

> "Mij is wel eens opgevallen dat menige theoloog die je van alles kan vertellen over de verschillende manieren waarop je een Bijbeltekst kunt interpreteren, er bij de kerkorde als vanzelfsprekend vanuit gaat dat hier de kwestie van de interpretatie eiegenlijk niet speelt. Maar ook in het recht is sprake van hermeneutiek of uitlegkunde" (Koffeman, 2009:95).

Soos die Bybel en alle regstekste, is ook die kerkorde onderhewig aan hermeneutiese reëls, wanneer dit kom by die uitleg daarvan. Soos wat Bybel- en regstekste nie na willekeur uitgelê kan word nie, moet die kerkorde binne verband verstaan word. Van de Beek (1992:59) rig 'n duidelike waarskuwing in hierdie verband:

> "Onder hedendaagse juristen bestaat de neiging eerder het tegendeel te zeggen: een positivistische opvatting van rechtsregels heeft als effect dat men niet onderscheidt wat men doet en de rechtsregel willekeurig toepast. Juist in het strikte 'Regel is regel' ligt de wortel van de willekeur. Het effect is niet anders dan het toepassen van losse bijbelteksten in concrete situasies. Waar dat gebeurt, bestaat gewoonlijk een grote huiver voor ontkrachting van het schriftgezag, terwijl juist in het niet onderkennen van de hermeneutische situatie het Woord Gods ontkracht wordt. Ook een juridische tekst heeft uitleg nodig om te vermijden dat men naar willekeur daarover gaat beschikken voor eigen goede of meestal kwade bedoelingen."

Teen hierdie agtergrond het die regbank[40] erken, dat 'n kerk die reg het om verstaan te word soos wat sy haarself verstaan, asook haar eie aard, die verstaan van haar kerkordebepalings verhelder (Strauss, 2010:21).

In die lig van die feit dat die regbank (soos die kerkreg) gebruik maak van die hermeneutiek vir die uitleg van tekste, asook dat kerkregtelike tekste onderhewig is aan dieselfde

[40] *Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo) v Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika*, saaknommer 536/96, Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Bloemfontein, 27 November 1998 (Ongepubliseerd).

hermeneutiese proses as regstekste (Van de Beek, 1992:62), stel hierdie hoofstuk die vraag- óf die hermeneutiek van die kerkreg 'n eiesoortige karakter toon t.o.v. ander reg. Laasgenoemde is 'n kritiese vraag, aangesien die kerkorde nie geskep is om deur die regbank beoordeel te word nie, en hierdie beoordeling wel geskied- meestal ten koste van die kerk (Du Toit, 1991:61; Coertzen, 1991:193; Strauss, 2010:3; Sadler, 1989:144)[41].

In hierdie hoofstuk sal die klem wees op die verhouding tussen die kerkorde en staatswetgewing, asook die teologiese en regshermeneutiek. Laasgenoemde sal geskied op spoor van Lategan se artikel, *Die uitleg van wetgewing in hermeneutiese perspektief* (1980). Volgende sal die fokus verskuif na die hermeneutiese aard van die kerkreg, soos voorgehou deur die Nederlander Braam Van de Beek, waarna die verskillende hermeneutiese metodes aandag sal geniet. Van de Beek se werk, *Hermeneutiek van het kerkrecht* (1992), word wyd aangehaal deur Nederlandse, sowel as Suid-Afrikaanse kerkregskundiges. Beide Flip Du Toit en Piet Strauss steun op Van de Beek se werk, maar bied iets ekstra- 'n Suid-Afrikaanse kontekstuele interpretasie m.b.t. die bogenoemde metodes.

Die uitgangspunt vir hierdie hoofstuk, is reeds in die voorafgaande hoofstukke fundeer: Ten opsigte van die breër studie, word daar aangevoer dat die temas- *bestaansreg van die kerkreg* (hoofstuk 2, D1) en die *eiesoortige karakter van die kerkreg* (Hoofstuk 2, D2), op metodologiese wyse 'n riglyn bied vir die struktuur van hoofstuk 3. Dit is wel die geval as daar gelet word, dat hoofstuk 3 uitgegaan van die volgende opvattings:

i. Vanuit 'n Gereformeerde perspektief blyk dit duidelik dat kerk en reg bestaanbaar is, en nie 'n *contradictio in terminis* nie. Die kerk se reg kan as behorend tot reg in eie sin beskou word, aangesien die reg die gestalte van die genade is (teenoor die opvatting van Sohm dat reg en genade mekaar uitsluit). Die feit dat kerkreg wel moontlik is, beteken daar kan gevra word na die unieke karakter daarvan.
ii. Kerkreg is 'n eiesoortige reg (*ius sui generis*) wat in en vir die kerk as eiesoortige gemeenskap beoefen word. Die kerk is die objek van die reg en die eie karakter van die kerk se reg blyk uit die geloofsgemeenskap- wat die "maaksel" van God is. Hierdie unieke gemeenskap laat haar regeer deur Christus se Woord en Gees.

[41] Sien voetnota 6 van hierdie tesis.

### 3.2. Die kerkorde *teenoor* staatswetgewing

Volgens Smit (2008:604; vgl. ook Van Drimmelen, 1992:212-213; 2004:20) bepaal die wese en die aard van die kerkorde, dat daar 'n onderskeid getref moet word tussen kerkordelike handelinge, wat op 'n "kerkregtelike wyse" uitgevoer word, en dié wat op 'n bloot "staatsregtelike wyse" uitgevoer word:

i. Terwyl die kerkorde vrye gehoorsaamheid uit liefde eis, dwing die staatswet onverbiddelike nakoming af deur strafmaatreëls.
ii. Die kerkorde wys weg van haarself- deur die toepassing van kerkordelike bepalings, word gehoorsaamheid aan die Woord van God in kerkregering moontlik. Hierteenoor wys die staatswet na homself- deur wetgewing ná te kom, word gehoorsaamheid aan die staatswet afgedwing.
iii. Bepalend vir die toepassing van die kerkorde is faktore soos geloof, bekering, berou, omstandighede en motiewe. Terwyl die toepassing van staatswetgewing nie vra vir bekering of berou nie, vereis dit vergelding- vir die harmonisering van belange.

Die kerkorde is duidelik nie 'n wet nie, en sy regsgeldigheid is derhalwe nie in sy "wetlike status", deur 'n mensgemaakte outoriteit geponeer nie- soos in die geval van 'n wet. Die kerkorde wys weg van haarself, na die eintlike wet- die Woord van God. Dus kan en moet 'n kerkorde nie as statuut hanteer word nie, maar as 'n ordereëling vir die toepassing van 'n lewensorde- wat God in sy Woord gee, en wat deur die kerkreg nagevors is. (Smit, 2008:604-5). Dit alles moet geskied met die uitgangspunt- die kerk is die "maaksel" van God, 'n unieke gemeenskap wat regeer word deur Christus se Woord en Gees.

Hierdie toedrag van sake ontlok van Smit (2008:605; vgl. ook Smit, 1984:101):

> "In die kerklike regsuitoefening behoort dit dus nie te gaan om oortredings van die kerkorde nie – in die burgerlike regsuitoefening gaan dit wel om oortredings van staatswette en -statute. Die kerkorde bevat die *quod* (die Skrifbeginsels) en is sodoende die *modus quo* (die wyse) waardeur die kerk op Skrifgronde opgebou moet

word. ’n Oortreding van die kerkorde moet dus slegs as ’n oortreding geag word in soverre dit ’n oortreding van die Skrif is, terwyl ’n oortreding van ’n staatswet op sigself ’n strafbare oortreding is.”

### 3.3. Teologiese hermeneutiek *teenoor* regshermeneutiek

Normaalweg word die hermeneutiek geassosieer met die uitleg van Bybelse tekste, maar oor tyd het dit ook ander konnotasies ontwikkel. In hierdie verband wys Lategan (1980:107) op die interpretasie van literêre tekste in die algemeen, ’n omvattende metodologie vir die geesteswetenskappe en ’n fenomenologiese bestudering van die verstaanproses as sodanig. Ten opsigte van die regswetenskap, skryf Lategan (1980:107), is die term moontlik vreemd, maar die toepassing self is ’n ou bekende. Wetsuitleg is niks anders as ’n hermeneutiese aktiwiteit nie. Dus blyk dit dat beide die teologie en die regswetenskap, ’n belangstelling toon in die hermeneutiese problematiek. Volgens Lategan (1980:107; sien ook Botha, 2005:62) maak die hermeneutiek ’n beduidende deel uit van die regsproses, en word die naam van Emilio Betti in hierdie verband genoem- ’n Italiaanse regsgeleerde, wat een van die belangrikste bydraes nog, tot die huidige hermeneutiese debat gelewer het.

Lategan (1980:107-109; sien ook Botha, 2005:62) vind dat daar spesifieke raakpunte tussen die teologiese en regshermeneutiek bestaan:

i. Beide dissiplines streef die ontwerp van suksesvolle metodes na, waarvolgens gesaghebbende, vasgelegde tekste geïnterpreteer kan word, met die fokus op huidige konkrete situasies. Vir die teologie gaan dit om die uitleg van die gesaghebbende teks van die Bybel, en in die geval van die regspraak- om die geoutoriseerde *corpus* van wetgewing binne ’n bepaalde staatsbestel.

ii. Beide dissiplines beskik oor ’n eksistensiële dringendheid- met die uitleg van die Bybel gaan dit om ’n bevrydende boodskap, wat beslissende konsekwensies vir die mens en sy diepste lewensvrae inhou. In die regspraak- om die strewe na regsekerheid en die handhawing van geregtigheid, in belang van alle betrokkenes.

iii. Beide die teologie en die regspraak het te make met die eise, wat voortdurende veranderende situasies aan die uitlegpraktyk stel:

> "Die vasgelegde teks pretendeer naamlik om nie slegs van toepassing op 'n eenmalige situasie te wees nie, maar juis om nuwe en dikwels onvoorsiene gevalle te kan akkommodeer... Die wet is 'n toekomsontwerp in soverre dit sy eintlike betekenis pas in die konkretisering in 'n toekomstige situasie laat geld. In die teologie word van die eskatologiese dimensie van die openbaring gepraat, waar dieselfde spanning tussen gesaghebbende, vasgelegde teks (in die verlede) en die voortgaande proses van die geskiedenis met sy onbekende en dikwels onvoorsiene toekoms aanwesig is" (Lategan, 1980:108).

iv. Nog 'n gemeenskaplike faktor is die geskiedenis se invloed- op die uitleg van beide die Bybel en wetgewing. In die regspraktyk berus die uitleg van wetgewing, nie alleen op die bepalings van bepaalde wette in isolasie nie, maar word dit beïnvloed deur vorige beslissings van die hof. Die presedenteleer (of *stare decisis*) dien as 'n "tweede bron" vir die regspraak. In die teologie het 'n soortgelyke proses plaasgevind- reeds voor die afsluiting van die kanon het verskillende *uitlegtradisies* ontwikkel (juis vanweë die voortgaande interpretasie van die boodskap), en het die *Traditionsgeschichte* 'n nodige hulpmiddel, vir die bestudering van die ontwikkeling van die Bybelse teks geword. Na afsluiting van die kanon, het die kerklike-tradisie as tweede kenbron by die uitleg van die Skrif, steeds in belang toegeneem. Veral in die Rooms-Katolieke teologie is, met die beginsel "scriptura et traditio" feitlik op dieselfde vlak geplaas. Met sy "sola scriptura" wou die Reformasie hierdie uitgangspunt prinsipieel afwys. Daardeur is die betekenis van die tradisie nie ontken nie, maar wel sekondêr gestel- t.o.v. die Skrif as enigste ware bron vir die teologie.

Hierdie ooreenkomste, gee Lategan (1980:109) te kenne, is nie bedoel om die diepgaande verskille tussen teologiese interpretasie, en die uitleg van wetgewing te verdoesel nie. Daar bestaan ook opvallende verskille in hierdie verband (Lategan, 1980:109-110; Botha, 2005:62):

i. Wetgewing is 'n eiesoortige genre met eie reëls, wat gerig is op die juridiese ordening van die menslike gemeenskap, en wat in baie opsigte nie met teologiese tekste vergelyk kan word nie.

ii. ’n Verdere opvallende verskil is die openheid of geslotenheid van die *corpus* van tekste, wat uitgelê moet word. Die Bybelse *corpus* het voor die afsluiting van die kanon op kenmerkende wyse bestendig uitgebrei. Sedertdien is dit geslote en vind daar in die praktyk geen verdere toevoegings plaas nie[42]. Hierteenoor word wetgewing voortdurend uitgebrei, en kom nuwe reg tot stand- primêr deur doelbewuste wetgewing, maar ook aan die hand van regterlike regskepping.

### 3.4. Die hermeneutiese aard van die kerkreg

In sy artikel, *Hermeneutiek van het kerkrecht*, haal Braam Van de Beek (1992:60-61) vir Esser aan, wanneer hy daarop wys dat regstekste aan dieselfde hermeneutiese prosesse onderhewig is, as alle ander tekste:

> “Juristische Hermeneutik... ist als solche nicht von so grundsatzlicher Verschiedenheit gegenü-ber geschichtlicher oder literarischer Hermeneutik, dass sie eine eigene juristische Hermeneutik verlangen würde.”

Hoewel ’n juridiese teks *tog maar net ’n teks is*, en so verstaan moet word, noem Esser (in Van de Beek, 1992:61) twee verskille m.b.t. die historiese en literêre hermeneutiek:

i. *Die reg is perspektief*- Dit wil nie net iets vertel of aandui oor die geskiedenis nie, maar wil ’n weg aanwys deur die geskiedenis- dit is 'Weisung'. Selfs al word regsreëls kasuïsties geformuleer, het dit ’n imperatiewe bedoeling. Regstekste is dus ’n bepaalde soort teks. Die reg is op die toekoms gerig, met ’n spesifieke wyse: nie wat gewens of verwag word van die toekoms nie, maar wat vereis word. Regsteks beskryf nie wat was of is nie, maar moet wees.

ii. *Die reg het betrekking op ’n spesifieke situasie in die hede*– Nie net moet die ontstaan-situasie of die interne struktuur van die teks ondersoek word nie, maar ook die teenwoordige situasie, waarin die teks (met die oog op die toekoms) moet funksioneer. Daar bestaan dus ’n hermeneutiese spanningsboog- tussen die teks in eie konteks (van ontstaan) en die huidige situasie.

[42] Op die vraag na die "ope" of "geslote" kanon, asook die onderskeie vraagstukke rakende die afsluiting van die Ou en Nuwe Testamentiese kanon, gaan hier nie verder ingegaan word nie. Hoewel die teologiese interpretasieproses ononderbroke voortgeduur het, en die toekomsdimensie ’n wesenlike kenmerk van die Bybelse perspektief uitmaak, is dit tog so dat die kanon in praktyk as afgeslote funksioneer.

iii. Van de Beek (1992:61) gaan een stap verder as Esser, en identifiseer ’n derde verskil- *meer tekste verjaar*, *en vra vir die analise van ’n eie situasie*. ’n Regsteks behoort dus gelees te word, teen die agtergrond van die gemeenskap wat dit as sulks gesanksioneer het. ’n Regsteks is dus nooit ’n individuele teks nie, maar eerder ’n kollektiewe teks. Vanweë die besondere eienskappe van regstekste, is die hermeneutiek van die reg, meer komplekse as ander tekste.

Wanneer daar gevra word óf die hermeneutiek van die kerkreg eiesoortig is, t.o.v. ander reg, moet daar gelet word op die identiteite van beide. Van de Beek (1992:62) vind dat kerkregtelike tekste onderhewig is aan dieselfde hermeneutiese prosesse as ander regstekste. Nooit mag daar ’n beroep op die eie aard van die kerkreg gedoen word, sodoende die feit te ontduik, dat regsreëls bindend is nie:

> “Men kan niet zeggen dat terwille van de genade die in de kerk moet zegevieren het recht ongeldig is. Want het recht is niet ongenadig, het is veeleer de vormgeving van de genade. Het belemmert niet de vrijheid maar waarborgt deze” (Van de Beek, 1991:62).

Van de Beek (1992:62) waarsku dat ’n beroep op die genade (téénoor die reg), kan lei tot onreg en dus genadeloosheid. Teenoor die opvatting van Rudolph Sohm- *dat reg en genade mekaar uitsluit*, sal daar gehandhaaf moet word dat die reg, die gestalte van die genade is, en dat die Christelike gemeenskap dus sodanige reg moet skep, aangesien dit ’n uitdrukking van die genade is.

Inhoudelik meen Van de Beek (1992:62), kan die kerk se reg dus verskil van die reg in ander gemeenskappe, maar dieselfde geld vir elke gemeenskap. Elke regshermeneutiek moet sorg dat reg geskied, aan die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Die eie aard van die Christelike gemeente, hou ook formele konsekwensies in vir die hermeneutiek van die kerkreg. Daarby gaan dit nie om die teenstelling tussen genade en reg nie, maar om die feit dat die kerk nie haar eie wetgewer is nie, aangesien die kerk gebonde is aan die Skrif. Elke gemeenskap vorm ’n eie reg- geleidelik of d.m.v. revolusies, maar die kerk is gebonde aan ’n eksterne gesagsinstansie uit die verlede. In hierdie verband wys Van de Beek (1992:62) op die hermeneutiese sirkel- nie alleen tussen die teks van die wet en die hedendaagse situasie nie, maar ook in hermeneutiese relasie [*gebracht*] met die Bybel. So ontstaan daar iets van ’n hermeneutiese driehoek, of ’n samestelling van drie hermeneutiese

sirkels- waardeur die hermeneutiek van die kerkreg nog meer kompleks is, as dié van ander reg. Alles omtrent die gewone reg geld hier, maar die eie aard van die reg bied ekstra komplikasies (Van de Beek, 1992:62).

### 3.5. Die uitleg van ’n kerkorde: ’n Eie wetenskap

Coertzen (1991:194) beywer hom daarvoor dat elke ordereël in ’n kerkorde, en in die geheel van die kerklike orde, op so ’n wyse gelees word, dat die unieke aard van die kerk se reg, tot sy reg kan kom. Hierdie betoog van Coertzen impliseer dan die moontlikheid dat die artikels van ’n kerkorde, op so ’n wyse gelees kan word dat dit presies die teenoorgestelde sê, as wat dit eintlik moet. In hierdie verband wys Coertzen (1991:194) op Van de Beek se voorbeeld van ’n predikant wat die bepaling, *geen amp mag oor ’n ander heers nie*- aanwend, sodoende kritiek van ander ouderlinge (oor sy wyse van prediking) ontduik.

Hierdie toedrag van sake, ontlok van Coertzen (1991:193):

> “Die regte lees en gebruik van ’n kerkorde sou in die eerste plek beteken dat dit binne die bakens van God se orde vir Sy kerk moet plaasvind. Dit beteken ’n teologiese verantwoorde lees en gebruik waarin die unieke aard van die kerk as Godsvolk en die unieke reg van God vir hierdie volk steeds die vertrekpunt en einddoel sal wees. Dit beteken Jesus Christus se alleenheerskappy deur Sy Woord en Gees. En die dienste wat Hy daarvoor gebruik moet steeds weer maar net daarop ingestel wees om in elke handeling Christus tot Sy reg te laat kom. Dit maak die lees en gebruik van die kerkorde nie net ’n regsprekende aangeleentheid nie maar iets wat steeds weer en werklik onder vervulling van en bekragting met die Heilige Gees moet gebeur.”

’n Teologiese lees en gebruik van die kerkorde veronderstel verskeie hulpmiddels en metodes, wat tot diens van die interpreteerder kan wees. Van de Beek (1992:63-68) lys en bespreek hierdie *niveaus* in die volgorde: literêre hermeneutiek, strukturele hermeneutiek, historiese hermeneutiek, sistematiese hermeneutiek, rasionaliteit van die regspraak en rasionaliteit van die wet. Du Toit (1991:46-59) lys dieselfde metodes, maar in ’n ánder volgorde, en wys dan daarop dat hierdie metodes “agtereenvolgens” aandag moet geniet. Ook Strauss (2010:22-26) volg op Van de Beek se spoor, ten opsigte van die soorte metodes, maar

bespreek dit in dieselfde volgorde ás Du Toit.

### 3.5.1. Teleologiese hermeneutiek

> "...een hantering van het kerkrecht gericht op het doel: dat er recht wordt gedaan aan het rechtsgevoel van de gemeenschap, soms redenerend vanuit bestaande juridische regel geving, soms om te voorzien in leemten in de wet, soms zelfs tegen de letterlijke tekst van de wet in" (Van de Beek, 1992:64).

Volgens Du Toit (1991:46; vgl. ook Strauss, 2010:22) is die eerste vraag wat beantwoord moet word by die uitleg van 'n kerkorde- met watter doel (Grieks: *telos*) is hierdie artikel opgestel? Die antwoord hierop vorm die agtergrond waarteen die ganse dokument gelees moet word. Ook moet elke artikel in die kerkorde, iets verwoord van hierdie onderliggende doel.

Vir 'n kerkorde om aan sy doel te beantwoord, meen Du Toit (1991:47)-

> "...moet die kerkorde reg laat geskied aan die regsgevoel van die betrokke kerklike gemeenskap, wat op sy beurt verbind is aan die Hoof van die kerk, Jesus Christus."

Du Toit (1991:47) wys op onderskeidelik Smit en Van der Linde se formulering dat 'n kerkorde se doel gevind moet word in die versoening wat Christus bewerk het: "Dit het vrede tussen God en sy kinders meegebring". Ook Strauss (2010:22) voeg hom hierby wanneer hy skryf:

> "Vanuit hierdie versoening moet die kerkorde die vrede tussen die gelowiges en Christus, sy wil en sy Woord weerspieël, moet die kerkorde gestalte gee aan die heerskappy van Christus as Hoof in sy kerk."

Coertzen (1991:196) weer, fokus op die bou van die kerk:

> "...die kerk [moet] gebou word om te kom tot die mate van die volle grootte van Jesus Christus, gebou moet word om die vrug van die Gees te dra sodat God uiteindelik alles en in almal sal wees."

Dit beteken dat die kerkorde koninklik, profeties en priesterlik gelees moet word:

> "Profeties moet dit God se reg poneer, koninklik moet dit God se reg handhaaf en priesterlik moet dit die reg gebruik om mense na die Here toe te lei en in die Here te vestig" (Coertzen, 1991:196).

Bondig vat Smit (in Du Toit, 1991:47) die doel van 'n kerkorde saam:

> "'n Onontbeerlike hulpmiddel waardeur die heerskappy van Jesus Christus oor sy kerk verwerklik word."

Du Toit (1991:47) beklemtoon dat die Christusregering ten volle verwesenlik moet word. Dit beteken dat die kerkorde ten alle tye sal heenwys na Christus, die Hoof van sy kerk. In hierdie verband haal beide Du Toit (1991:47-48) en Strauss (2010:22) vir Smit aan:

> "Die kerkorde moet in kinderlike gehoorsaamheid aan Christus toegepas word en nie rigoristies, volgens die 'letter-in-isolement' daarvan nie. Die 'letter' moet gelees word in die lig van die Woord en moet gemeet word aan die eis van liefde en die billikheid- óók in die lig van die Woord. Die toepassing van die kerkorde is uiteraard prakties toegespits op 'n bediening van die Skrif, waardeur die kerk gevorm en opgebou word in wat hy wesenlik op aarde moet wees: die eiendom van Christus wat as één lewende gemeenskap in liefde, eensgesindheid, diensbaarheid, ordelikheid en gehoorsaamheid aan die Skrif moet lewe."

Met hierdie doel voor oë moet die volgende uitgangspunte deurgaans in gedagte gehou word (Du Toit, 1991:48; vgl. Strauss, 2010:22):

i. *Die kerkorde is nie 'n wet wat met wetlike gesag geklee is*, *en juridiese afgedwing moet word nie*. Die kerkorde wys weg van homself, na Christus en sy Woord. Daarin is die kerkorde se bindende karakter geleë- sy getrouheid aan die woord en nie 'n regstegniese wetlikheid nie. Die kerkorde het nie 'n dwingende bindende regskarakter nie, maar 'n reëlende Woordgebonde karakter.

ii. *Die kerkorde is nie, en mag nie, in 'n reglementebundel verander, waardeur die kerklike lewe in strakke reglementeringe versteen nie*– Strauss (2010:22): "Dit moet die kerklike vryheid dien om ten diepste Woordgetrou te lewe". Du Toit (1991:48): "...dit behoort immers bediening van Christus se organiese heerskappy oor sy kerk te bly". Verder moet kerklike

gebeure nie gereglementeer word met notariële noukeurigheid nie- "want baie kan aan die wysheid van die kerklike vergaderinge toevertrou word" (Du Toit, 1991:48).

Met die fokus op die formele aard van die kerkorde, haal Du Toit (1991:48) vir Nauta aan:

> "Wanneer deze gemeensschap leeft en zich krachtig weet te betonen, zal de druk tot een louter formeel in acht nemen van die bepalingen der kerkorde niet zozeer worden gevoeld en zal als vanzelf de bereidheid aan de dag treden om er zich zoveel mogelijk aan te houden en eventuele afwijkingen op bepaalde punten van elkander te verdragen en als goed op te nemen."

By die verwesenliking van hierdie doel, bestaan die gevaar deurgaans dat 'n kerkorde óf te min ordereëlings het (wat willekeur in die hand werk), óf te veel ordereëls het (wat die groter gevaar van hyperorganisatie meebring), wat beteken dat alles tot in die fynste besonderhede gereglementeer word.

In hierdie verband spreek Du Toit (1991:49) sy teleurstelling uit:

> "Dit is 'n vergissing om te dink dat so 'n goed ineengestrengelde en aanmekaargetimmerde kerkorde die waarborg is vir die realisering van die doel. 'n Kerkorde is niks meer as 'n hulpmiddel nie."

Samevattend kan daar gesê word dat die doel van 'n kerkorde sy lengte, omvang en ook sy uitleg bepaal (Du Toit 1991:49).

### 3.5.2. Sistematiese hermeneutiek

Van de Beek (1992:64) beskou die sistematiese hermeneutiek as volg:

> "...systematische hermeneutiek: Hierbij wordt de betekenis van de rechtsregel binnen het geheel van de theologische traditie van de kerk geplaatst... De dogmatische bezinning wordt van groot belang. De kerkorde is een van de expressievormen van die traditie en dient dus ook tegen deze achtergrond gelezen te worden."

Du Toit (1991:49; vgl. ook Coertzen, 1991:196; Strauss, 2010:22) sluit by Van de Beek aan, as hy daarop wys dat enige ordereëling altyd geplaas moet word, binne die geheel van die belydenis en teologiese tradisie van die kerk.

Coertzen (1991:196) steun op die NGB[43] wanneer hy, sy siening bied omtrent die bogenoemde:

> "Die wyse waarop besluite in 'n kerkvergadering geneem word, is uiteindelik nie net in sy onmiddellike konteks, die geheel van die kerkorde, en die historiese gesitueerdheid van die betrokke artikel ingebed nie. Nog dieper is die fondament dat Jesus Christus die enigste Here van die Kerk is (NGB art. 30), dat Hy deur Sy Woord en Gees regeer (NGB 30); dat God vir Hom 'n volk tot die ewige lewe uitverkies (NGB 29), ja, dat Hy die Skepper van Hemel en aarde is, om maar net 'n paar van hierdie fondamentstene te noem."

Smit (in Du Toit, 1991:49; sien ook Strauss, 2010:22) is daarvan oortuig dat die doel van 'n kerkorde alleen gerealiseer kan word, deur konkrete gehoorsaamheid aan die gronde en norm van die kerkorde: die Skrif, belydenis en Kerkreg- in hierdie volgorde[44].

Met verwysing na Bouwman en ander, beywer Du Toit (1991:49) hom daarvoor dat die Skrif, die primêre bron is, asook kan sekere afleidings gemaak word vanuit die Skrif- t.o.v. die kerk en hoe dit daar moet uitsien[45].

Koffeman (2009:96) lê klem op die ekklesiologie, wanneer hy skryf:

> "De systematische hermeneutiek neemt de visies die áchter een tekst liggen in aanmerking. Dit sluit aan bij de inzet van dit boek: achter het kerkrecht ligt in beginsel een ecclesiologische visie en men dient een kerkordelijke bepaling in het licht daarvan te interpreteren."

In sy soeke na die korrekte bewoording vir 'n kerkorde, wys Du Toit (1991:49; vgl. Strauss, 2010:22) op die onderskeid tussen die *ius constituendum* (gepositiveerde kerkreg[46]) en die *ius constitution* (normatiewe kerkreg). Volgens Strauss (2010:22) is die Skrif die eerste *norma*, die

[43] Die Nederlandse Geloofsbelydenis.
[44] Strauss (2010:22) skryf in hierdie verband: "Dit beteken dat van die ekklesiologie of kerklike norme en fasette uit hierdie drie die kerkorde bepaal, sodat dit in die lig hiervan verstaan moet word."
[45] Coertzen (aangehaal deur Du Toit, 1991:49) skryf as volg hieroor: "Oor presies hoe die Skrif funksioneer as bron is daar wel nuanse-verskille, maar oor die feit daarvan is hulle (gereformeerde kerkregtelikes) dit eens"
[46] Strauss (2010:22) verwys ook hierna as die *konstantes* of *norme* vir die kerkorde. Die konstantes spruit uit die Skrif, belydenis en kerkregtelike uitgangspunte.

belydenis die tweede *norma* en die kerkregtelike uitgangspunte, sake wat getrou aan die Skrif en belydenis moet wees. Die *ius constituendum* is dan ook die ideale reg soos God dit in sy Woord gegee het. Du Toit (1991:49) meen dit is steeds soeks- ’n kerkorde kan slegs die *ius constitutum* wees - die reg soos dit reeds verwoord is (Kleynhans in Du Toit, 1991:46).

Volgens Du Toit (1991:49-50) moet daar ’n verdere onderskeid getref word, tussen twee groepe van bepalinge: “dié wat direk uit Skrif afgelei word, en dié wat net sodanig moet wees dat hulle nie in stryd met die Skrif is nie”. In hierdie verband dui hy op Hooker, wat onderskeid tref tussen "matters of doctrine" en "matters of discipline".

Dus blyk dit die kerkorde is tot ’n groot mate afhanklik van die kerklike leer, asook die belydenis oor die kerk, soos dit uit die Skrif gesistematiseer word:

> “Dit beteken dus dat ’n verskil in ekklesiologie, ’n verskil in opvatting oor wat en hoe die kerk volgens die Skrif is, vanselfsprekend ’n verskil in kerklike orde na vore sal bring. Hier is die diepste grond vir die groot verskil tussen die Rooms-papale en die Calvinistiese presbiteriaal-sinodale kerklike ordening” (Pont aangehaal in Du Toit, 1991:50).

Johannes Calvyn word bestempel as die vader van die Bybels-Reformatoriese presbiteriaal-sinodale kerklike orde. Volgens Pont (in Du Toit, 1991:50) het hierdie presbiteriaal-sinodale kerklike orde, die grondpatroon van die orde van die hervormde kerke geword- oral waar die Calvinisme getriomfeer het:

> “...dat dit selfs "dwingend is, om ’n duidelike verband tussen die Heilige Skrif via die belydenisskrif na die kerkorde te konstateer. Dit sal beteken dat in die kerkorde die regering van Christus, die Hoof en Heer van sy liggaam, die kerk, volledig verdiskonteer moet word en dat ’n orde wat sy regering deur sy Woord en Gees formuleer nie anders as skriftuurlik, in die breë sin van die woord, genoem kan word nie” (Pont aangehaal in Du Toit, 1991:51).

Samevattend wys Du Toit (1991:51) dat hierdie hermeneutiese sleutel, die uitleg van ’n kerkorde-artikel “so moeilik maak”. Hy dui op die hermeneutiese driehoek, wanneer hy verduidelik (1991:51) dat:

> "...anders as met die uitleg van gewone wette, waar die teks en die huidige situasie belangrik is, is hier sprake van 'n hermeneutiese driehoek (die teks van die kerkorde, die teenswoordige situasie en 'n eksterne bron, die Skrif)."

### 3.5.3. Historiese hermeneutiek

Inleidend oor die *historische hermeneutiek*, verduidelik Koffeman (2009:95) dat dit "kijkt naar de geschiedenis van een rechtsregel". Van de Beek (1992:63) noem drie vrae in hierdie verband:

> "...in welke historische context is de rechtsregel ontstaan? Wat hebben de opstellers ermee willen zeggen? Wat is de functie in het verleden geweest?"

Volgens Du Toit (1991:51; vgl. ook Coertzen, 1991:195; Strauss, 2010:23) word 'n kerkorde "nooit in 'n lugleegte geskryf en toegepas nie". Die historiese gesitueerdheid en ontwikkeling bly gevolglik altyd belangrik vir die bepaling van sy betekenis. Elke artikel in die kerkorde het 'n bepaalde historiese verloop.

Coertzen (1991:195) merk in hierdie verband:

> "Hier moet eerstens in ag geneem word dat elke kerkorde en ander ter sake dokumente gedateerde dokumente is. Wie dus wil vasstel wat die geldende orde op die oomblik in 'n kerk is, moet die jongste uitgawe van die kerklike orde ter hand neem. Dit het nie veel sin om 'n kerkorde van 1960 te gebruik om 'n kerklike ondersoek in 1990 te verrig as daar sedert 1960 allerlei veranderinge aangebring is in die ordereëls wat hierop betrekking het nie. Wie so iets sou doen, stel homself nie net aan kerklike nie maar ook aan burgerregtelike korreksie bloot. Kermis van die onmiddellike historiese situasie van 'n betrokke artikel is ewe-eens belangrik om die betekenis van 'n betrokke artikel te kan peil."

Ook Strauss (2010:23) voeg hom hierby, wanneer hy fokus op die konstantes agter kerkordebepalings wat hul "neerslag vind in praktiese maatreëls wat ook die tekens van die tyd vertoon". Hierdie maatreëls, volgens Strauss (2010:23), maak 'n "ontwikkeling" deur, tydens die "formulering en wysiging van bepalings." Praamsma (in Du Toit, 1991:51; in Strauss, 2010:23) in hierdie verband, vind die kerkorde nie as 'n Skrifgegewe (in die eerste plek) nie,

maar as ’n historiese gegewe. Volgens hom kan die vroeëre toepassing van die kerkorde leersaam wees. Hoewel die gelowiges van vroeër kon fouteer het, kan hul ervaring (soos in die loop van die geskiedenis) van wins wees.

Vir ’n behoorlike verstaan van ’n bepaling in die kerkorde, moet die historiese hermeneutiek met die volgende aspekte rekening hou (Van de Beek, 1992:63-64; Du Toit, 1991:51-53; Strauss, 2010:23-24):

#### 3.5.3.1. Wetshistories

Van de Beek (1992:63) stel die volgende vraag hier: “...wat betekende de regel als positief recht ten tijde van de opstelling?” M.a.w. wat het die bepaling by die opstel daarvan beteken?

Met die fokus op die bogenoemde vraag, wys Strauss (2010:23) op die waarde van “historiese bronne”, asook die “verklaring van ouer kerkordes, waarin die artikel die eerste maal voorkom”.

Du Toit (1991:52) voeg hom by Kuyper in hierdie verband, wanneer hy betoog dat ’n dokument uit die 16$^{de}$ eeu nooit met die huidige, geheel-ander-agtergrondsbegrippe, verklaar moet word nie. Dit moet deurgaans verklaar word soos die kerkvaders in hul tyd, en eie geskrifte, gedoen het. "Elke andere uitlegging is oneerlijk, onoprecht en doet aan de historie geweld aan" (Kuyper aangehaal in Du Toit, 1991:52).

Om hieraan reg te laat geskied, meen Du Toit (1991:52), moet die werke van kerkregskundiges, sowel as die ontstaan van die verskillende artikels, ondersoek word. In hierdie verband noem Du Toit (1991:52) die werke van ondermeer Bouwman (1970) en Pont (1981).

#### 3.5.3.2. Regshistories

By hierdie *aspecten* van die *historische hermeneutiek*, vra Van de Beek (1992:63): “...tegen welke voorgeschiedenis is de regel ontstaan?”

Du Toit (1991:52; vgl. ook Van de Beek, 1992:63) meen die artikel moet in berekening gebring word, met die agtergrond waarteen die tradisie ontstaan het. As voorbeeld noem hy die anti-hiërargiese tradisie of die Episkopale oorheersing.

'n Bepalende lyn by die uitleg van die kerkorde, en volgens Du Toit (1991:52) die "een groot bepalende lyn", is die presbiteriaal-sinodale kerkordelike tradisie. In hierdie verband stel Coertzen (1991:195) dit duidelik dat-

> "Anti-hiërargiese artikels in Gereformeerde kerkordes van die hede, moet steeds gesien word teen die hele agtergrond van die Reformasie, toe die alleenheerskappy van Christus en die dienskarakter van die ampte, met groot stelligheid teenoor die pouse se pretensie van hoofskap oor die kerk, en die plaasvervangende aard van die ampte geponeer is. Die voorgeskiedenis van 'n artikel, kan 'n kerk ook help om steeds sy eie kerklike orde te evalueer. Op die manier kan ordereëlings met 'n inslag wat vreemd is aan die unieke aard van die kerk en sy reg, mettertyd uit die kerklike orde gesuiwer word. Hier kan gedink word aan ordereëls wat byvoorbeeld aan predikante, as groep, 'n te groot inspraak in meerdere vergaderinge gee, of reëlings waaruit sou blyk dat die kerk maar as 'n gewone vrywillige vereniging, met 'n demokratiese grondslag, beskou word."

Met verwysing na Pont, dui Du Toit (1991:52) op 'n verdere historiese lyn, waarmee die geskiedenis van die kerkregtelike ontwikkeling in Nederland, en Suid-Afrika, rekening moet hou:

> "...die kollegiale lyn wat in 1816 na vore tree en wat in baie opsigte verwoestend op die presbiteriaal-sinodale kerkordelike tradisie met sy noue verbintenis aan die belydenisskrif en die Heilige Skrif ingewerk het."

Met die fokus op binneland Suid-Afrika, sal daar by die "Kerkorde van De Mist begin moet word, om die ontwikkelingslyn getrou na te speur" (Du Toit, 1991:52). Selfs die tugpraktyk van die NG Kerk word vandag nog tot 'n sekere maat deur die ou Nederlandse kollegiale stelsel (soos verwoord in die *Reglementenbundel* van 1816) beheers (Sadler in Du Toit, 1991:52).[47]

[47] Sedert 1998 het die totale tugreglement 'n radikale verandering ondergaan, sodoende by die praktyk van arbeidswetgewing aan te pas. Veral die wysiging van belangrike wetgewing, soos die Wet op Arbeidsverhoudinge (1995), die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997) en die Wet op Diensgelykheid (1998) was van deurslaggewende belang in hierdie verband (Hersiene Bestuursgids vir Diensverhoudinge in die NG Kerk, 2009:10).

#### 3.5.3.3. Funksioneringsgeskiedenis

Onder hierdie hoof vra Van de Beek (1992:63): “Is er sprake van jurisprudentie? Hoe heeft men in het verleden de regel toegepast?”

As voorbeeld in hierdie verband, wys Van de Beek (1992:63) op ’n ordereëling van die Nederlandse Hervormde Kerk, waarby aanwesige predikante uitgenooi word om deel te neem aan die handoplegging by die ordinering van ’n leraar. ’n Aanwesige predikant uit ’n bevriende buitelandse kerk mag nie hieraan deelneem nie, aangesien "aanwesige predikante" nog altyd in die verlede geïnterpreteer is as "Nederlands Hervormde predikante".

Met die fokus op die tuisfront, wys Du Toit (1991:53) op die Algemene Sinode van die NG Kerk, waar daar in 1990 ’n voorgestel gemaak is dat artikel 22 gewysig moet word[48]:

> "Die kommissie is van oordeel dat die laaste twee frases van die Artikel behoort te verval. Dit is vir misverstand vatbaar. Gestel dat ’n sinode (of selfs ’n ring of kerkraad) op ’n bepaalde moment moet besef dat daar nie meer ’n kworum teenwoordig is nie, dan kan bepaalde werk nie meer afgehandel word nie. In so ’n geval is dit ondenkbaar dat dit na die volgende meerdere vergadering verwys kan word."

Die voorstel was dat die artikel gewysig word, as volg:

> “In meerdere vergaderings word alleen die sake behandel wat daar tuishoort en wat nie in mindere vergaderings behartig kan word nie.”

Die Sinode het besluit om by die oorspronklike bewoording te hou, en geen verandering is aangebring nie[49]. Du Toit (1991:53) verduidelik dat in die bespreking hierom, is getoon dat die historiese woorde nog nooit vir enige misverstand vatbaar kon wees nie. Nog altyd is dit so verstaan dat die artikel juis daarvoor voorsiening maak, dat slegs die sake waarvan die omvang nie meer deur die mindere vergadering behartig kan word nie, by die meerdere vergadering behandel kan word.

Strauss (2010:24) bied ’n verdere voorbeeld, m.b.t. die funksioneringsgeskiedenis, nl. die NGK-KO (Artikel 10 van 2007)[50] bepaal dat ’n predikant geen ampspligte mag uitvoer binne

---

[48] Volgens Du Toit (1991:53) word daar in meerdere vergaderinge alleen dié sake behandel wat daar tuishoort, of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge, of wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.
[49] Selfs nie die vervanging van die woord "kon" met "kan" nie (Du Toit, 1991:53).
[50] Sien Bylaag 1 van hierdie studie.

die grense van ’n ander gemeente, sonder die nodige toestemming van daardie kerkraad nie. Die fokus hier is op die amptelike bediening van die Woord in eredienste, en nie op die herderlike besoeke aan eie siek lidmate, wat binne die grense van ’n ander gemeente verpleeg word nie. Laasgenoemde was dan ook nie die oorspronklike rede waarom die artikel aanvanklik by Dordt tot aansyn gebring is nie.

### 3.5.4. Strukturele hermeneutiek

> “…structurele hermeneutiek: welke betekenis heeft de regel binnen het geheel van de wetgeving? …Het komt overeen met ‘Schrift met Schrift vergelijken’ in de bijbelse hermeneutiek” (Van de Beek, 1992:63).

Volgens Van de Beek (bo; vgl. ook Du Toit, 1991:54; Strauss, 2010:24) verwoord hierdie hermeneutiek ’n vereiste vir die uitleg van ’n kerkorde, wat dan ook vir die Bybel geld: ‘Skrif moet met Skrif' vergelyk word. Van Dellen (aangehaal deur Du Toit, 1991:54) skryf in hierdie verband:

> "The Church Order and ecclesiastical decisions by no means stand on par. A Church Order is a group of ecclesiastical rules, mutually adopted, and binding for all the churches having so adopted these rules, i.e. for all the churches of the denomination concerned: whereas, ecclesiastical decisions are merely distinct applications of one or more of the general and basic rules of the Church Order."

Met die fokus op die NG Kerk, dui dit op ’n aanvaarding dat ’n KO homself nie sal weerspreek nie, dat artikels mekaar aanvul, asook artikels in ’n bepaalde volgorde werk- m.a.w. een artikel word in die lig van ’n ander uitgelê (Du Toit, 1991:54; Strauss, 2010:24).

Strauss (2010:24) wys in hierdie verband op die “kerklike status wat aan die kerkorde kleef”. Dit beteken dat ’n gereformeerde kerk ’n rangorde van normgewende dokumente erken, wat Strauss (2010:24) dan as volg skets:

> "Hoogste in rang is die Bybel wat as gegewe Woord van God aanvaar word. Onder die Woord en hersienbaar in die lig van die Skrif is die kerklike belydenisse. Gebonde aan die norme uit Skrif en belydenis is die kerkorde. In die vierde plek is daar die besluite van kerkvergaderings wat aan die eerste drie onderworpe is. Hierdie rangorde verklaar waarom die belydenisskrifte met 'n meer gewigtige meerderheid as die kerkorde goedgekeur moet word en die kerkorde met 'n groter meerderheid as die gewone besluite van die betrokke vergadering aanvaar word."

Struktureel gewys- beteken dit dat die kerkorde dus op nommer 3 in hierdie rangorde voorkom.

Ten opsigte van kerkregtelike sake wat in die NG Kerk voorkom, en die volgorde waarin hul gewerk word, lys Du Toit (1991:54-55) die volgende (na aanleiding van gewig):

i. **Die *Kerkorde artikels-*** soos bepaal deur die Algemene Sinode. Verandering hieraan kan slegs geskied met 'n tweederde meerderheidstem.

ii. **Die *Reglemente van die Algemene Sinode-*** *'n* gewone meerderheidstem is voldoende vir wysiging.

iii. **Die *Bepalinge van die onderskeie sinodes***- volgens Du Toit (1991:54) is elkeen "'n eie weerkaatsing van die Kerkorde-artikels". Hierdie Bepalinge moet saam met die direk voorafgaande artikels van die KO gelees word. Du Toit (1991:54) wys daarop dat heelparty besluite deur die Algemene Sinode, wat vir die praktyk bedoel is, in hierdie Bepalinge opgeneem is.

iv. ***Reglemente en Vorms*** "wat weer hulp bied met die uitvoering van die Bepalinge in die praktyk" (Lubbe aangehaal in Du Toit, 1991:54).

Dit is nie altyd moontlik om die belang van elke artikel, bepaling en reglement volgens hierdie lys te meet nie. Du Toit (1991:55) verduidelik dat die Tugreglement asook ander reglemente van die Algemene Sinode, soms hoër geag word as die artikels. Ook is daar die gevaar van verwarring, met dié dat die artikels deur 'n groot aantal reglementsbepalinge aangevul word.

### 3.5.5. Literêre hermeneutiek

Bondig verduidelik Koffeman (2009:95):

> "De literaire hermeneutiek focust op de tekst zelf, tot op de exacte betekenis van de daarin gebruikte woorden."

Strauss (2010:25) bied 'n meer volledige, inhoudelike betekenis van hierdie hermeneutiese metode, wanneer hy skryf:

> "Hierdie aspek by die uitlê van 'n kerkorde het te make met die betekenis van woorde in die verband waarin dit voorkom asook tipies kerklike woorde wat hoofsaaklik in die kerk gebruik word en hier 'n sekere betekenis ontwikkel het. Hierby moet die impak van die leestekens ook erken word."

Ook Du Toit (1991:55) voeg hom hierby wanneer hy die leser attent maak, dat gewone leestekens nie sonder spesifieke rede op bepaalde plekke geplaas word nie. Daar is woorde, asook uitdrukkings, wat benewens hul taalkundige betekenis ook histories, 'n bepaalde geyktheid verkry het. In hierdie verband wys Du Toit (1991:55; vgl. ook Strauss, 2010:25) op die volgende voorbeelde:

> "kuratorium (artikel 5); colloquium doctum (5); konsulent (7); approbasie (8); akte van demissie (8); kerklike sake op kerklike wyse (21); ontstentenis (28); kerkvisitasie (31); moderator, assessor, aktuarius (39); nie-gekerstendes (53); soewerein in eie kring (67); gedifferensieerde samelewing (68)."

Laastens moet daar kennis geneem word, dat die taalkundige hermeneutiek saamhang met die teleologiese, sistematiese, historiese en strukturele hermeneutiek. In hierdie verband merk Strauss (2010:25): "Die vereistes by die uitleg van 'n kerkorde kan van mekaar onderskei, maar nie geïsoleer word nie."

## 3.6. Rasionaliteit van die regspraak

In sy bespreking omtrent die rasionaliteit van die regspraak, beklemtoon Van de Beek (1992:64) die verhouding tussen die kerkorde en die gemeentelewe:

> "...uiteindelijk is, het kerkrecht er niet voor de kerkelijke rechters, maar als regel voor het kerkelijke sameleven. Het kerkrecht dient voor de ordening van het leven van gemeenten en ambtelijke vergaderingen. Het verschaft hun rechtszekerheid en daarom veiligheid in hun beslissen en handelen."

Van de Beek (1992:65; vgl. ook Du Toit, 1991:56) vind in hierdie verband- moet die gelowiges weet wat hul kan verwag "en daarom moet de rechtspraak ook inzichtelijk zijn." Juis hiervoor word die konsep *rasionaliteit* deur die regswetenskap gebruik. Rasionaliteit, volgens Van de Beek (1992:65; sien ook Du Toit, 1991:56), beteken dat "men moet de redelijkheid van de toepassing van het recht aantonen."

Omtrent die rasionaliteit as *eksterne faktor*, skryf Strauss (2010:25) dat die opvatting in 'n heersende samelewingsklimaat een van redelikheid en billikheid moet wees- veral by die rasionaliteit van kerkordebepalings en die uitsprake van kerkvergaderinge in tugsake. In 'n poging om "kerkordelike sekerheid" onder gelowiges te versterk, merk Strauss (2010:25)-

> "...moet daar 'n kerkordelike tradisie gebou word waarin gewaak word teen 'n eng letterlike interpretasie of reël-terwille-van-die-reël-benadering wat die doel van die kerkorde binne sy kerklike konteks verydel ...Dit beteken dat redelikheid en billikheid van 'buite af' met die uitleg van die kerkorde geïnterpreteer word en die gesonde oordeel al dan nie van die uitleggers openbaar."

Die rasionaliteit van die reg is eweveel belangrik in kerke met 'n eenvoudige, asook komplekse kerkorde. Van de Beek (1992:65) gebruik die Dordtse en Rooms-Katolieke Kerkorde as voorbeeld, wanneer hy argumenteer:

> "Waar gewerkt wordt met de Dordtse kerkorde zal zich veel vaker een situatie voordoen waarin men op grond van redelijkheid en rechtsgevoel moet oordelen, dan in een kerk met een zeer gedetailleerde kerkorde zoals de Hervormde of de Rooms-Katholieke Kerk. Toch ontkomt geen kerk, net zo min als enige burgerlijke rechtspraak, aan het zoeken naar rationaliteit."

Die vermoede mag bestaan dat 'n kerk met 'n eenvoudige kerkorde, meer vryheid het in die kerklike regspraak. Volgens Van de Beek (1992:65; sien ook Du Toit, 1991:56) is dit egter net ten dele waar:

> "Juist daar waar de formele rechtsregel ontbreekt, is een uiterste zorgvuldigheid geboden om het rechtsgevoel niet te kwetsen en daardoor de rechtszekerheid voor de toekomst geen schade toe te brengen."

Nog steeds bestaan die vraag of die beslissing regverdig is. In hierdie verband meld Van de Beek (1992:65-66; sien ook Du Toit, 1991:56-57) die volgende metodes:

**i.*Analise van die situasie***

Dit is veral van belang waar daar 'n reël bestaan wat toepaslik lyk. Tog moet daar gevra word of die reël wel vir die spesifieke situasie bedoel is.

**ii. *Die beginsel van analogie***

Daar bestaan 'n regsreël vir analogiese situasies. Die analogie kan ook betrekking hê op vroeëre beslissings.

**iii. *Afwesigheid van analogie***

Wanneer daar geen eksplisiete analogie is nie, kan 'n beroep gedoen word op die algemene gevoel van billikheid en reg.

Laastens- t.o.v. die rasionaliteit van die regspraak, oortuig Van de Beek (1992:66; sien ook Du Toit, 1991:57) dat dit belangrik is vir die gelowiges, om te besef dat daar aan hulle geen onreg gedoen word nie. Indien hulle volgens die beginsels van die gebruiklike hermeneutiek van die kerkreg leef, sou hulle juridies *korrek* leef, asook hul regsekerheid op die wyse waarborg.

## 3.7. <u>Rasionaliteit van die wet</u>

Volgens Van de Beek (1992:66) kom dit al hoe meer in die regspraak voor, dat die interpretasie van 'n wet 'n gewig verkry, teenoor die positiewe regsreël. Hy (Van de Beek, 1992:66-68; sien ook Du Toit, 1991:57) meen dit is moontlik dat daar 'n situasie in kerke mag ontstaan, waarby "wetgeving achterblijven bij de theologische ontwikkelingen". Dus kan die

rasionaliteit van die regspraak of die betrokke ordereëls, agterraak met die ontwikkeling op ’n bepaalde gebied.

Die vraag is dus- wát moet gebeur as daar by die lees van die kerkorde nie met ’n ordereëling saamgestem word nie. Van de Beek (1992:67-68; sien ook Du Toit, 1991:57-58) antwoord aan die hand van ’n voorbeeld: *kinders se deelname aan die Nagmaal*. Met die fokus op die praktyk van die kerklike orde- ten spyte van ’n reëling wat kinders tot die Nagmaal verbied, sou ’n interpretasie wat dit wel oorloof, voorrang geniet bo die geskrewe ordereëling. Die deelname van kinders tot die Nagmaal mag dan wel as onwettig beskou word, maar nie as onreg nie.

Du Toit (1991:58) wys op Praamsma in hierdie verband, wanneer hy verklaar dat op kerklike gebied-

> “...wordt bij de Geref Kerken niet voorgeschreven een strenge, slaafsche, letterlijke opvatting van alle bepalingen. In die Geref Kerken is de mogelijkheid opengelaten dat men nu en dan, hier en daar, eenigzins daar-van afwijkt.”

Maar dit beteken ook nie dat ’n artikel van die Kerkorde, sonder enige bedenkinge tersyde gestel kan word nie:

> “These rules have been adopted to build the churches, not to break them down. Discretion and consideration must always be used... If in any particular situation the observance of the Church Order is a physical impossibility, or would clearly create harm and disorder, a consistory of classis is free to suspend the rule for that instant, if at least the article in question does not concern a definite principle of Holy Writ” (Van Dellen aangehaal deur Du Toit, 1991:58).

Ook Voetius erken die reg om van die kerkorde af te wyk- op voorwaarde dat dit aan die volgende vereistes voldoen (in Du Toit, 1991:58):

i. Die doel van die afwyking moet steeds in belang van die kerk wees.
ii. Die afwyking moet as sodanig erken word.
iii. Die meerdere vergadering moet beoordeel of die afwyking geoorloof was.

Du Toit (1991:58) meen ’n vierde voorwaarde sou hierby gevoeg kon word: *dit mag nie ’n presedent vir ’n verdere afwyking skep nie*.

Dit wil dus blyk asof daar nie iets soos ’n eenvoudige oplossing bestaan, vir die spanning wat wel mag ontstaan, tussen die kerkorde en die gemeentelike praktyk nie.

### 3.8. ’n Hermeneutiese netwerk

Na aanleiding van die verskeie hermeneutiese metodes, blyk dit dat daar ’n ingewikkelde samespel aanwesig is by die kerkreg, tussen-

i. die kerk (wat in ’n bepaalde rigting groei),
ii. die kerkordelike reëls (met ’n eie geskiedenis en deel uitmaak van ’n bepaalde maatskaplike konstellasie), en
iii. die Skrif (wat op beurt in allerlei situasies ontstaan het).

In hierdie komplekse geheel moet die kerkregtelike beslissing dan ook plaasvind.

Volgens Van de Beek (1992:70) bestaan daar allerlei hermeneutiese sirkels, wat met mekaar verband hou en sáám ’n hermeneutiese netwerk vorm:

> “Slechts in het telkens weer doorlopen van alle hermeneutische cirkels doet mën de complexe werkelijkheid recht en kan men recht doen in de complexe werklijkheid… In een structuur wegen bepaalde elementen zwaarder dan andere. Het leren afwegen van het gewicht van de elementen is buitengewoon belangrijk. Om niet eindeloos elke beslissingsprocedure helemaal niew te moeten doorlopen, zijn er bepaalde regels die generaal voor beslissingen kunnen gelden. Deze moeten als door de gemeenschap geijkte regels zwaar wegen, maar zijn in een hermeneutische structuur nooit absoluut.”

Daar bestaan nuwe besinning omtrent die Skrif, nuwe ontwikkelinge in die kerk en maatskappy, en daar is gewoonte-vorming in die gemeente. Dus wil dit voorkom asof nie elke reël van die kerkorde, dieselfde gewig dra nie. Mens moet jouself afvra hoe dit gewoonlik hanteer word- soos byvoorbeeld met kinders en die Nagmaal. By sommige reëls, meen Van de Beek (1992:71), moet mens streng hou- byvoorbeeld die wyse waarop

ampsdraers verkies word. Ander reëls het meer van ’n raadgewende karakter, wat ten doel het om te oriënteer- soos die reël oor die *censura morum* (Van de Beek, 1992:71).

Van de Beek (1992:71) pleit vir kritiese teologiese besinning in die funksioneringsproses van die kerk, want-

> “In de vormgeving van de kerk is zij niet willekeurig overgeleverd aan het spel van krachten van maatschappij en geschiedenis. Zij weet zich gevormd door het evangelie en wil zich er door laten vormen.”

Daarby is die teologie ook onderhewig aan hierdie hermeneutiese sirkels- in gesprek met die Skrif, die tradisie en die konkrete kerklike en maatskaplike situasie. “Kerkreg is daarby die teologiese wetenskap wat in die kompleksiteit van die teologiese gebeure in die besonder aandag gee aan die funksie van die vasgestelde regsreëls, in samehang met die geheel van die evangelie, waarvan die kerk self deel is” (Van de Beek, 1992:71).

Ten slotte oor die hermeneutiese netwerk, skryf Van de Beek (1992:71):

> “Er is dus niet een simpel schriftberoep mogelijk in het kerkrecht... Alleen in de totale samenhang van de kerkelijke werkelijkheid is de contingente beslissing te nemen, die zelf vervolgens medebepalend wordt voor de samenhang: zij hoort voortaan bij de rechtsgeschiedenis.”

### 3.9. Samevatting

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die kerkorde, net soos die Bybel en alle regstekste, onderhewig is aan hermeneutiese reëls, wanneer dit kom by die uitleg daarvan. Soos wat Bybel- en regstekste nie na willekeur uitgelê kan word nie, moet die kerkorde binne verband verstaan word.

Verder blyk dit duidelik dat daar sowel raakpunte, as verskille bestaan tussen die teologiese- en regshermeneutiek. Ten spyte van die verskille, is daar genoegsame gemeenskaplike grond tussen die teologie en die regswetenskap (sover dit hermeneutiese kwessies betref) om meer aandag aan hierdie raakpunte te bestee.

Beide die teologie en die regswetenskap, toon ’n belangstelling in die hermeneutiese problematiek. Beide die teologiese en regshermeneutiek, is nie geïsoleerde dissiplines nie- maar maak ’n inherente deel uit van ’n algemene hermeneutiek vir die geesteswetenskappe. Kerkregtelike tekste is dus onderhewig aan dieselfde hermeneutiese prosesse, as ander regstekste.

Die vraag aan die begin van hoofstuk 3 was- óf die hermeneutiek van die kerkreg ’n eiesoortige karakter toon t.o.v. ander reg? Vanuit die bespreking blyk dit duidelik- die hermeneutiek van die kerkreg toon slegs ’n eie karakter, vir sover dit rekenskap hou met die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Regstekste moet gelees word teen die agtergrond van die gemeenskap, wat dit gesanksioneer het. Regstekste is dus nooit individuele tekste nie, maar eerder kollektiewe tekste- en vanweë die besondere eienskappe van ’n regstekste- is die hermeneutiek van die reg- *’n komplekse saak*, meer as ander tekste. Die kerk se reg verskil dus van die reg in ander gemeenskappe, maar dit geld vir elke onderlinge gemeenskap. Elke regshermeneutiek moet reg laat geskied, aan die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Die eie aard van die Christelike gemeente, hou ook formele konsekwensies in vir die hermeneutiek van die kerkreg.

Elke ordereël in ’n kerkorde, én in die geheel van die kerklike orde, behoort op só ’n wyse gelees te word, dat die unieke aard van die kerk se reg, tot haar reg kan kom. Die regte lees en gebruik van ’n kerkorde, beteken dat dit binne die bakens van God se orde vir Sy kerk moet plaasvind. Dit veronderstel ’n teologiese verantwoorde lees en gebruik, waarin die unieke aard van die kerk as Gods volk, en die unieke reg van God vir hierdie volk, steeds die vertrekpunt en einddoel sal wees. Dit beteken- Jesus Christus se alleenheerskappy deur Sy Woord en Gees en die dienste.

Verder veronderstel ’n teologiese lees en gebruik van die kerkorde, verskeie hulpmiddels wat tot diens van die interpreteerder kan wees- soos die literêre, strukturele, historiese en sistematiese hermeneutiek, asook die rasionaliteit van die regspraak en rasionaliteit van die wet. Na aanleiding van die verskeie hermeneutiese metodes, blyk dit dat daar ’n ingewikkelde samespel aanwesig is by die kerkreg, tussen-

i. die kerk (wat in ’n bepaalde rigting groei),

ii. die kerkordelike reëls (met ’n eie geskiedenis en deel uitmaak van ’n bepaalde maatskaplike konstellasie) en
iii. die Skrif (wat op beurt in allerlei situasies ontstaan het).

Gevolglik is daar nie alleen die hermeneutiese sirkel, tussen die teks van die wet en die hedendaagse situasie nie, maar is beide ook in ’n hermeneutiese relasie [gebracht], met die Bybel, sowel vir die “vigerende recht”, as die situasie van die nou kritiese instansie.

**HOOFSTUK 4**

**HERMENEUTIEK VAN DIE KERKREG: EIESOORTIG?**

## 4.1. Inleiding

In sy boek, *Kerk en orde vandag* (2010), staan Strauss 'n hoofstuk af aan die tema: *uitleg van 'n kerkorde*, met die titel- *Die uitleg van 'n kerkorde: 'n Eie wetenskap?* Na my mening verklap hierdie titel iets van 'n bekommernis by Strauss- as daar gelet word op die vraagvorm waarin hy dit stel, asook sy verwysing na die regbank in die begin van die hoofstuk. Myns insiens is dit 'n grondige bekommernis, en tereg kan daar vandag gevra word *óf die uitleg van 'n kerkorde, werklik 'n eie wetenskap is?*

In die lig van die feit dat die regbank (soos die kerkreg), gebruik maak van die hermeneutiek vir die uitleg van tekste, asook die feit dat kerkregtelike tekste onderhewig is aan dieselfde hermeneutiese proses as regstekste, stel hierdie tesis met juiste rede die vraag- óf die hermeneutiek van die kerkreg 'n eiesoortige karakter toon t.o.v. ander reg. Hierdie vraag is dan ook 'n kritiese een, aangesien die kerkorde nie geskep is om deur die regbank beoordeel te word nie, en hierdie beoordeling wel geskied- meestal ten koste van die kerk!
Verder word gevra hoe so 'n eiesoortige hermeneutiese karakter by die kerkreg bewys kan word, indien dit wel bestaan.

In hierdie hoofstuk word 'n beoordeling aangebied van die tese, wat deur die loop van die studie aan die hand van die doelwitstelling (1.3.2.) getoets is. Met die oog op die beoordeling daarvan word die tese eers weergegee:

***Die hermeneutiek van die kerkreg is eiesoortig ten opsigte van ander reg, vir sover dit rekenskap hou met die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Hierdie eiesoortige karakter kan bewys word, deur eerstens te vra of kerk en reg bestaanbaar is, en tweedens deur die eiesoortige karakter van die kerk se reg vas te stel.***

Die tese word vervolgens aan die hand van 'n netwerk vrae, soos genoem in die doelwit van die studie (1.3.2.), ondersoek. Hoofstuk 1 van hierdie studie stel die doelwit as volg-

***Om ’n teologies-kerkregtelike ondersoek te loods na die vraag of die hermeneutiek van die kerkreg eiesoortig is ten opsigte van ander reg, asook hoe so ’n eiesoortige karakter bewys kan word. In die gang van die studie het die volgende netwerk van vrae aandag geniet:***

i. Het kerkreg ’n reg van bestaan in die kerk? M.a.w. is kerkreg moontlik?
ii. Kan kerkreg inderdaad as behorende tot reg in eie sin beskou word?
iii. Is daar ’n reg vír die kerk, wat in die reg ín die kerk tot uitdrukking moet kom?
iv. Waaruit bestaan die eiesoortigheid van die kerk se reg?
v. Is die hermeneutiek van die kerkreg eiesoortig t.o.v. ander reg?
vi. Hoe kan ’n eiesoortige hermeneutiese karakter by die kerkreg bewys word?

## 4.2. Beoordeling van die hipotese

Aan die hand van die studie en die bevindinge, kan daar onomwonde gesê word dat- **(i) *kerk en reg wel saam kan bestaan***, asook dat **(ii) *kerkreg inderdaad beskou kan word as behorende tot reg in eie sin***.

Die standpunte van Rudolph Sohm en Emil Brunner (asook ander wat soos hulle in die verlede gedink het) se reaksie was teen ’n kerk, wat nie meer vanuit haar mees basiese vertrekpunte oor kerkorde gedink en geleef het nie- ’n kerk wat nie meer in ’n lewende, Geestelike gemeenskap met die Here van die kerk, soos deur die Skrif betuig, verkeer het nie. Die gevolg hiervan was uiteindelik ’n wanorde, omdat die kerk uitgelewer is aan magte wat radikaal in stryd was met haar wese en opdrag, as kerk.

Binne die Gereformeerde teologie, blyk dit dat kerk en reg nie in ’n spanningsverhouding tot mekaar staan nie, maar dat die reg die opbou van die gemeente dien, asook dat dit ’n middel tot ’n doel is- om Christus se regering in Sy kerk te dien. In hierdie verband was die standpunte van Johannes Calvyn, Gijsbertus Voetius en H. Bouwman deurslaggewend.

Ook is dit duidelik dat die bestaansreg van kerk en reg, nie alleen van belang is vir die vakwetenskap kerkreg nie, maar het ook verreikende gevolge vir die praktyk van kerkregering. Wie die wese van die kerk en die reg in die kerk skei, kan in ’n kerklike docetisme verval, kan orde slegs in terme van die burgerreg beskou, of van die

veronderstelling uitgaan, dat kerklike probleme slegs opgelos kan word met regsmetodes wat analoog is aan ander vorme van die reg, en wat vreemd is aan die regering van die kerk.

Beoordeel vanuit ’n Gereformeerde perspektief, blyk dit duidelik dat kerk en reg saam kan bestaan en nie ’n *contradictio in terminis* nie. Die kerk se reg kan as behorend tot reg in eie sin beskou word, aangesien die reg die gestalte van die genade is (teenoor die opvatting van Sohm dat reg en genade mekaar uitsluit). Die feit dat kerkreg wel moontlik is, beteken dat daar gevra kan word na die unieke karakter daarvan.

Nie net kwalifiseer die laasgenoemde punte die studie *in toto* nie, maar dit kwalifiseer en baan die weg vir die volgende tema in lyn met die tese- die eiesoortigheid, oftewel unieke karakter van die kerk se reg. In die laasgenoemde verband, kan daar aan die hand van die studie en die bevindinge, instemmend geantwoord word dat **(iii)** ***daar ’n reg vír die kerk is, wat in die reg ín die kerk tot uitdrukking moet kom***, asook dat **(iv)** ***die eiesoortigheid van die kerk se reg, aan bepaalde elemente geken kan word.***

Hoewel daar nie eenstemmigheid bestaan omtrent die “waarin” die eiesoortigheid van die kerk se reg gewortel is nie, blyk dit duidelik dat elkeen van die vertrekpunte wat ondersteuning geniet, tog tot dieselfde konklusie kom- die kerkreg is wel ’n eiesoortige reg (*ius sui generis*), wat in en vir die kerk as eiesoortige gemeenskap beoefen word.

Die argument van die tesis is dat die kerk die objek van die reg is (Van Drimmelen), dat die unieke karakter van haar reg duidelik blyk uit die geloofsgemeenskap, wat die “maaksel” van God is (Coertzen), wat haar laat regeer deur Christus, haar Heer en Koning. Terselfdertyd word die Ekklesiologie as onderbou erken (Dingemans), nie slegs as die kerklike hoofstruktuur nie, maar ook as die wyse waarop die reg gehandhaaf moet word, insluitend die wyse van regsbeskerming in die kerkreg (Strauss). Hoewel die *Biblische Weisung* voorgestel word as primêre rede vir ’n unieke karakter (Plomp), sal dit nie die vertrekpunt van hierdie studie wees nie. Daar word wel erken dat Christus sy kerk regeer deur sy Woord en Gees. Die Woord waarin God se reg vir Sy kerk gehoor word.

Die laaste twee vrae in die doelwitstelling (1.3.2.) staan sentraal tot die hipotese van die studie. Die eerste van die twee is bepalend vir die laaste:

**(v)** ***Is die hermeneutiek van die kerkreg eiesoortig t.o.v. ander reg?***

**(vi)** ***Hoe kan 'n eiesoortige hermeneutiese karakter by die kerkreg bewys word?***

Die kerkorde, soos die Bybel en alle regstekste, is onderhewig aan hermeneutiese reëls, wanneer dit kom by die uitleg daarvan. Soos wat Bybel- en regstekste nie na willekeur uitgelê kan word nie, moet die kerkorde binne verband verstaan word. Beide die teologiese en regshermeneutiek is nie geïsoleerde dissiplines nie, maar maak 'n inherente deel uit van 'n algemene hermeneutiek vir die geesteswetenskappe. Kerkregtelike tekste is dus onderhewig aan dieselfde hermeneutiese prosesse as ander regstekste.

Regstekste moet gelees word teen die agtergrond van die gemeenskap, wat dit gesanksioneer het. 'n Regsteks is dus nooit 'n individuele teks nie, maar is eerder 'n kollektiewe teks- en vanweë die besondere eienskappe van regstekste- is die hermeneutiek van die reg- *'n komplekse saak*, meer as ander tekste. Die kerk se reg verskil dus van die reg in ander gemeenskappe, maar dit geld vir elke onderlinge gemeenskap. Elke regshermeneutiek moet reg laat geskied aan die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Die eie aard van die Christelike gemeente hou ook formele konsekwensies in vir die hermeneutiek van die kerkreg. Dus **(v)** ***toon die*** **hermeneutiek van die kerkreg slegs 'n eie karakter, vir sover dit rekenskap hou met die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer**.

Elke ordereël in 'n kerkorde, én in die geheel van die kerklike orde, behoort op só 'n wyse gelees te word, dat die unieke aard van die kerk se reg, tot haar reg kan kom. Die regte lees en gebruik van 'n kerkorde beteken dat dit binne die bakens van God se orde vir Sy kerk moet plaasvind. Dit veronderstel 'n teologiese, verantwoorde lees en gebruik, waarin die unieke aard van die kerk as Gods volk, en die unieke reg van God vir hierdie volk, steeds die vertrekpunt en einddoel sal wees. Dit beteken- Jesus Christus se alleenheerskappy deur Sy Woord en Gees en die dienste.

Gevolglik is daar nie alleen die hermeneutiese sirkel tussen die teks van die wet, en die hedendaagse situasie nie, maar is beide ook in 'n hermeneutiese relasie *gebracht* met die Bybel, sowel vir die "vigerende recht", as die situasie van die nou kritiese instansie. Daar is 'n ingewikkelde samespel aanwesig by die kerkreg, tussen-

i. die kerk (wat in ’n bepaalde rigting groei),
ii. die kerkordelike reëls (met ’n eie geskiedenis en deel uitmaak van ’n bepaalde maatskaplike konstellasie) en
iii. die Skrif (wat op beurt in allerlei situasies ontstaan het).

Die laaste vraag in die doelwitstelling staan nie slegs sentraal tot die hipotese van die studie nie, maar hou direk verband met die eerste vier vrae van die doelwitstelling. Aangesien die eerste vier vrae reeds beantwoord is, bring dit ons vlak voor ’n kritiese beslissing- die bewys en bevestiging van die hipotese:

### 4.3. Finale gevolgtrekking

Uit die voorafgaande doelwitstelling is dit duidelik dat elkeen van die vrae ’n bepaalde tema aanraak, wat direk verband hou met die eind-resulterende validasie van die tese. Nadat elke vraag kritiese ondersoek en beoordeel is, blyk dit duidelik-

***Die hermeneutiek van die kerkreg is eiesoortig, ten opsigte van ander reg, vir sover dit rekenskap hou met die eie aard van die gemeenskap waarin dit funksioneer. Hierdie eiesoortige karakter kan bewys word deur eerstens te vra, of kerk en reg bestaanbaar is, en tweedens deur die eiesoortige karakter van die kerk se reg vas te stel.***

Op grond hiervan kom die studie tot ’n finale gevolgtrekking: In die geval van ’n *hermeneutiese pluralisme*, asook ’n *meta-kritiese status van sake* (dus die saak rakende ’n multidissiplinêre hermeneutiek, soos in die geval van hierdie studie), is ’n *algemene hermeneutiek* vir die geesteswetenskappe van groot nut; veral wanneer gemene uitlegmetodes ter sprake is (soos te sien by die teologie en die regswetenskap). Beoordeel teen hierdie agtergrond, blyk dit duidelik: Wanneer die regbank die kerkorde uitlê en interpreteer, moet dit geskied met die wete dat die kerk se reg oor ’n unieke karakter beskik, met eiesoortige elemente wat dit onderskei van ander reg.

**BIBLIOGRAFIE**

## 1. Boeke, tydskrifartikels en kerk-dokumente


Bakker, W.

-1992a. Wat is kerkrecht? In Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen: Kok, 13-19.

-1992b. Geschiedenis van de wetenschap van het kerkrecht. In Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen: Kok, 20-31.

Botha, C. 2005. Wetsuitleg: 'n Inleiding vir studente. Kaapstad: Juta en Kie, BPK.

Botha, S.J.

-1993. Die heil, gehoorsaamheid, struktuur en kerkreg. Universiteit van Pretoria: *Professorale intreerede, 16 Junie 1993, 1-27*.

-2002. Die belangrikheid van kerkgeskiedenis en kerkreg in die teologiese opleiding en vorming van studente. *HTS 58(4), 1707-1727.*

Bouwman, H. 1970. Gereformeerde Kerkrecht. Eerste deel. Kampen: JH Kok.

Celliers, A. & Strauss, P.J. 2004. Skrif en kerkorde. *Acta Theologica (2004:2), 1-22.*

Coertzen, P.

-1991. Gepas en ordelik: 'n Teologiese verantwoording van orde vir en in die kerk. Pretoria: RGN-Uitgewers.

-1993. Wetenskaplike metodologie en kerkregering. *In die Skriflig, 27(2), 231-246.*

-2001.The Position of Churches in South-Africa under a New Constitution. In Warnink, H., *ed*. Legal Position of Churches and Church Autonomy. Belgium: Uitgeverij Peeters. p. 37-53.

-2002. 350 Jaar Gereformeerd 1652-2002. Kerkreg en kerkregering in die NG Kerk gedurende die afgelope dekades. *In NGTT Deel 43, nr 3 & 4, Sep & Des 2002.*

Coetzee, J.C. *et al*. 1980. Die hermeneuse van die skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke*. In die Skriflig, 14(Je), 12-26.*

Currie, I. & De Waal, J. 2005. The Bill of Rights Handbook. Lansdowne: Juta & Co, Ltd.

D'Aubigné, J.M. 2009. The Reformation in Europe in the time of Calvin. Volume 7. Weston Rhyn: Quinta Press.

Dingemans, G.D.J. 1992. Kerkorde als ecclesiologische vormgeving. In Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen: Kok, 215-228.

Du Plessis, J.V. & Deacon, H.J. 2007. Die Predikant: Dienaar van God of net 'n Gewone Werknemer? *Acta Theologica 2007(2), 63-91*.

Du Plessis, L. 1999. Inleiding tot die reg. Kenwyn: Juta en Kie.

Du Plessis, L.M. & Du Plessis, A.G. 1995. Inleiding tot die reg. Kenwyn: Juta en Kie.

Du Toit, P.R. 1991. Die uitleg van 'n kerkorde. In Strauss, P.J. (red). Byderwets en Gereformeerd. Bloemfontein: Pro Rege, 46-64.

Geldenhuys, F.E. o'B. 1951. Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode: Onder die Gereformeerde stelsel van Kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika. Proefskrif. Pretoria: J.L. Van Schaik, BPK.

Grönum, N. & Janse van Rensburg, F.J. 2004. Die gereformeerde Skrifbeskouing en die verrekening van die sosiohistoriese konteks in die eksegeseproses. *In die Skriflig 38(4), 579-592*.

Jonker, W.D. 1965. Om die regering van Christus in sy kerk. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Keet, B.B. 1963. Orde in die kerk: Handleiding vir Ouderlinge, Diakens en Lidmate. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Kleyn, D. & Viljoen, F. 2002. Beginnersgids vir regstudente. Lansdowne: JUTA Law.

Kleynhans, E.P.J.
-1982. Gereformeerde Kerkreg. Deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
-1991. Vereistes vir 'n kerkorde. In Strauss, P.J. (red). Byderwets en Gereformeerd. Bloemfontein: Pro Rege, 35-45.

Koffeman, J.L. 2009. Het goed recht van de kerk: Een theologische inleiding op het kerkrecht. Kampen: Uitgeverij Kok.

Lategan, B.C. 1980. Die uitleg van wetgewing in hermeneutiese perspektief. *TZAR* 107.

Lowrie, W. 1904. The Church and its Organization in Primitive and Catholic Times: An interpretation of Rudolph Sohm's *Kirchenrecht*. London: Longmans, Green, and CO.

Mueller-Vollmer, K. 1986. Language, mind, and artifact: An outline of hermeneutic theory since the Enlightenment. In Mueller-Vollmer, K. (ed). The hermeneutics reader. Oxford: Basil Blackwell Ltd, 1-53.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2007. Die Kerkorde. Wellington: Bybelmedia.

Plomp, J. 1992. Kerk en recht. In Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen: Kok, 32-42.

Pont, A.D. 1981. Die historiese agtergrond van ons kerklike reg. Deel 1. Pretoria: Haum Uitgewery.

Sadler, T.H.N.
-1979. Die kerklike tughandeling. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
-1989. Die verjuridisering van ons kerkreg. In Du Rand, J.A. en Kellerman, J.S. Diensknegte van die Koning. Bloemfontein: Pro Christo, 137-145.

Smit, C.J.
-1984. God se orde vir sy kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
-2008. Sleutels vir die toepassing van die kerkorde. *In die Skriflig, 42(4), 603-612*.
-2010. Calvin's view on church governance. *In die Skriflig, 44(3), 181-196*.

Smit, J. & Du Plooy, A. le R. 2008. Reëlings van die Gereformeerde predikant se diens – 'n arbeidsregtelike of interne kerklike aangeleentheid? *In die Skriflig, 42(1), 51-74*.

Spoelstra, B. 1981. Calvyn se kerkreg en invloed op kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig, 15(S), 4-23*.

Steenkamp, N.J. & Van Aarde, A.G. 1991. Dekonstruksie en Bybelse hermeneutiek. *HTS 47(2), 473-486*.

Strauss, P.J.
-1991a. Vanwaar gereformeerde kerkregtelike beginsels? In: Strauss, P.J. (red). Byderwets en gereformeerd. Bloemfontein: Pro Rege, 23-34.
-1991b. Wat is Ekklesiologie en Kerkreg? In: Strauss, P.J. (red). Byderwets en gereformeerd. Bloemfontein: Pro Rege, 10-22.
-2003. Church and state authority in South Africa. *European Journal for Church and State Research, 10, 239-258*.
-2010. Kerk en orde vandag: Met die klem op die NG Kerk. Bloemfontein: Sun MeDIA.

Thiselton, A.C. 1992. New horizons in hermeneutics: The theory and practice of transforming biblical reading. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Ungerer, D. 2007. Die plek van die kerkreg en kerkregering in die nuwe konstitusionele bedeling. *HTS 48(3), 787-798.*

Van Aarde, A.G. 2004. Postmoderne epistemologie en post-koloniale hermeneutiek. *HTS 60(3), 1105-1125*.

Van't Spijker, W. 1992. De opvattingen van de reformatoren. In Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen: Kok, 86-103.

Van de Beek, A. 1992. Hermeneutiek van het kerkrecht. In Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen: Kok, 59-72.

Van der Ploeg, T.J. 2004. Kerk en recht; een juridische benadering. In Van Drimmelen, L.C. & Van der Ploeg, T.J. Kerk en recht. Utrecht: Uitgeverij LEMMA BV, 23-28.

Van der Walt, B.J.
-2008. Probleme rondom die Bybel in die gereformeerde teologie: besinning vanuit 'n Christelike filosofie. *In die Skriflig 42(4), 635-663*.
-2009. Probleme rondom die verklaring van die Bybel in die gereformeerde teologie: 'n Christelik-filosofiese besinning. *In die Skriflig 43(1), 1-29*.

Van Drimmelen, L.C.
-1992. Kerk en staat. In Van't Spijker, W. en Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen: Kok, 204-214.
-2004. Kerkrecht; een theologische benadering. In Van Drimmelen, L.C. & Van der Ploeg, T.J. Kerk en recht. Utrecht: Uitgeverij LEMMA BV, 15-21.

Van Wyk, B.J.
-1991. Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip. Pretoria: Kital.
-2007. Kerkreg? Die plek van kerkreg en kerkregering. *HTS 63(2), 787-803.*

## 2. Hofsake geraadpleeg

*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v KVBA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC).

*Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo) v Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika*, saaknommer 536/96, Die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika, Bloemfontein, 27 November 1998 (Ongepubliseerd).

*Penn v Simmonds* [1971] 3 All ER 237 (HL) (op 239 j).

*Schreuder v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit and other*. 1999 20 ILJ 1936 (LC).

*Strydom v Nederduitse Gereformeerde Gemeente Moreleta Park*, saaknommer 26926/05, Die Gelykheidshof van Suid-Afrika, Transvaal Provinsiale Divisie, 2008 (Ongepubliseerd).

*Swart en 'n Ander v Cape Fabrix (Pty) Ltd*. 1979 (1) SA 195 (A) op 202 C.

**BYLAAG 1**

**NG KERKORDE 2007**

**Die Kerkorde (Artikels 1-2 en 10)**

## Hoofstuk 1 *Die belydenis en orde van die kerk*

### Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe-ene-dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

### Artikel 2

2.1. Waar die woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor. 14:40), word in die volgende artikels ’n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en Belydenis.

2.2. Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergadering van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite.

2.3. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as Kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

### Artikel 10

’n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) uitoefen binne die grense van ’n ander gemeente, sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.